# DIE SKAAKTOWENAAR VAN GROOTBOS.

## Diere speel skaak!



Die voorblad is 'n prentjie van die toneel wat aan die begin van hoofstuk 27 beskryf word.

Louis Holtzhausen

ISBN | 978-1-991261-38-0

## VOORWOORD

Party mense glo mos diere kan nie skaak speel nie. As jý een van hulle is, hoor eers híérso…

Twee jong nuuskierige eekhorinkies kom onverwags af op veldwagters wat in die veld onder 'n boom sit en 'n bordspeletjie speel. Dáárdie dag het die eekhorinkies se lewensreis 'n heeltemal ander rigting ingeslaan. Dit was die begin van 'n opwindende en avontuurlike ervaring toe hulle die spel 'skaak' ontdek het.

Die eekhorinkies ontmoet 'n verkleurmannetjie met 'n verstommende kennis van skaak wat instem om hulle alles van die spel te vertel. Maar die verkleurmannetjie het 'n misterieuse verlede en is blykbaar 'n kroeker. So tussendeur hul ervaring om skaak van hom te leer, is die eekhorinkies ook gretig om uit te vind of hul leermeester regtig 'n skelm speler is. In die loop van hul ondersoek kruis hul paaie met gevaarlike renosterstropers – met groot risiko vir hul eie veiligheid.

Elkie en sy sussie, Ebie, se skaakwedervaringe lei tot vele opwindende, leersame – en dikwels komiese – interaksie tussen die diere; in die veld sowel as oor die skaakbord. Dit bereik 'n hoogtepunt toe hul kwalifiseer om aan die opwindende prestige Skaakkampioenskapstoernooi vir Diereskole deel te neem.

Die Skaaktowenaar van Grootbos is 'n lighartige en aksievolle goedvoelstorie waar diere te doene kry met die spel 'skaak'. Die storie is veral bedoel om die belangstelling van jong lesers vir die spel skaak aan te wakker – maar dit is eintlik 'n leesplesiertjie vir die hele gesin!

Die storie bied 'n volledige leeservaring, maar word ook ondersteun deur 'n onafhanklike webtuiste wat inleidende lesse oor skaak bied. Dit is bedoel as 'n bonus vir lesers wat deur die storie geïnspireer word om die vreugdes van skaak vir hulself te ontdek.

Lees gerus, en besluit dan maar vir jouself of jy steeds dink diere kan nie skaak speel nie!

# HOOFSTUK 1
## Die Land van Diere. Die Eekies.

Verafgeleë en uitgestrek, in die hart van die suide van die Afrika-kontinent, is 'n land van ongelooflike, ongerepte natuurskoon. Dit is die Land van Diere, onaangeraak en onontdek deur mense, waar diere ongehinderd in hul eie land woon.

Reg langs die Land van Diere is daar wel 'n dorpie waar mense woon, maar die inwoners van Mensedorp bewaar reeds vir eeue die geheim van die bestaan van hul buurland. Hulle rep nie 'n woord daaroor vir die res van die wye wêreld nie. Dit is om die ongeskonde natuurskoon van die Land van Diere te beskerm.

In die Land van Diere het die diere verskeie dorpies gevestig. Kameelperddorp, waar die kameelperde woon, se dorpie is gevestig waar die bome baie hoog is. Dit is sodat die kameelperde nie so laag hoef te buk om die sappige blare by te kom nie. Krokodildorp, weer, is gevestig al langs die rivier – waar die krokodille lekker kan swem en op die rivierwalle in die son lê en bak. Die bokke bly waar die gras groen en welig is – in Bokkedorp.

En so is al die diere se dorpies waar dit hulle die beste pas.

Ten spyte van die rustigheid en natuurskoon, is daar tog soms onmin in die dierewêreld, en nie sonder rede nie. Die bokke is ontevrede omdat die leeus se dorp, Leeudorp, langs Bokkedorp is. Die bokke pak gewoonlik op en trek weg na 'n veiliger plek, maar as hulle weer sien dan het die leeus al wéér reg langs hulle ingetrek! Hulle het al 'n paar keer van hul voorbokke gestuur om daaroor by die leeus te gaan kla, maar daardie bokke het om een of ander rede nooit teruggekom nie. Die bokke bly maar ongelukkig oor die stand van sake, maar het tog op die ou end teësinnig aanvaar dat die leeus graag naby hulle wil woon.

Nog een van die dorpies in die Land van Diere is Eekiesdorp. Dis hier waar die eekhorinkies – hulle noem mekaar 'eekies' – woon.

Een dag, aan die begin van die skoolvakansie, speel twee jong eekies vrolik en opgeruimd rondom hul boomhuisie. Hulle geniet hulself gate uit terwyl hulle flink ronddartel en hulle stertjies kwistig rondswaai.

Naby die boomhuisie is daar 'n pragtige welig uitgestrekte groen woud, bekend as ‘Die Grootbos van Afrika’.

Die eekies is Elkie en sy sussie, Ebie.

Elkie is 'n jong, frisgeboude eekhorinkieseun. Hy is hoofseun van Laerskool Eekiesdorp. Elkie hou daarvan om dinge rustig te deurdink en is 'n goeie planmaker. En hy is goed met judo ook.

Ebie is 'n grootoog, donkeroog eekhorinkiemeisie. Sy het pragtige bolwangetjies wat selfs ronder is wanneer sy glimlag en haar twee skitterwit voortandjies wys. Sy het 'n blink en sagte haredos. Te oulik! Ebie is spontaan en lewenslustig, en vriendelik met almal. Sy is baie lief vir gesels. Haar siening is om te sê wat in jou gedagtes opkom, sodra dit opkom; dis nie nodig om die ‘vooraf dinkery’ te oordoen nie! Maar Elkie het 'n probleem met daardie siening en wanneer die gepratery te veel raak vir hom, sal hy onderlangs mompel: “Dit sal gaaf wees as jy nou en dan net 'n bietjie míńńńder sal praat!” Ebie hou ook daarvan om rympies en liedjies op te maak, veral wanneer sy bly en opgewonde is!

Elkie glo sy sussie is baie slim, en hy is selfs trots daarop. Maar aangesien hy 'n hele veertien maande en tien dae ouer is as sy, meen hy ook beterweterig sy moet darem sy lewenservaring respekteer. En soms wanneer dit lyk of sy dit vergeet, herinner hy haar met graagte daaraan dat lewenservaring 'n gróót verskil maak.

Elkie en Ebie is goeie maats en speel graag saam. Elkie is gewoonlik manierlik teenoor sy sussie, selfs wanneer hy sy judo-

gooie op haar oefen. Hy verras haar nou en dan met 'n judogooi, veral wanneer hy sien dat sy dit glad nie verwag nie.

Elkie se gunsteling-judo-gooi is die een wat ‘ouchi-gari’ genoem word. Soms sal hy naby Ebie verbyloop en skielik 'n ‘ouchi-gari’ kreet gee – en dan is Ebie, neus eerste, op pad grond toe. Maar so 'n gawe boetie as wat hy is, vang hy haar weer net voor sy die grond tref en help haar sommer op ook. Dan stel hy haar ook altyd gerus en sê: “Onthou Sussie, ek bewys jou eintlik 'n guns, nè! Die rede waarom ek al hierdie moeite met jou doen is net om jou waaksaamheid en selfverdediging op te knap. En hoe minder jy dit verwag, hoe groter is die guns, natuurlik!”

Wanneer die eekies buite rondom hul boomhuisie speel, maak hulle dikwels 'n vinnige draai in Grootbos om van die heerlike vruggies en neute te eet. Hulle gaan gewoonlik nie té diep in die bos in nie, want Pa-eekie het hulle gewaarsku oor die gevare van die bos. “Veral aan die anderkant van Grootbos, daar na Renosterdorp se kant toe,” het Pa gesê.

Met verloop van tyd raak die eekies egter geleidelik al hoe minder versigtig. Hulle maak elke nou en dan hul draaie net so ‘n bietjie dieper die bos in. In hul agterkoppe wonder hulle of dit nou regtig nodig is om Pa se waarskuwing só ernstig op te neem. *Wat kan nou eintlik skeefloop?* wonder hulle.

Een gebeurtenisvolle dag dwaal die eekies juis al hoe verder en al hoe dieper Grootbos in – tot selfs aan die einde van die bos.

Toe hulle die einde van die bos bereik, kyk die eekies nuuskierig rond hoog vanuit die laaste ry bome. Voor hulle is daar 'n rivierstroompie wat rustig kabbel-kabbel. Aan die anderkant van die stroompie is die bos minder ruig – dis meer uitgestrekte grasveld, minder bome. Baie rustig en vreedsaam. Wat kan dan nou hier verkeerd gaan? wonder hulle weer.

# HOOFSTUK 2

## Wat gaan daar onder die boom aan?

Die eekies bewonder die asemrowende natuurskoon. Dan sien Elkie iets ongewoons – iets wat hy nog nóóit gesien het nie. Met sy vingertjie voor sy mond, beduie hy aan Ebie om stil te wees. Self kruip hy tjoepstil agter 'n groot tak weg.

“Wat is dit?” fluister Ebie nuuskierig. Elkie beduie stadig met sy voorpootjie in die rigting van 'n boom oorkant die rivierstroompie. Nou sien Ebie dit ook. *O jinne, wat gaan daar onder die boom aan?* wonder die eekies.

Na 'n rukkie verhelder Elkie se eekie-gesiggie en hy fluister opgewonde: “Ek dink ek weet!” 'n Bietjie stilte en Ebie fluister angstig: “Toe, sê … wat gaan daar onder die boom aan?”

“Ek dink dit is mense – juffrou Anna het ons al van mense vertel!” antwoord Elkie. “Regte, egte mense?” vra Ebie benoud. Haar hartjie bons woes en sy mik-mik om 'n rympie op te sê wat sy uitgedink het. “Nee, Sussie, dis nie nou tyd vir rympies nie,” fluister Elkie dringend.

“Hulle lyk snaaks, nè – dra sulke eienaardige velle om hulle en … uhm, hul sterte is afgekap!” sê Ebie verbaas. “Daardie velle is klere,” sê Elkie beterweterig, asof hy nou skielik in 'n kenner van mense ontpop het, al het hy self nog nooit mense in lewende lywe gesien nie. Hy voeg by, “en mense hét nie sterte nie!”

“Ek sê mos: hulle sterte is afgekap!” antwoord Ebie verontwaardig. Elkie sug en skud net sy kop – hy’t nie nou lus vir praatjiesmakery oor dié saak nie.

“Kom ons gaan 'n bietjie nader, dan kan ons beter sien waarmee hulle besig is,” fluister Elkie. Ebie se hartjie bons nog vinniger. “Dink jy ons kan dit waag?” vra sy. “Uh … nee, seker nie. Ons ken

mos nie mense nie – miskien is hulle gevaarlik,” antwoord Elkie. Hy dink darem ten minste partykeer aan Pa se waarskuwing!

Daar is twee mense onder die boom en hulle sit reg teenoor mekaar op twee houtstompe. Tussen hulle, op 'n laer houtstomp, is 'n vierkantige houtbord met verskillende klein goedjies op – wat lyk soos klein mannetjies. Party is wit en ander swart.

Die nuuskierige eekies vermoed dat die mense 'n speletjie speel. Die een mens skuif net die wit goedjies en die ander een net die swart goedjies. Hulle maak beurte om te skuif.

Ebie bekyk die gedoente en na 'n rukkie fluister sy effens geïrriteerd: “Sien jy wat ek sien, Boetie? Partykeer vat die een ou sommer een van die ander ou se mannetjies heeltemal van die bord af – en sit dan ewe een van sy eie mannetjies op dieselfde blokkie!” Sy is ontsteld oor sulke openlike ongeskiktheid. “Wat is jou probleem, Sussie? Dis mos hoe speletjies werk!” sê Elkie beterweterig.

“Hoe weet jy, wysneus?”

“Lewenservaring, Sussie, lewenservaring!”

Soms lyk dit of die twee mense net na die bord en die goedjies sit en staar. Die eekies moet hul ore spits om te hoor wat die mense sê. Gelúkkig praat die mense Afrikaans, wat ook die eekies se huistaal is! Hulle kan alles volg wat gesê word!

Soms sê een van die mense hardop, nadat hy 'n skuif gemaak: “Skaak!” Maar verder praat hulle nie veel nie.

Van die bietjie pratery kan die eekies uitmaak die mense noem mekaar Piet en Jan. Hulle dra veldwagtersuniforms. Piet is kleinerig gebou en sy hare is netjies versorg. Sy veldwagteruniform is pynlik netjies gestryk. Jan is net mooi die teenoorgestelde van Piet; hy is groot en grof gebou, en sy klere is

maar slordig. Sy welige bos hare lyk of dit lanklaas naby 'n kam of borsel gekom het.

“Is daar dalk fout met die goedjies – hoekom kyk die mense dan so aanhoudend vir hulle?” vra Ebie gedemp. “Weet nie, dit lyk of hulle dink,” sê Elkie.

“Dink – wat is dink? Toe, antwoord my flink!” sê Ebie ondeund, en duidelik beïndruk met haar juweeltjie van 'n rympie. “Dink is wat 'n mens moet doen voordat jy praat!” “Ek is nie 'n mens nie …” sê Ebie vinnig, want sy vermoed Elkie is al weer besig om te skimp oor haar geselsgewoontes. “Dit tel vir eekies ook!” val Elkie haar in die rede. Hy voeg trots by, “dink voor jy praat, is goeie raad!” Hy is miskien nie heeltemal so vaardig met die rympies soos Ebie nie, maar rym kan hy darem ook rym!

Langs elkeen van Piet en Jan op die grond lê daar wat lyk soos 'n vreemde reguit stok wat blink in die middagson. Die eekies wonder wat dit is.

Die twee mense se gesit en gekyk en gedink terwyl hulle stukke skuif en selfs van die bord verwyder, hou 'n hele tydjie aan. Skielik plak Piet opgewonde een van die houtgoedjies neer en roep uit: “Skaakmat!” terwyl hy selfvoldaan terugsit, baie tevrede met homself.

Jan kyk na die bord en stamp dit vieserig om terwyl hy opstaan. Die bord en goedjies trek dóér deur die lug. “Hy’t seker verloor,” sê Elkie saggies. “Joe, dis slegte maniere!” roep Ebie vies, en bietjie te hard, uit.

Piet wonder of hy iets gehoor het. Hy kyk onrustig in die rigting van die boom, oorkant die stroompie, waarin die eekies is. Hy meen dit is waar 'n geluid vandaan gekom het. Hy besluit om nader ondersoek in te stel. Hy tel die blink stok op wat reg langs hom lê.

Piet stap versigtig nader. Hy spring van klip tot klip oor die stroompie, en verder tot reg onder die boom waar die eekies is. Hy kyk op en bring die stok na sy skouer. Sy oë bespied elke takkie.

Die eekies haal skaars asem en sit roerloos tussen die takkies en blare. Piet se oë vernou. Dit voel vir Ebie asof hy reguit na haar kyk.

Piet staan vir 'n rukkie doodstil. Die eekies hou heeltemal op om asem te haal.

# HOOFSTUK 3
## Die Veldwagters.

Piet sien nie juis iets ongewoon nie en besluit hy het hom seker maar verbeel. Hy laat sak die blink stok en stap terug. Die eekies begin weer om asem te haal.

Piet sê: “Jan, kom ons pak die bord reg, dan is dit sommer gereed vir môre se spel. Ons kan dit nie so los nie. Ons is nie morsjorse soos eekhorinkies nie!”

Terwyl hulle die bord regpak sê Piet: “Terloops Jan, weet jy waar kom die woord ‘skaakmat’ vandaan? Baie skaakspelers gebruik gereeld die woord ‘skaakmat,’ sonder om te weet waar dit vandaan kom.” Piet antwoord sommer sy eie vraag: “Dit kom van die Persiese woorde, 'shah mat'. ‘Shah’ beteken ‘koning’ en ‘mat’ beteken ‘dood’. In Afrikaans sê ons ‘skaakmat’ en dit beteken: ‘die koning is dood’. “O,” sê Jan, nie juis lus vir gesels nie en steeds vies omdat hy verloor het.

Elkie leun oor en fluister vir Ebie: “Hulle noem hulself ‘skaakspelers’, so die speletjie se naam is seker ‘skaak’. En lyk my die doel is om die ander speler se koning dood te maak.” “O, en waar kry hulle weer 'n lewendige koning vir die volgende spel?” vra Ebie besorg. “Dieselfde een,” sê Elkie. “Maar hy’s dan dood?” sê Ebie met 'n frons. “Ai toggie,” mompel Elkie by homself, en trek maar net sy skouers op.

Piet en Jan stap weg in die rigting van Renosterdorp met hul blink stokke oor hul skouers. Ebie kyk die mense agterna en sê verbaas: “Kyk hoe snaaks loop hulle, so regop op hul agterpote! Kom ons kom môre weer, en kyk watse snaakse dinge hulle nog alles kan aanvang,” stel Ebie voor. “Ja!” sê Elkie opgewonde, “hulle het mos gesê hulle gaan môre weer kom speel! Ek kan nie wag nie!”

Elkie is bietjie ontsteld oor die mense wat gesê het eekies is morsjorse! Maar hy moet erken, hulle is tog 'n bietjie skuldig – was juis vanoggend so haastig om Grootbos toe te kom dat hulle nie eers hul nessie in die boomhuisie aan die kant gemaak het nie!

Daardie aand, toe Ma-eekie kom nagsê, vra Ebie vir Ma uit oor mense. Sy wonder of Elkie reg was en vra: “Hoe lyk mense, en hoe loop hulle, Ma?”

Ma-eekie is nie meer vandag se kind nie en beweeg ook nie meer so flink soos die jonger eekies nie. Haar jas is ook al effens grys. Sy staan op, en stap vir 'n kort entjie stadig en regop op haar agterpote. Sy sê: “Dis hoe dit lyk as mense loop, só regop. En hulle dra klere en het nie sterte nie.”

“Nes ek gesê het,” mompel Elkie onderlangs, ietwat vieserig.

“Die mense wat soms na die Land van Diere kom is meesal veldwagters,” voeg Ma by. “Veldwagters is soos veldpolisie wat sorg dat die bosse en velde en damme en riviere beskerm word. Dis sodat die inwoners veilig daarin kan woon. Veldwagters is ons

vriende, want hulle pas ook die diere op. Partykeer dra hulle gewere saam met hulle rond.”

“O, wat is gewere, Ma?” vra Ebie. “'n Geweer is so 'n vreemde reguit stok wat in die son blink. En wanneer 'n mens nie van 'n dier hou nie, dan kyk hy bolangs oor die stok vir die dier. En as hy dan die stok net so 'n kort kielie gee, maak die stok 'n harde ‘boem’ – en die arme dier slaan net daar dood neer. Morsdood!”

“O juggie!” gril Ebie.

“Maar wilddiewe het natuurlik óók gewere,” waarsku Ma en sê verder, “wilddiewe is mense wat wilde diere onwettig doodmaak en steel vir hulle velle en horings en tande en so aan.”

“O juggie, juggie!” sê Ebie en ril.

Later in hul nessie, gesels Elkie en Ebie land en sand oor die opwindende gebeure van die dag. Hulle sê weer vir mekaar hulle wil meer uitvind oor die speletjie wat ‘skaak’ genoem word. Hulle moet môre weer gaan kyk wat Piet en Jan aanvang.

Die eekies is baie opgewonde, maar tog bietjie skrikkerig. Sê nou dis onvriendelike mense wat nie van eekies hou nie? Daardie mense dink dan juis eekies is morsjorse! En daardie stokke ... is dit dalk gewere? Die vreeslike goeters wat daardie stokke volgens Ma kan doen kan mos 'n eekie se einde beteken! En watse ánder gevare is daar nie ook anderkant die bos waarteen Pa-eekie gewaarsku het nie?

Die volgende oggend is Elkie en Ebie vroeg uit hulle nessie in die boomhuisie. Hulle maak die nessie nie hééltemal nie, maar darem so 'n bíétjie netjieser voor hulle uitgaan. Hulle kry gou rigting na Grootbos se kant toe en dartel flink en al stertswaaiende deur die bome, weer tot aan die einde van die bos.

Daar aangekom, kruip hulle versigtig weg agter takkies in 'n hoë boom. Hulle loer na die groot boom anderkant die rivierstroompie waaronder die mense die vorige dag gesit het.

Elkie en Ebie is teleurgesteld. Daar is geen teken van Piet of Jan nie. *Miskien is dit ons kans om die bord van nader te bekyk – maar is dit veilig?* wonder hulle.

# HOOFSTUK 4
# Eekies nuuskierig oor Skaak.

Die skaakbord is nog net waar dit gister was – klaar gepak en reg vir 'n spel. Die eekies wag 'n rukkie en toe dit veilig lyk spring hulle van klip na klip en swem kort entjies om die stroompie oor te steek. Aan die anderkant kom hulle koes-koes nader na die boom.

Die eekies bewonder die skaakbord en stukke. Ebie tel een van die kleinste houtgoedjies op en vra: “Wat is dié? Is hy nie oulik nie?” Elkie antwoord: “Nie seker nie, ek dink dis wat die mense gister 'n ‘pion’ genoem het.”

Ebie tel een van die groter stukke op en sê: “Hierdie een lyk nes 'n perd!” “Hmm, ja,” sê Elkie terwyl hy die stuk ook bekyk en bewonder, en 'n paar keer in die palm van sy pootjie omdraai. “Ek het gister gesien dis die stuk wat die eienaardigste van almal beweeg. Soms linksom, soms regsom en soms sommer bo-oor 'n ander stuk. Maar dis darem altyd in die vorm van 'n hoofletter 'L'!”

Ebie onthou hoe die mense langs die bord gesit het en lank gedink het. Sy vra: “Boetie, ek wonder net – is dit nie ongesond vir die mense om so baie te dink nie?” “Hulle konsentreer net, Sussie.” “Foeitog, is dit 'n siekte of iets?” vra Ebie besorg. “Nee,

man! ‘Konsentreer’ is om hard te dink. Dis goed vir jou en dit kan jou slimmer maak.” Ebie dink bietjie na en sê: “En as ek vir daardie goedjies kyk, kan dit mý ook slimmer – of miskien selfs briljant – maak?”

Elkie sit effens regopper en vra verbaas: “Wáár kom jy aan dáárdie woord?” “Uhm … verlede kwartaal het meneer Akkerkouertjie in ons klas gesê dat 'n eekie nie briljant hoef te wees om goed te doen in wiskunde nie. Maar dit kan ook nie kwaad doen nie, kan net help, het hy bygesê! So, dis waar ek dit gehoor het! En ek wil briljant wees!” kondig sy aan. “Kan mos nie kwaad doen as ek briljant is nie – kan net help, of hoe?”

Elkie weet self nie heeltemal mooi wat ‘briljant’ beteken nie, maar vir hom klink die woord darem net 'n bietjie te hoog vir 'n eekhorinkie. Hy mompel onderlangs: “Vergeet vir eers van briljant word, Sussie – dis miskien nog 'n bietjies te ver vir jou.” Maar om nie haar gevoelens seer te maak nie sê hy dan meer hoorbaar: “Jááá, natuurlik kan jy eendag briljant word, Sussie!”

Ebie kry 'n idee en stel voor: “Kom ons kyk weer mooi hoe die bord gepak word; hierdie bord is mos klaar gepak! En moenie dink ek het nie daardie eerste sin gehoor nie, nè!” voeg sy skielik vieserig by.

Elkie is diep ingedagte, en sê: “Ons moet kyk of ons kan uitwerk wat die reëls van die spel is, want waar anders gaan ons dit uitvind?” “Wat ons wel weet, soos Piet gesê het, die doel is om die ander ou se koning te vang” sê Ebie.

“Nie 'vang' nie... 'doodmaak'!” sê Elkie. “Ag, nee man, Boetie, ons hét mos al daaroor gepraat – dis nie nodig om so lelik daaroor te wees nie!” sê Ebie en gril.

Elkie wens hulle het hul eie stel. Hy wonder wat hulle kan doen om een in die hande te kry. Hy is nogal verbaas dat die veldwagters hul skaakstel so oop en bloot in die veld los waar

enige iemand dit sommer net kan vat. Hy't al self gesien dat die hiënas niks daarvan dink om iemand anders se kos reg onder hul neuse af te vat nie. So hulle sal seker nóg makliker 'n skaakstel steel waar niemand hulle sien nie. *Maar eekies doen nie sulke dinge nie, dis nie hoe Pa en Ma ons geleer het nie – ons sal ander plan moet maak om ons eie stel te kry*, dink Elkie.

Ebie tel nog een van die stukke op om dit te bekyk. Op dieselfde oomblik hoor hulle 'n effense geritsel agter 'n bossie. Die eekies weet instinktief: hier moet ons vinnig padgee – daar’s nie tyd om eers te kyk wie of wat dit is nie. En ja, soos blits pyl 'n aanvaller reg op hulle af. Dis Loekie, die luiperd, wat honger is en ietsie te ete soek.

Loekie speel regtervleuel vir Laerskool Luiperddorp se tweede rugbyspan. Hy is vinnig genoeg om vir die eerstespan te kan speel, en hy têkkel ook baie goed, maar hy sukkel nog 'n bietjie onder die hoë balle. Sal dit eers moet oefen as hy die eerstespan wil haal! Maar selfs nou al is dit sy ambisie om eendag teen die span van Bokkedorp te speel. Hy het gehoor die meeste ouens in hulle span is Springbokke; en hulle is die beste rugbyspelers ter wêreld!

“Whieeet! Whieeet!” gil die eekies verskrik en spat in verskillende rigtings, soos hulle gewoonlik doen om 'n aanvaller se aandag te verdeel. Dit gee hulle net 'n breukdeel van 'n sekonde meer tyd terwyl die aanvaller moet besluit watter een om te jaag.

Maar natuurlik, luiperde is baie vinniger as eekhorinkies!

# HOOFSTUK 5
## Loekie die Luiperd.

Maar, gelukkig vir die eekies, al is 'n luiperd baie vinniger as hulle, is hulle baie ratser as 'n luiperd. Hulle vlug elkeen tot veilig hoog op in 'n boom en Loekie is nét te laat om een te vang.

Die eekies spring sommer baie hoog in die boom, tot by die dun takkies, want luiperde kan ook boom klim. Daar skep hulle asem en na 'n rukkie soek hulle mekaar weer op terwyl hulle grootoog op die uitkyk bly vir die luiperd.

Die luiperd is nêrens te siene nie, en alles lyk veilig. *Hy het seker êrens anders gaan kos soek*, dink die eekies. Maar sjoe! dít was darem 'n noue ontkoming! Hulle kom weer versigtig terug na die bord.

Skielik hoor die eekies mensstemme. Hulle skarrel sommer op in die boom wat reg bokant die skaakbord is. Hulle is só haastig dat hulle nie eers opmerk toe hulle naby Loekie, wat op een van die laer takke lê, verbyskiet nie. Maar Loekie het húlle wel gesien; hy weet nou van die eekhorinkies daar bo in die boom!

Hoog in die eikeboom is die eekies bly om lekker vet akkers te sien en begin om daaraan te knibbel. Hulle loer tussen die blare deur en sien Piet en Jan aangestap kom vanuit Renosterdorp se rigting. Hulle het elkeen 'n geweer oor die skouer en Jan dra oor die ander skouer ook 'n groot goiingsak.

Die veldwagters kom by die houtstompe en Jan gooi die swaar goiingsak op die grond neer; so half weggesteek onder 'n bossie. Hy hyg bietjie na asem. Die sak val effens oop en Elkie kan ietsie van die inhoud sien – dit lyk soos horings of iets. Jan gooi vinnig sy baadjie bo-oor die sak sodat dit nie so oop en bloot te sien is nie. *Wat is dit?* wonder die eekies.

Voor die twee veldwagters gaan sit om te begin speel, hou hulle hul gewere gereed en kyk eers rond. Hulle wil seker maak dat alles veilig is. Piet kyk in die boom op en verstar. Hy kan nie die eekies sien nie, want hulle is hoog op en goed versteek agter takkies en blare – maar sy geoefende oog sien wel die luiperd op 'n tak rég bokant hulle.

Piet hou die luiperd dop vanuit die kant van sy oog. Hy bring sy geweer stadig op na sy skouer en begin versigtig agteruit beweeg. Hy praat afgemete en sê: “Jan, hou jou geweer reg – hier is 'n luiperd reg bokant ons. Moenie 'n skielike beweging maak nie, hoor. Loop stááádig agteruit en moenie direk in sy oë kyk nie.”

Toe hulle 'n veilige entjie weg is, besluit die veldwagters om die luiperd te verjaag. Jan skiet 'n skrikmakerskoot in die lug. Dis 'n gewéldige knal.

Die eekies hoog op in die boom het nie die knal verwag nie, en skrik hulle boeglam – en val amper uit die boom. Hulle laat val wel die groot vet akkers waaraan hulle besig was om te knibbel. Hulle onthou wat Ma gesê het oor hoe gevaarlik daardie blink stokke is.

Die eekies ondersoek en bekyk en bevoel hulself om seker te maak hulle is nie morsdood nie – dis mos wat met jou gebeur as daardie stok 'boem' maak, het Ma gesê. “Ons is seker net gelukkig daardie stok het nie vir ons gekyk toe hy ‘geboem’ het nie” sê Ebie verlig.

Arme Loekie kry dit van twee kante; eers die knal en toe nog 'n spul groot vet akkers wat van bo af op sy kop val. Hy vlug verskrik anderkant die boom af en verdwyn in die verte.

Behalwe vir die geweerskoot waarvoor Loekie hom disnis geskrik het, reken hy die eekhorinkies het hom ook aspris met akkers gegooi – en hy is báie ontevrede. Hy belowe homself om hulle terug te kry, hulle moet boet vir hierdie onreg wat hulle vandag teen hom gepleeg het.

Na 'n rukkie is alles weer rustig. Die eekies klim versigtig laer om beter te kan sien. Piet en Jan begin hul spel. Elkie fluister: “Kyk maar weer hoe die stukke beweeg, nè. En luister vir die stukke se name ook.”

Soos gewoonlik, word daar nie veel gesels nie. Die veldwagters frons en dink en frons en dink en maak beurte om skuiwe te maak.

Later is daar baie min stukke op die bord oor. Jan roep skielik uit: “Dis gelykop!” Piet bestudeer eers die posisie op die bord en sê dan: “Goed, ek stem saam, dis gelykop.” Hulle gee mekaar die hand, pak die bord weer reg, en maak gereed om te loop.

Die veldwagters gooi elkeen sy geweer oor die skouer en Jan tel ook die goiingsak op. Terwyl hulle wegstap hoor die eekies hoe Piet sê: “Jan, ek gaan vanaand by Mensedorp se biblioteek deelneem aan 'n skaakkompetisie. Ek hoop om goed te doen, want ek hoor daar is goeie pryse vir die wenners.”

Later, terug by hul boomhuisie, teken Elkie met sy vingertjie 'n skaakbord op die grond in die sand. Hy teken ook die stukke op die bord, volgens wat hy kon onthou. Maar om te teken is nie een van Elkie se sterkpunte nie.

Ebie wys na een van die stukke wat Elkie geteken het, en vra: “Boetie, is dit 'n nuwe skaakstuk wat jy uitgevind het – daardie een dáár wat soos 'n spinnekop lyk? Skaakstelle het nie spinnekoppe nie – nie wat ek van weet nie!” sê sy.

# HOOFSTUK 6
## Liedjie om die skaakbord te pak. Piet se prys.

Elkie vryf vieserig die tekening met sy vingertjie dood en sê vir Ebie: “Dis nie nodig om so 'n bohaai op te skop nie, Sus – mens sou sweer jou naam is Ebie Pierneef. Kom help liewer – kom wys wat in jou steek! En as jy nie weet wie Pierneef is nie, kan jy dit vanaand self gaan google!”

Die eekies teken die bord en stukke saam oor en dit lyk baie beter. Toe hulle klaar is, maak Ebie gou 'n hele liedjie op oor hoe al die stukke op die bord gepak word – en sing dit terwyl Elkie geduldig luister.

Die liedjie begin met: 'Die Kasteel het mooi versoek, daar's my plekkie in die hoek. Langs hom is die Perdjie bly, om 'n plekkie ook te kry' en so aan.

“O, mooi!” is al wat Elkie te sê het toe sy klaar gesing het. Al dink hy dis nogal 'n oulike liedjie, wil hy nie té geesdriftig klink nie, want hy wil nie hierdie soort van ding te veel aanmoedig nie. Soos dit is, sukkel hy om die woorde van al Ebie se liedjies te onthou – en sy is nogal omgekrap ook as hy dit nie vlot kan sing nie.

Die eekies besef hulle weet nog nie genoeg van die speletjie nie. Hulle moet môre maar weer gaan om ‘skaak in aksie’ te kyk!

Net voor slaaptyd vra Ebie: “Boetie, ek wonder waar ons 'n skaakstel gaan kry; en ook die reëls van die spel?”

“Ek werk nog aan 'n plan,” sê Elkie effens kortaf. Eintlik is hy moedeloos en weet nie wáár om 'n stel te kry nie. Hy het geen idee of so iets op die dorp te koop is nie, en hulle sakgeld sal seker in elk geval te min wees om een te kan bekostig.

Dit sal tog die maklikste wees om die veldwagters se stel te vat, dink Elkie, want hulle los dit mos sommer oop en bloot in die veld.

Maar hy besluit weer daarteen – want hy besef dit sal nie reg wees nie en hy wil in elk geval ook nie met 'n skuldgevoel saamleef nie.

Die volgende oggend is Elkie en Ebie vroeg op. Hulle maak hul nessie aan die kant en kry weer vinnig koers deur Grootbos tot aan die einde daarvan.

Nie lank nie, toe kom Piet en Jan aangestap – elkeen met sy blink stok oor sy skouer. En oor sy ander skouer het Jan weer 'n goiingsak. Hy plaas dit weer so half onder 'n bossie in en gooi sy baadjie daaroor. Die sak lyk sommer voller as die vorige dag, dink Elkie.

Onder sy arm het Piet iets wat lyk soos 'n platterige houtboks. Hy glimlag breed.

Toe hulle gaan sit sê Piet: “Ek het toe gisteraand in die skaakkompetisie gespeel – ek is die nuwe kampioen en hier is my prys!” sê hy trots.

Piet vou die boks oop en begin om die inhoud versigtig uit te pak. Jan, en die eekies van bo uit die boom uit ook, kyk met groot belangstelling – nuuskierig om te sien waaroor Piet dan nou so in sy noppies is.

Dis 'n splinternuwe skaakstel! Jan lyk verbaas en daar’s so 'n paar oomblikke van stilte terwyl hy die prys bewonder. Dan sê hy: “Ek moet erken, dis die móóiste skaakstel wat ek nog óóit gesien het. Waarvan is dit gemaak?” ”Dis 'n egte marmerskaakstel!” sê Piet trots.

Jan sê: “Nou toe, kom ons speel met hierdie wonderlike marmerstel!”

“Dis eintlik bedoel vir die kampioen,” sê Piet effens neus-in-die-lug, “maar ek kan mos nie teen myself speel nie – so jy kan ook die voorreg hê om met my marmerstel te speel.”

Piet maak die eerste skuif en gou is albei diep aan't dink. Hierdie keer wen Jan en hy roep uit: “Skaakmat! Jou koning is dood!” Hy lag lekker en sê: “Hie-hie-hie, nou is die stel myne, want ek is die nuwe kampioen!”

“Ooo, nee – dit werk nie so nie! Om een spel te wen maak jou nie die nuwe kampioen nie – daarvoor moet jy al die spelers in die dorp in 'n amptelike toernooi of kompetisie wen! Want selfs kampioene verloor so nou en dan 'n spel!” sê Piet.

“Wat gaan ons met die ou stel maak?” vra Jan. “Ag wat, ons los dit hier. Wie ook al eerste hier verby kom kan dit maar vir hulself vat – as 'n present vanuit die diepte van my hart!” lag Piet terwyl hulle wegstap. “Ja, wat,” sê Jan, “want van nou af speel ons mos met ons marmerstel!”

“Óns marmerstel? Gmmff!” mompel Piet verontwaardig.

Die veldwagters is skaars buite sig toe die eekies vinnig ondertoe skarrel. Hulle maak die stel gretig bymekaar, en pak dit haastig in die stel se ou sakkie wat daar eenkant lê.

Die eekies se beker loop oor!

---

## HOOFSTUK 7
## Die Ontmoeting.

Elkie is bly hy het nie aan die versoeking toegegee om die skaakstel sommer net te vat nie! Hier kry hulle nou die stel darem op 'n eerlike manier!

Op pad huis toe sê Ebie al huppelende: “Whieee! Ek is so bly ons het 'n skaakstel!”

“Ek’t jou mos gesê ek maak 'n plan!” sê Elkie, terwyl hy hoop om darem so bietjie geprys te word. Maar Ebie val nie daarvoor nie. “Nóú vat jy 'n vet kans! Hoe sou jy nou geweet het dit gaan gebeur?” sê sy.

“Lewenservaring, Sussie, lewenservaring!” sê Elkie wys en glimlag maar breed.

Halfpad deur die bos stop hulle eers en pak die bord en stukke uit in 'n groot boom se mik. Hulle bewonder die stel en is baie tevrede met hul gelukkie.

Skielik sê 'n krakerige stem hier reg langs hulle: “Wie is julle, en wat maak julle hier?” Die eekies skrik hulself yskoud en kyk rond, maar sien niemand nie. *Wat nóú?* dink hulle benoud.

Die eekies voel ongemaklik en onveilig. Elkie onthou wat Pa-eekie al gesê het: 'Die gevaarlikste vyand is die een wat jy nie kan sien nie!'

Elkie sien nie kans vir stry en baklei teen iemand wat hy nie eers kan sien nie, en antwoord stamelend, maar met 'n stemmetjie wat oorloop van vriendelikheid: “Ons is net twee vredeliewende eekhorinkies,” sê hy met die klem op ‘vredeliewende’.

“My naam is Elkie en my sussie se naam is Ebie,” voeg hy versigtig by.

“Is julle honger?” vra die stem. Elkie sê sag: “Uh … uh … nee, maar hoe vra meneer dan nou so 'n vraag?”

Die eekies sien nog steeds niks en niemand nie; weet steeds nie met wie hulle praat nie. “Honger eekhorinkies eet mos verkleurmannetjies,” sê die stem.

“Oóóó nééé! Ons is lekker dik geëet aan vruggies en neute hier in die bos, dankie,” antwoord die eekies so saam-saam. Die eekies is lief om in 'n geselskap mekaar oor-en-weer aan te vul en

dikwels selfs tegelykertyd oor mekaar te praat. Dis normaal vir hulle.

Dan sê die stem: “Goed so – ek vra maar want my grootoupa het op 'n aaklige manier aan sy einde gekom toe 'n eekhorinkie hom aan 'n doringtak opgehang het vir biltong. Vir brekfis. Sy naam was ‘Oom Kleurtjies’.”

“Ons is jammer om te hoor van oom Kleurtjies se tragiese einde,” sê Elkie versigtig, “maar ons glo nie dit was 'n eekhorinkie nie; ons eekies doen nie sommer sulke dinge nie, behalwe as ons baie hong...” Maar hy knip homself kort toe hy besef wat hy besig is om te sê, en sê dan gou: “Dit was seker 'n janfiskaalvoëltjie, húlle doen sommer maklik sulke dinge.”

“Wel, dis wat die speurder wat die saak ondersoek het, gesê het! Maar toemaar, wat verby is, is verby. En … uh, julle kan my nie sien nie, want ek lyk baie soos die tak waarop ek sit. Hier sit ek reg langs julle, man – kyk mooi!”

Die eekies kyk mooi en… sowáár, daar sien hulle hom. “Hallo, oom Verkleurmannetjie!” groet die eekies, baie verlig.

Die verkleurmannetjie is 'n statige ou omie. Sy lyfie is effens geset, en sy vel is al heelwat skurf en verweer. Sy lippe is dun. Sy kleur is groen en blou met klein oranje-bruin bulterige kolle en dit smelt saam met die takke en blare rondom hom. Hy het 'n lang stert wat so 'n paar krulle op die punt maak. Sy pote is amper soos mensehande met vingers wat lekker regom 'n takkie kan vashou.

Die verkleurmannetjie hou Elkie en Ebie skerp in die oog. Of eintlik ‘skerp in sy ogies’, want sy een oog is op Elkie aan die een kant van die skaakbord en die ander oog op Ebie aan die ander kant van die bord. Dis hoe 'n verkleurmannetjie se oë werk – hulle hoef nie saam-saam na dieselfde ding te kyk nie.

“Nou ja, bly om te ontmoet. Maar wat maak julle met 'n skaakstel?” vra die oom. Die eekies is verbaas. “Hoe weet Oom dis 'n skaakstel?” Oom Verkleurmannetjie glimlag effens senuweeagtig en sê: “Dis 'n ander storie daardie.”

Elkie vra gretig: “As Oom weet dis 'n skaakstel, kan Oom ons meer van skaak vertel? ‘Seblief, oom Verkleurmannetjie.” Ingeval dit dalk kan help, pink Elkie liggies 'n traantjie weg terwyl hy sê: “En jammer oor oom Kleurtjies se nare ondervinding, Oom.” Hy hoop sy medelye kan help om die oom te oortuig om hulle meer van skaak te vertel.

Daar’s 'n oomblikkie van stilte terwyl die oom die versoek oorweeg. Elkie pink sommer nog 'n traantjie weg vir maksimum trefkrag. Dan vra hy weer: “Groot ‘seblief, kan Oom ons help met die skaak?”

Dit lyk of Elkie se mooi-vra en besondere medelye die knoop deurgehaak het. “Ja, goed, ek sal dit doen. En noem my sommer oom Vee. Maar hoor hier, niemand mag van my weet nie, nè! En niemand mag weet dat ek julle geleer het nie. Reg so?”

Die eekies wonder watse geheimsinnigheid is dit nou? Maar hulle is so gretig om sy hulp te kry dat hulle dadelik instem: “Reg so, Oom!”

“Ek sal julle al die reëls leer en sommer 'n paar truuks ook wys,” sê oom Vee vriendelik. “Ja, ja, ‘seblief en dankie!” roep die eekies opgewonde uit. Die eekies kan hulle geluk nie glo nie!

# HOOFSTUK 8
## Die Eerste Les.

“Goed, die eerste wat julle moet weet is … uh ... wag, laat ek net eers hoor, julle het nie 'n bandopnemer of selfoon waarmee julle ons gesprek opneem nie, nè?”  “Nee, Oom.”

“Goed dan, die belangrikste ding wat julle moet weet om goeie skaakspelers te word, is dat jy moet leer om op jou hande of, in julle geval, op julle voorpote te sit!” sê oom Vee.

“Hê? Op ons voorpote sit?” Dis nou nie wat die eekies verwag het om te hoor wat 'n goeie skaakspeler hoef te weet nie. Hulle vra verbaas: “Hoe bedoel Oom 'op ons voorpote sit'?”

Oom Vee staan stadig op en met presiese bewegings wys hy terwyl hy sê: “Ek sal julle wys wat ek bedoel. Kyk, eers gaan sit jy regop, soos mense op 'n stoel. Só! Julle kan sien, nè?”

“Ja, Oom, ons sien.”

“Dan leun jy effens vorentoe en steek jou hande of voorpote onder jou sitvlak in. Só, sien julle?”

“Ja, Oom, ons sien.”

“Daaan gaan sit jy weer … sooo, bo-op jou voorpote. Sien julle?”

“Ja, Oom, ons sien.”

“Dis wat ek bedoel met ‘om op jou hande of voorpote te sit’.”

“Ooo? Maar oom Vee, ons is nie soos mense of verkleurmannetjies gebou nie. Ons voorpote is te kort! Ons boudjies en voorpootjies kan nie by mekaar uitkom nie!”

Oom Vee kyk hulle op en af en bestudeer hul lyfies. Dan sê hy: “Dis waar ja, maar in plaas daarvan kan julle dan ten minste jul voorpote agter die rug hou.”

“Ooo! Ja, goed, ons verstaan nou daardie deel, Oom – maar wat het dit met skaak te doen?”

“Goeie vraag, eekies” sê hy, “goeie vraag! Een van die grootste foute wat beginnerskaakspelers maak is dat hulle oorgretig is om sommer enige ou skuif te maak. Nog voordat hulle eers mooi gekyk het wat op die bord aangaan. Hulle hou 'n poot wat aanmekaar mik-mik en huiwer bokant die skaakbord – net reg om gou 'n stuk te gryp en te skuif. Ek noem hulle helikopterskaakspelers!”

“So hier is die eerste goeie raad, eekies: sit op jou hande of voorpote, of hou hulle agter jou rug, totdat jy eers mooi gekyk en klaar gedink het. Eers dán vat jy die stuk en maak jou skuif. Dis die eerste en belangrikste ding wat 'n skaakbeginner moet weet en doen.”

Oom Vee vertel verder: “Ons verkleurmannetjies is bekend daarvoor dat ons goed is met skaak. Dis omdat ons versigtig is en kyk wat ons doen. Dis in ons familie se geaardheid, dis as’t ware in ons bloed!”

Oom Vee som op: “So eekies, speel skaak soos verkleurmannetjies, soos trapsuutjies. Verkleurmannetjies word ook trapsuutjies genoem, want ons trap suutjies – met ander woorde, versigtig! So, kyk eers goed en moenie oorhaastig wees nie. Sit op jou voorpote, of hou hulle agter jou rug, totdat jy klaar gedink het.”

Dan hou oom Vee sy wysvinger so 'n entjie voor sy neus regop in die lug, soos iemand wat 'n belangrike punt wil maak. Soos wanneer 'n skeidsregter 'n kolwer in krieket uitgee. Oom Vee doen dit altyd wanneer hy iets belangrik het om te sê.

“Kyk eekies, alles wat ek vir julle sê is natuurlik baie belangrik, want ek mors nie met woorde nie!” Elkie kyk vinnig en veelseggend na Ebie. Sy kan gerus ook aandag gee aan daardie

stukkie lewenswysheid ‘om nie met woorde te mors nie’. Maar nee, Ebie kyk anderkant toe, maak asof sy niks gehoor of gesien het nie!

Oom Vee gaan voort: “Maar alles wat ek sê terwyl ek my wysvinger voor my regop in die lug hou – só, voor my neus – is ekstra spesiaal baie belangrik. Julle verstaan dit, nè?”

“O, goed, ja, Oom, ons verstaan!”

Oom Vee steek sy wysvinger is in die lug – hy sê …

**“Goeie raad nommer 1:**

**KYK EERS GOED EN DINK KLAAR VOORDAT JY**

**AAN 'N STUK VAT OM TE JOU SKUIF TE MAAK.”**

Ebie sing gou 'n rympie wat gaan oor oom Vee se raad om eers goed te kyk en klaar te dink voor jy jou skuif maak. Die liedjie begin met, “Soos trapsuutjies speel ons skaak, wat ons beter spelers maak,” en so aan. Dit eindig later met: “Kyk en dink en kyk eers weer, so't oom Vee ons mos geleer.”

Die liedjie is op dieselfde deuntjie as die vorige liedjie om die bord te pak. Ebie gebruik altyd dieselfde deuntjie wanneer sy haar rympies sing. “Want,” sê sy “dis die oulikste en vrolikste deuntjie wat ek ken.” Maar Elkie vermoed dis ook die enigste een wat sy ken.

Die eekies voel al klaar hulle is op pad om goeie skaakspelers te word – hulle weet nou dat die belangrikste ding vir beginners is om eers mooi te kyk, klaar te dink, en dán eers jou skuif te maak. En op jou voorpote te sit of hulle agter jou rug te hou om jou te help om dit te doen, indien nodig.

Dan vra oom Vee: “Goed, Eekies, hoekom wil julle leer om skaak te speel?”

Elkie antwoord: “Oom Vee, ek wil skaak speel, want dit lyk vir my na 'n baie uitdagende en lekker speletjie, en goeie oefening vir die brein! Dis mos 'n goed genoeg rede, nè? En Oom moet nou asseblief nie lag vir my sussie se rede om skaak te wil speel nie,” sê Elkie terwyl hy skamerig afkyk, “want my sussie wil skaak speel omdat sy hoop dit kan haar briljant maak!”

Oom Vee loer eers vraend en dan geamuseerd na Ebie.

---

## HOOFSTUK 9
## Veldwagters of Renosterstropers? Fyfie.

Ebie bloos 'n effense eekie-blosie, maar 'n breër en triomfantliker glimlag sal jy nêrens in Eekiesdorp te siene kry nie!

Oom Vee sê: “Skaak is goed vir almal. Skaak leer kinders selfvertroue en dissipline. Baie wetenskaplike studies sê dit help om kinders slimmer te maak. Kinders wat skaak speel se vermoë om probleme op te los, raak beslis beter. So, ja, ek glo wel skaak kan Ebie se brein oefen en haar help om briljant te word!

“En gaan vertel vir jul pa en ma van 'n studie wat deur die Albert Einstein Kollege vir Medisyne in New York gedoen is. Hulle het bevind dat as ouer mense gereeld skaak speel, dit hulle kan help om nie so vergeetagtig te wees nie. Julle kan self gaan ‘google’ vir die presiese woorde as julle wil.”

“O ja, my pa het net laasweek nog gesê hy begin al hoe meer om dinge te vergeet,” vertel Elkie, “en toe ek hom vra hoe lank dit al so aangaan, sê hy, nadat hy 'n rukkie gedink het: ‘Uh... wat was jou vraag nou weer?’”

Oom Vee gaan aan: “As julle regtig skaak wil speel, kry gerus die res van die gesin en familie en vriende om saam skaak te speel. En as skaak ook by die skool aangebied word, nóg beter. Praat met 'n onderwyser! En reël en neem deel aan toernooie en kompetisies. Kry ander om opgewonde te wees oor skaak!

“Kyk, net gisteraand was daar 'n skaakkompetisie in Mensedorp se biblioteek. Ek het die toernooi uit die vensterbank dopgehou, want verkleurmannetjies hou daarvan om skaaktoernooie uit vensterbanke dop te hou. Terloops, wanneer julle by toernooie is, kyk altyd uit vir verkleurmannetjies in die vensterbanke, hoor!”

Elkie wil graag vir oom Vee beïndruk en sê: “Ooo ja, oom Vee, die wenner gisteraand by daardie toernooi was juis ons goeie vriend Piet. Hy is 'n veldwagter en hy het juis hierdie skaakstel vir ons gegee. Hy't gesê dis 'n geskenk uit die goedheid van sy hart!” Ebie rol net haar oë oor Elkie se weergawe – *dis nou nie hééltemal onwaar nie, maar tog* … dink sy!

“Regtig?” vra die oom, ietwat verbaas, “hy het hierdie stel uit die goedheid van sy hart gegee, né?”

“Dis korrek, ja,” antwoord Elkie, “uit die goedheid van sy hart!” Oom Vee is beïndruk en sê, “My maggies! En ja, met die prysuitdeling het ek wel gehoor hulle noem hom Piet. Maar julle moet versigtig wees met wie julle vriende maak, eekies, hoor! Hulle het juis oor die nuus gesê die polisie vermoed daar is renosterstropers wat hulself voordoen as veldwagters!”

“O, nog nie daarvan gehoor nie,” sê Elkie effens senuweeagtig.

Die eekies kyk bekommerd na mekaar. Hulle wonder wat was in daardie veldwagters se goiingsak? Seker darem nie … uh, renosterhorings nie?

Die volgende oggend, op pad na oom Vee vir nog 'n les, neem die eekies eers 'n kort knibbel-brekie in een van die akkerbome. Hulle

mag mos nie honger wees wanneer hulle by oom Vee aankom nie.

Terwyl Elkie ingedagte aan 'n akker knibbel, sien hy 'n vreemde verkleurmannetjie op die tak langsaan. Hy wil 'n vriendelike gesprekkie aanknoop en sê: “Hallo, my naam is Elkie. Hier langs my, is my sussie, Ebie. Wat is jou naam?”

Die verkleurmannetjie sê niks en lyk skrikkerig – oë wyd oop en gereed om te vlug. “Moenie bekommerd wees nie, ons het juis nou net klaar geëet,” sê Elkie gerusstellend – net in geval die verkleurmannetjie, soos oom Vee, bekommerd is dat sy dalk op die eekies se spyskaart kan beland. Die verkleurmannetjie lyk gerusgestel en antwoord: “My naam is Fyfie.”

Fyfie het 'n hoë stemmetjie. “Uhm … is jy 'n verkleurmannetjie of 'n verkleurwyfie?” vra Elkie onseker. “Ek is 'n verkleurmannetjiewyfie,” antwoord Fyfie effens geïrriteerd.

Fyfie is jonk. Haar kleurvolle vel is helder en sy het pragtige ligblou oë. Sy kyk na die bord en sakkie wat die eekies saamdra en vra dan: “Waarheen gaan julle met daardie skaakstel?”

Elkie antwoord amper dat hulle op pad is na oom Vee, maar hy onthou gelukkig net betyds dat hy nie daarvan mag praat nie. Hy antwoord: “Ag wat, ons neem die stel saam bos toe en speel so nou en dan teen mekaar.”

Dis vreemd, dink Fyfie … eekhorinkies wat 'n skaakstel in die bos ronddra om nou en dan teen mekaar te speel? *Het nog nooit van so iets gehoor nie! Ons verkleurmannetjies het dit gereeld gedoen maar opgehou na daardie onaangename ...*

Maar haar gedagtes word onderbreek toe Elkie verbaas vra: “Maar hoe weet jý dis 'n skaakstel?”

“Ons verkleurmannetjies is bekende skaakspelers. My oom was 'n voormalige skaakkampioen van die Land van Diere, maar … ” Sy bly skielik stil en lyk treurig.

“Jaaa, en … ?” pols Elkie haar. “Nee, ek … ek wil nie daaroor praat nie.” Na 'n ongemaklike stilte sê sy tog: “My grootoupagrootjie was óók 'n skaakkampioen, en hy het in tragiese omstandighede aan sy einde gekom. Die polisie het gesê dit was 'n eekhorinkie se skuld.”

Dan draai Fyfie vinnig om en verdwyn tussen die blare en takkies sonder om eers te groet.

Die eekies voel sleg. Hulle wonder of Fyfie se storie iets met oom Vee te doen kan hê! En, buitendien, wie is oom Vee en wat is sy storie regtig?

# HOOFSTUK 10

## Die Oorsprong van Skaak. Die Janfiskaal.

Ebie beduie hulle moet aanbeweeg, hulle moenie laat by oom Vee aankom nie.

In oom Vee se boom, sit hulle die bord reg in die mik en pak die stukke daarop uit. Hulle kyk rond maar sien niks nie. Na 'n rukkie, toe sê 'n bekende stem: “Môre, is julle honger?”

“Môre oom Vee, nee ons het klaar geëet, dankie!” Oom Vee wuif met sy voorpoot om te wys waar hy is en sê: “Goed so.” Hy begin die les: “Wonder julle waar skaak vandaan kom, en wanneer dit begin het?”

Oom Vee val sommer weg met die antwoord: “Wel, niemand weet rêrig nie, maar volgens 'n ou legende het skaak meer as 'n 1 500 jaar gelede ontstaan. 'n Koning van Indië het sy raadgewers opdrag gegee om 'n speletjie uit te dink. Die speletjie moes sy soldate leer hoe om slim oorlog te voer. Sy idee met skaak was dat dit hulle moes help om slimmer te dink!”

“Die doel van die speletjie ‘skaak’ is om jou opponent se koning met jou manskappe of stukke vas te keer. As jy dit regkry, noem ons dit 'skaakmat' – en jy wen! Maar jy kan dit natuurlik net doen as jy jou stukke ook gebruik het om te keer dat jou eie koning nie gevang word nie.

“Goed, lyk my julle weet darem hoe om die bord te pak,” sê oom Vee. Die eekies bied aan om Ebie se rympie te sing oor die pak van die bord. “Laat ek hoor,” sê oom Vee. Die eekies sing uit volle bors; selfs Elkie wat intussen die woorde geleer en onder die knie gekry het.

“Hmmm, ja, baie oulik, eekies. Uhm … Ebie, jy het 'n pragtige stemmetjie hoor, jy kan selfs nog 'n sangloopbaan oorweeg!”

“En wat van my?” vra Elkie. “Vir jou sal ek eerder 'n ingenieur of rekenmeester aanbeveel!” sê oom Vee diplomaties. Oom Vee en Ebie lag gemoedelik, en Elkie ook, maar nie heeltemal so geesdriftg nie. Dan vra oom Vee: “Maar eekies, hoe weet julle hoe die bord gepak word?”

“Ons het gekyk toe die veldwagters gespeel het,” sê die eekies. “Die renosterstropers?” vra oom Vee. “Uh … maar ons weet mos nie vir seker of hulle renosterstropers is nie, Oom.”

Oom Vee sê: “Terloops, die meeste skaakspelers praat mos in Afrikaans van kastele, perde, biskoppe en koninginne, nè. Dit is eintlik direkte vertalings uit Engels. Die meer formele Afrikaans is torings, ruiters, lopers en dames. Maar wat, dis nie ernstig nie;

julle is welkom om enige daarvan te gebruik, albei maniere is goed.”

Oom Vee gaan voort met die les: “Skaak is juis so interessant omdat die stukke op verskillende maniere beweeg. Het julle gevolg hoe die renosterstropers hul stukke skuif? Wys my,” sê oom Vee. “Ja, Oom,” sê die eekies, en hulle maak beurte om te wys hoe die verskillende stukke skuif. Oom Vee is tevrede, selfs beïndruk. Die eekies vorder goed en leer vinnig.

Dan leun oom Vee vorentoe en fluister: “Voor julle gaan, het ek ietsie om vir julle te sê, eekies, so luister mooi. Vir Afrikaanssprekende ouens wat niks van skaak weet nie, maar alte graag wíl leer, is daar iets wat béter is as om lesse by oom Vee te kry!” Die eekies is die ene ore – wat kan dan nou beter wees as om lesse by oom Vee te kry?

Oom Vee gaan aan: “Ek weet van 'n Afrikaanse webwerf met geïllustreerde lesse van alles wat 'n beginner moet weet om skaak te kan speel. Hoe om die bord te pak, hoe die stukke skuif en die reëls ook. Selfs basiese taktieke. Die lesse is volledig met prentjies en verduidelikings. Wat dit beter maak as my lesse, is dat jy later rustig en op jou tyd weer daarna kan gaan kyk, indien nodig. So, as jy niks of min van skaak weet, en jy wil graag leer, dan is daardie webwerf die regte plek om te wees!”

“Tóé ... sê Oom! Die adres, die adres asseblief,” roep die eekies gelyktydig uit. “Ek gaan ongelukkig nie vir julle die webadres gee nie, eekies! En ek wil ook nie weer daaroor praat nie, hoor!” antwoord oom Vee.

Oom Vee se reaksie is nogal vreemd, want alhoewel hy sê hy wil nie daaroor praat nie, sou die eekies mettertyd agterkom dat hy eintlik só opgewonde oor die webwerf is dat hy tog elke nou en dan daarna verwys. Maar dan ook vinnig weer die onderwerp verander! Dit maak nie regtig sin nie en die eekies kan glad nie verstaan wat aangaan nie.

“Goed dan, genoeg vir vandag – sien julle môre,” sê oom Vee.

Op pad terug boomhuisie toe maak die eekies eers gou 'n draai by Fyfie se boom. Hulle wag 'n rukkie en kyk rond. Elkie roep na haar ingeval hy haar dalk net nie sien nie. Maar daar is geen teken van Fyfie nie.

Na 'n rukkie gaan die eekies maar verder. Hulle sal môre weer kom kyk. Hulle voel sleg oor wat sy gesê het oor 'n eekhoring wat haar oupagrootjie doodgemaak het. Hulle hoop maar dis 'n misverstand, want hulle wil graag vriende met haar wees.

So, die volgende oggend, op pad na oom Vee, maak die eekies eers weer 'n draai by Fyfie se boom. Daar was gistermiddag geen teken van haar nie, maar miskien is sy vandag daar.

Terwyl hulle by die boom opskarrel hoor Elkie skielik 'n gefladder reg voor hom. Tot sy ontsteltenis sien Elkie 'n janfiskaalvoël wat 'n vangs in sy bek het.

Die voël wikkel en fladder om tussen die blare en takkies uit te kom om met die vangs weg te vlieg. Elkie se hart slaan 'n paar slae oor toe hy besef wat die vangs is. Die vangs in die janfiskaal se bek is 'n verkleurmannetjie!

# HOOFSTUK 11

## Openingbeginsels.

Die janfiskaal wil seker sy vangs gaan ophang, dink Elkie vinnig. Hy spring oombliklik op die voël af en versper sy pad uit. Die janfiskaal los dadelik sy vangs en vlieg verskrik weg.

Dis skielik stil terwyl almal tot verhaal kom. Die verkleurmannetjie sê bewend: “Jy het my lewe gered, baie dankie, Elkie!” Elkie is verstom, hoe weet die vreemde verkleurmannetjie dat sy naam ‘Elkie’ is? Hy kyk weer, dis Fyfie!

Fyfie sê: “Ek het jou gister hoor roep, Elkie, maar jy weet, verkleurmannetjies en eekhorinkies kom mos nie regtig goed oor die weg nie. Maar nou het jy my lewe gered, baie, baie dankie. En as ek jou ooit 'n guns kan bewys, moet jy my net sê.”

Elkie knik sy kop en sê: “Jy kan ons wel 'n guns bewys Fyfie, en dit is as jy sal glo dat ons nie verkleurmannetjies doodmaak nie, behalwe as daar niks anders is om te uh …uh … ” maar hy knip homself kort toe hy besef hy gaan iets sê wat nie gepas is nie!

Fyfie is eers agterdogtig, maar meer oorweldig deur die besef dat Elkie so pas haar lewe gered het. Sy sê: “Na wat vandag gebeur het, glo ek jou, Elkie.”

Elkie is verlig en die eekies voel sommer beter. Hulle gesels lekker verder met Fyfie, maar hulle moet aanbeweeg, want oom Vee wag vir hulle. Die eekies groet vrolik en belowe om gou weer 'n draai by hul nuwe vriendin te maak.

Op pad na oom Vee neem hulle 'n kort brekie om eers gou 'n paar neute te eet. Hulle maak gou, maar is steeds 'n paar minute laat. Hulle is bekommerd oor wat oom Vee daarvan gaan sê.

Oom Vee wuif om te wys waar hy is. Dan vra hy kwaai: “Hoekom is julle laat, eekies? Julle moet leer om betyds te wees vir afsprake, hoor.” “Ons is laat, oom Vee, omdat ons eers 'n verkleurmannetjie se lewe gered het,” verduidelik Elkie.

Elkie hoop dat oom Vee verder sal uitvra oor die reddingspoging, maar dit lyk nie of oom Vee juis belangstel nie. Hy sê net: “O, dis goed om te hoor,” en skop dadelik af met die volgende les.

“Julle weet nou hoe om 'n bord te pak en hoe die verskillende stukke skuif. Maar nou, hoe gemaak wanneer jy begin speel? Ons gaan nou gesels oor openingbeginsels,” sê oom Vee. “Openingbeginsels? Dis 'n groot woord, oom Vee!”

Oom Vee gaan aan: “Openingbeginsels is die soort van goeie dinge wat jy aan die begin van 'n spel moet doen. Die eerste beginsel is dat jy jou stukke vroeg-vroeg in die spel moet kry. Ons sê hulle moet ‘ontwikkel’. Stukke wat nog in hulle beginposisies staan beteken nie veel nie; hulle moet uitkom en deel wees van die geveg. Dis belangrik!”

Oom Vee steek sy wysvinger in die lug en sê:

**“Goeie raad nommer 2:**

**EERSTE OPENINGBEGINSEL: JOU STUKKE MOET ONTWIKKEL WORD, d.w.s. AAN DIE GANG KOM.”**

Dan vervolg hy: “Terloops, soos julle meer van skaak leer, sal julle hoor van baie verskillende en beproefde openinge wat al jare deur ervare spelers gebruik word. Daardie openinge is wel gebaseer op goeie openingbeginsels, maar vir beginners is dit belangriker om openingbeginsels te verstaan as om die boekekennis van voorgeskrewe openinge soos papegaaie te leer.”

“O? Oom Vee, ons het juis gehoor dat die papegaaie swak vaar in die toernooie waarin hulle speel. Is dit omdat hulle die openinge soos papegaaie leer?” vra die eekies. “Presies, net so!” “Maar oom Vee, hulle ís dan papegaaie, dis wat papegaaie doen. Hulle kan mos nie anders nie?” vra Elkie.

“Kyk, eekies, papegaaie is vreeslik oulik, maar dis nie oulik om soos hulle skaak te speel nie. Hulle leer die openingskuiwe uit hulle koppe uit en doen nie moeite om die beginsels te verstaan van wat hulle doen nie. So, as hulle opponent hul verras met 'n

ongewone variasie, is hulle in die moeilikheid en weet nie hoe om dit te hanteer nie.

Eerder as net boekekennis moet papegaaie eers die beginsels van openinge leer verstaan, dan kan hulle dit toepas in daardie situasie!” Oom Vee lyk baie ernstig – en steek sy wysvinger in die lug! Hy sê:

**“Goeie raad nommer 3:**

**OM DIE BEGINSELS VAN OPENINGSPEL TE VERSTAAN**

**IS BELANGRIKER AS BOEKEKENNIS.”**

Na die les vra Elkie huiwerig: “Oom Vee, voor ons gaan, wil ek graag vra: moet ons dit regtig geheim hou dat ons Oom ken?”

“Die dinge van skaak wat ek julle leer kan julle met plesier oorvertel, maar julle moet niemand van my vertel nie! Óf noem dat julle dit by my gehoor het nie. Dis regtig belangrik.”

“Ons weet in elk geval nie veel van Oom nie,” sê die eekies effens verslae.

Oom Vee gaan aan: “Eendag, miskien … uhm, miskien eendag kan ek julle vertel,” sê hy met 'n bewerige stem “maar dis 'n ander storie ...”

Oom Vee raak ingedagte en word stil. Hy tuur in die verte, dink ver terug. Aan dáárdie rampspoedige skaaktoernooi 'n paar jaar gelede – die laaste toernooi waaraan hy deelgeneem het.

Die eekies bly wonder, wie is oom Vee regtig?

Op pad terug gesels hulle daaroor. En dit lyk vir hulle of oom Vee regtig hartseer is oor iets. Hulle neem hul voor om meer te probeer uitvind oor wat hom so pla.

Die eekies loer by Fyfie in om te hoor hoe dit gaan.

# HOOFSTUK 12
## Die Eekies speel teen Fyfie. Jak-jak.

“Behalwe vir 'n paar skrape waar die janfiskaal my gepik en gegryp het, voel ek goed,” stel Fyfie hulle gerus.

Elkie vra: “Fyfie, ons stel nou vreeslik belang in skaak. Wie was jou oom wat 'n skaakkampioen was en wat het van hom geword? En hoekom wil jy nie daaroor praat nie?” Fyfie is eers 'n hele rukkie stil. Dan sug sy en sê eindelik: “Goed, Elkie, ek praat nie graag hieroor nie, maar julle is my vriende en jy’t my lewe gered. So ek sal julle vertel.

“Baie jare terug was 'n oom van my 'n baie geëerde lid van ons familie. Hy was reeds vir twee jaar die skaakkampioen van die Land van Diere. Hy was 'n Internasionale Skaakgrootmeester. Hy was so goed dat party ouens gesê het hy is nog beter as 'n skaakgrootmeester. Hulle het hom selfs 'n Skaaktowenaar genoem!

In 2018 het hy in die eindstryd teen 'n jakkals gespeel om die titel vir die derde agtereenvolgende jaar te wen. Toe is hy betrap dat hy gekroek het. Hy is geskors en verbied om ooit weer in skaaktoernooie te speel. Hy het by die famlie gepleit om hom te glo dat hy nie gekroek het nie, maar ons het hom nie geglo nie, want die jakkals het in 'n verhoor baie oortuigend teen hom getuig. En die jakkals sou tog nie jok nie, of hoe?”

“Dit was 'n verskriklike klad op ons verkleurmannetjiefamilie se naam. Wanneer ander diere ons gesien het, het hulle onderlangs gefluister. Op skool is ons kinders gespot. Die familie wou daarna ook niks met die oom te doen hê nie. En ons verkleurmannetjies het besluit om as 'n familie uit alle skaak te onttrek. Sommige het heeltemal opgehou om skaak te speel.”

“Wat was sy naam, Fyfie?” Fyfie aarsel eers en sê dan: “Oom Vee.”

“O,” sê Elkie half-verskrik, en probeer hard om nie te wys dat hy diep geskok is nie. Ebie snak na haar asem terwyl sy in skok haar gebakte hand voor haar oop mond hou.

Dan voeg Fyfie by: “Blykbaar het hy selfs vir sy lewe gevrees. Party van die familie sou niks daarvan dink om hom iets vreesliks te laat oorkom nie. Kort daarna het hy verdwyn en niemand het ooit weer van hom gehoor nie. En niemand weet wat van hom geword het nie. Ons weet nie eers of hy nog lewe nie. Die skande was seker te groot vir hom om te dra.”

Die eekies is verstom; oom Vee is 'n Internasionale Skaakgrootmeester! En só goed dat hulle hom Die Skaaktowenaar genoem het! Maar hy is ook 'n kroeker! Kan dit waar wees? Hy lyk darem nie vir hulle na 'n kroeker nie.

Dan kyk Fyfie na die skaakstel wat hulle nog saam ronddra en sê: “Ek sien julle dra nog die skaakstel saam met julle deur die bos. Ek het wel lanklaas gespeel, maar sal dit nogal geniet... wil julle twee dalk 'n spel teen my speel?”

“Ons twee saam teen jou? Ja, kom ons doen dit!” antwoord die eekies gretig.

Hulle pak die bord en die spel begin. Sommer gou-gou is die eekies se koning omsingel deur Fyfie se stukke. Nie lank en die eekies word geskaakmat. Hulle staar verdwaas na die bord. “Geluk!” mompel hulle terwyl hulle begin om die skaakstel gedweë weg te pak.

“Julle moes gerokeer het,” sê Fyfie. Wat bedoel sy met ‘julle moes gerokeer het'? wonder die eekies. Maar hulle is te skaam om te vra – dit was darem 'n erge loesing wat hulle gekry het!

Fyfie groet en nadat sy buite hoorafstand is, bespreek die eekies eers die saak. Hulle besluit dan: “Ons sal by oom Vee moet hoor wat is hierdie rokeringstorie.”

Ebie sê: “Boetie, maar dink jy oom Vee is 'n kroeker?” Elkie is in gedagte. “Ek hoop nie so nie, en ek wil nie glo dat hy 'n kroeker is nie. Ek dink ons moet kyk of ons nie agter die storie kan kom nie! Maar vir eers moet hy hierdie 'rokeringstorie' vir ons verduidelik.”

“Terloops, ek hoop ook nie Fyfie is 'n kroeker nie – daardie een keer verbeel ek my sy het sommer 'n tweede skuif gemaak, nog voordat ons eers ons skuif kon maak. Maar miskien het ek my verbeel,” sê Ebie. “Ja, ek het dit ook gesien en is nie seker wat daar gebeur het nie,” se Elkie nadenkend.

In 'n bossie daar naby is 'n jong jakkals met 'n groen kêppie op wat die gesprek tussen Fyfie en die eekies aandagtig gevolg het. Hy het ongemaklik rondgeskuif toe hy hoor Elkie sê ‘ek glo nie hy is 'n kroeker nie’ … en toe ook ‘ons moet kyk of ons nie agter die storie kan kom nie.’”

Die eekies is stillerig toe hulle huis toe gaan. 'n Vraag wat in hul gedagtes bly rondmaal is: hoe kan ons oom Vee help?

Dieselfde aand ontspan Jak-jak Jakkals tevrede saam met sy vrou in hul luukse jakkalsgat. Dis 'n ruim blyplek met ekstra breë gange wat Jak-jak kon bekostig met sy prysgeld toe hy oom Vee in die finaal van die Land van Diere Skaakkampioentoernooi in 2018 geklop het.

Jak-jak is besig om sy trofee vir die soveelste keer te bewonder en liefderyk te streel. Hy draai die trofee om en bekyk dit van alle kante. Hy prewel die inskripsie daarop oor en oor: ‘Jak-jak Jakkals, Land van Diere Skaakkampioen – 2018’. Dan plaas hy dit versigtig terug op die kas en gaan lê tevrede op sy sagte, gemaklike rusbank.

Jak-jak droom weer van die dag toe mevrou Kameelperd, die toernooidirekteur, die kampioenskapstrofee aan hom oorhandig het.

---

## HOOFSTUK 13
## Pèpè is bekommerd.

Partykeer, veral met spesiale geleenthede soos troues of skaaktoernooie, wil die jakkalse deftig wees. Grênd. Dan loop Jak-jak en sy vrou regop op hul agterpote. En wanneer hulle so regop loop, het Jak-jak altyd sy hoed by hom. As hy nie die hoed op sy kop dra nie, hou hy dit stylvol en liggies teen sy bors met punterige vingers – soos party mense doen waneer hulle op aandag staan en die volkslied sing.

Jak-jak se hoed is 'n duur khaki breërandhoed. Wanneer hy sy hoed op sy kop dra, is hy lief om die hoed laag vooroor te trek, net bokant sy oë. Hy doen dit sodat hy steeds onderdeur vir jou kan loer om jou uit te kyk, maar so dat jy nie kan uitmaak wáár hy kyk nie, of in sy oë kan sien wat hy dink nie.

Waar Jak-jak nou op die rusbank lê, is sy hoed op sy bors terwyl hy liggies en rustig met sy vingers daarop trommel.

Jak-jak is 'n redelike goeie skaakspeler. Maar baie van die topspelers glo nie hy was regtig goed genoeg om die Land van Diere se kampioen te kon word nie. En beslis nie goed genoeg om Die Skaaktowenaar te klop nie! Maar op 'n manier vaar die jakkalse altyd beter as wat hulle regtig is. Niemand kan dit verklaar nie.

Jak-jak se gedagtes word versteur met 'n dringende klop aan die deur by die voorste ingang. Hy maak sy een oog luierig oop en

vra: “Vrouliefie, sal jy kyk asseblief, daar is iemand by die voordeur.” Jak-jak se vrou, Jakkalina, gaan maak die deur oop en groet vir Pèpè Jakkals. Pèpè is Jak-jak se broerskind. Jakkalina nooi hom binne.

In die jaar voor hy die titel verower het, is Jak-jak getroud met 'n Engelse jakkalsmeisie met die naam Jacquelene Jackal. Sy het vinnig geleer om by haar nuwe omgewing in te pas en goeie Afrikaans te praat – al is dit steeds met 'n Engelse aksent. Sy het gou-gou die noemnaam 'Jakkalina' gekry – want party van haar nuwe familie- en vriendekring het gesukkel om 'Jacquelene' reg uit te spreek.

Oom Jak-jak is Pèpè se held. En Pèpè, sonder dat hy dit besef, maak oom Jak-jak op allerhande maniertjies en in allerhande dingetjies na. Hy het ook 'n hoedjie, 'n slaprand kêppie. Dis so 'n dowwe groene – lyk oud en verslete – maar dis al wat hy in die hande kon kry.

Die slaprand kêppie moet maar vir eers doen totdat hy beter kan bekostig. Die groen kleur is om saam te smelt met die bossies en blare – dan gee dit hom nie weg wanneer hy ander diertjies jag nie. Soms dra hy die kêppie op sy kop, soms hou hy dit sommer net vas met sy voorpootjie, nes sy oom Jak-jak.

Pèpè maak hom tuis op 'n gemakstoel. Hy het 'n dringende saak om oor te praat en hy val sommer dadelik weg. “Oom Jak-jak, ek is bekommerd. Ek het vanmiddag in Grootbos rondgesoek vir ietsie te ete. Toe kom ek af op 'n gesprek tussen 'n verkleurmannetjie en twee eekhorinkies.

“Die verkleurmannetjie sê sy is familie van oom Vee. Haar naam is Fyfie. Sy het die eekies vertel van oom Vee se skorsing destyds.

“Maar daar’s 'n probleem, oom Jak-jak. 'n Ernstige een. Die eekies is van plan om oom Vee te help – om ‘agter die storie te kom’, wat dit ook al beteken. Dís wat die ouer een, die boetie,

gesê het. En ek vertrou daardie mannetjie glád nie! Hoe nou gemaak, Oom?”

Jak-jak sit vinnig regop en plak sy hoed op sy kop. Sonder dat hy daaraan dink of dit besef, sit Pèpè sy kêppie net so ook op sy kop. “Hmmm, miskien net vir veiligheid, moet ons daardie selfoon in die hande kry. Die een wat destyds in oom Vee se baadjiesak ontdek is tydens die toernooi. Dis nou om onnodige … uhm, bewysstukke uit hul pote te hou. Hoe dink jy, Vrouliefie?”

“Ek stem saam,” sê Jakkalina, “want ek verbeel my ál ek het jou destyds per ongeluk op daardie nuwe nommer gebel. Gelukkig het ek dit betyds besef en die oproep dadelik beëindig.”

Jak-jak knik sy kop en sê: “Ek wonder hoe ons daardie foon in die hande kan kry? Ek sê jou wat, Pèpè – jy is mos 'n slim kêrel – 'n volle duisend rand, dit sal jou beloning wees as jy daardie foon vir my bring!” Pèpè se oë rek, dit is 'n fortuin!

“Sover ek weet behoort oom Vee die foon te hê,” sê Jak-jak “maar waar gaan ons uitvind waar hy woon? Lanklaas van hom gehoor, gedink hy is miskien al dood. Maar jy sê die eekhorinkies praat van hom asof hy nog lewe?”

“Ja, Oom.”

Pèpè werk vinnig iets uit. Hy kan op die uitkyk wees vir die twee eekies, want hulle speel gedurig êrens in Grootbos. As hy hulle kry en ongesiens volg, sal hy één of ander tyd agterkom waar oom Vee wegkruip. Dan kan ons miskien onderhandel oor die foon, dink hy – behoort maklik te wees.

Maar Pèpè gaan liewer nie vir oom Jak-jak sê dit behoort maklik te wees nie, want netnou verminder oom Jak-jak die beloning! Só dom is hy wat Pèpè is darem nie!

Pèpè begin al klaar dink aan wat hy alles met ‘n duisend rand kan doen. Eerste op sy lys sal 'n nuwe khaki breërandhoed wees!

Pèpè is geduldig en na net 'n paar dae in die bos merk hy die eekies op waar hulle op pad is vir 'n les by oom Vee. Hy volg versigtig op 'n afstand, sonder dat die eekies daarvan weet. Hy neem kennis by watter boom hulle opklim.

---

## HOOFSTUK 14
## Oor Rokering. Oom Vee se weergawe.

Die eekies daag op vir hul volgende les. Elkie sê: “Oom Vee, ek en Ebie het 'n probleem, kan Oom ons help asseblief?”

“Hoe kan ek help?” vra oom Vee belangstellend.

“Oom Vee, ons het 'n nuwe vriendin ontmoet en 'n skaakspel teen haar gespeel. Dis 'n verkleurmannetjiewyfie wat ons hier in die bos raak geloop het!” Hulle noem nie haar naam nie, want hulle weet nie of dit dalk oom Vee kan ontstel nie.

Oom Vee lag onderlangs. “O ja, julle het slég verloor, nè?”

“Jaaa, hoe het Oom geweet?” “Man, dit was net 'n paar minute terug die hoofberig op die radio se middagnuus! Omtrent die hele land weet al van die groot pak slae wat julle gekry het!” sê oom Vee. Die eekies laat sak hul koppe skaam-skaam en lyk erg in die verleentheid.

Oom Vee sê: “Toemaar, eekies, dis net 'n grappie! Dit was nie oor die nuus nie en ek het ook nie eers geweet van julle spel nie! Maar wat ek wel weet, is dat julle nog nie goed genoeg is om teen 'n verkleurmannetjie te wen nie.”

Die eekies is baie verlig dat die hele land darem nie weet van die groot pak slae wat hulle gekry het nie!

"So, wat is die probleem, eekies?"

"Oom, sy het ons koning kwaai aangeval en ons was gou-gou kniediep in die moeilikheid. Ons het nie geweet hoe en waar om te keer nie – en toe ons weer sien, was dit nog skaakmat ook!"

"Julle het seker nie rokeer nie?" sê oom Vee. Die eekies se monde hang oop. Hoe weet die oom dít? *Weet hy dan álles?* wonder hulle.

"Dis die soort van dinge wat gebeur as jy nie rokeer nie," verduidelik oom Vee. "O, dis juis waaroor ons Oom wou vra ... wat is rokeer?"

Oom Vee vra: "Onthou julle die eerste openingbeginsel?"

"Ja, Oom, dit is stukontwikkeling," antwoord die eekies saam-saam.

"Dis reg! Die tweede openingbeginsel is koningveiligheid, en rokering is 'n belangrike deel van koningveiligheid." Hy sê dat rokering 'n skuif is wat die koning en kasteel gesamentlik maak. Oom Vee demonstreer die skuif op die bord totdat die eekies heeltemal tevrede is dat hulle goed verstaan hoe daardie twee stukke saam werk om te rokeer.

"So, dít was wat daardie verkleurmannetjiewyfie gedoen het toe ons gewonder het of sy nie besig is om te kroek nie! Dit het juis gelyk na twee skuiwe, maar dit was toe al die tyd net een skuif," sê Elkie verwonderd.

"Ja," sê oom Vee, "maar dis so goed soos twee skuiwe."

Oom Vee steek sy wysvinger in die lug en sê:

**"Goeie raad nommer 4:**

**ROKERING IS BELANGRIK – DIT HELP OM JOU KONING VEILIG TE MAAK EN 'N KASTEEL TE ONTWIKKEL."**

“Dis alles verskriklik interessant, dankie, Oom! En al hierdie goed wat Oom ons vertel het is seker alles op die webwerf, maar Oom gaan nie nou vir ons die adres gee nie, né…?” sê Elkie versigtig. Oom Vee maak of hy nie eers gehoor het nie. Hy lyk ingedagte.

Die eekies talm 'n paar oomblikke voor hulle loop. Elkie skraap die moed bymekaar en sê: “Oom Vee, ons het belowe om 'n geheim te hou, maar is dit regtig nodig dat daar tussen ons drie óók geheime moet wees?”

“Wat is dit wat julle pla, Elkie?” vra oom Vee. Die eekies wil meer uitvind oor die kroekery-storie.

“Oom Vee, kan Oom ons verduidelik wat 'n Skaaktowenaar is? En ook vertel wat by die Land van Diere se Skaakkampioenskap in 2018 gebeur het?”

Oom Vee is diep geskok; hy besef skielik die eekies weet nou wie hy is.

“Dis 'n ander storie daardie,” sê hy verslae. Hy bly 'n hele rukkie stil. Hy wil eers vra waar hulle daarvan gehoor het, maar hy wil ook nie regtig weet nie. En nog minder daaroor praat nie. Hy lyk baie ongelukkig.

Na 'n ongemaklike stilte besluit hy om tog sy eekie-vriende in sy vertroue te neem en te vertel wat ‘daardie ander storie is’.

Hy sê: “Gedurende die laaste spel van die kampioenskap in 2018 is 'n selfoon in my baadjiesak gevind. Dit is teen die reëls omdat selfone gebruik kan word om wenke op die internet te kry. Maar die foon was nie myne nie en iemand moes dit ongesiens in my baadjiesak geplant het. My baadjie het oor my stoel gehang, so dit het seker gebeur terwyl ek opgestaan het en 'n draaitjie geloop het om bietjie bene te rek.

“Maar iets was baie verdag. Net 'n kort rukkie nadat ek opgestaan het, het een van die jakkalse onder die toeskouers 'n versoek aan

die toernooidirekteur gerig. Hy het gevra: “Mevrou Toernooidirekteur, kan u asseblief seker maak dat die spelers nie selfone by hulle het nie? Ek glo nie dit was toevallig nie, want toe kry hulle ewe skielik die foon in mý baadjiesak.”

Die saak is verhoor en my opponent, Jak-jak Jakkals, het die Skaakkomitee 'n gat in die kop gepraat met sy gladde mond. En toe word ek lewenslank geskors en die titel word aan hom toegeken.”

“Oom, wat het van die selfoon geword?” vra Elkie.

# HOOFSTUK 15
# Pèpè, die Selfoonversamelaar.

“Ek het die foon gevat, al was dit nie myne nie, omdat ek van plan was om verdere ondersoek te doen. Ek wou my onskuld bewys. Maar ek het nooit sover gekom nie, eintlik nie geweet waar om te begin nie. Die foon lê nog hier iewers tussen my goed. Natuurlik nooit weer gebruik nie. Werk seker nie eens meer nie, en ek stel in elk geval nie meer belang nie.”

Oom Vee lyk nog ontsteld toe die eekies huis toe gaan. Die eekies weet nou heelwat meer, maar weet steeds nie wat die geheimsinnigheid is omtrent die webadres wat oom Vee nie vir hulle wil gee nie.

Die volgende dag speel die eekies wegkruipertjie in Grootbos, nie ver van oom Vee se boom nie. Elkie merk toevallig iemand op wat aan die anderkant van oom Vee se boom af hol en vinnig padgee. So tussen die blare deur kan Elkie nie mooi uitmaak nie, maar hy

verbeel hom dis 'n jongerige jakkals wat 'n groen lappie of iets in sy pootjie vashou.

Elkie besluit om ten minste vir oom Vee daarvan te vertel. Na die gebruiklike vriendelike groet vra Elkie versigtig: “Weet Oom van die besoeker wat nou net hier in Oom se boom was?”

“Ja. Ek weet nie eintlik wat om daarvan te maak nie, maar dit was Jak-jak se broerskind, Pèpè. Ek het hom betrap dat hy hier in my plek rondsnuffel vir iets. Hy maak toe asof hy eintlik na my gesoek het, want ‘verkleurmannetjies kan mos orals wegkruip' het hy gesê.

“Ek is maar agterdogtig, veral toe hy sê dat die jakkalse graag weer vriende met my wil wees. Toe hy sien ek val nie vir sy verduideliking nie, verander hy gladweg sy storie en sê dat hy nou 'n versamelaar van ou selfone is. En hy wil graag hoor of ek nog daardie ou selfoon het en belangstel om dit te verkoop? Hy sal my honderd rand vir die foon gee.

“Ek sê toe hy kan die foon vir tweehonderd rand kry. Hy het die teenaanbod onmiddellik aanvaar, maar het nie genoeg geld by hom gehad nie. So hy't gesê hy sal môre die geld bring en die foon kom kry.”

Op pad huis toe is daar iets wat Elkie pla, maar hy kan nie sy vingertjie daarop lê nie. Hy dink: *hoekom wil die jakkalse die selfoon hê? Versamel Pèpè nou regtig ou fone of wat is nou so spesiaal aan daardie selfoon? Het daardie selfoon dalk 'n geheim in sy binneste?*

Elkie besluit daar móét 'n rede wees waarom die jakkalse juis hiérdie foon wil hê – en hy moet uitvind wat dit is. Hy onthou skielik dat oom Vee gesê het Pèpè gaan die foon môre kom haal. Hy is vies vir homself omdat hy nie self vir die foon gevra het nie. Hy sê vir Ebie: “Môreoggend douvoordag moet ons eerste by oom

Vee kom, vóór daardie jakkals met die groen kêppie daar aankom."

Vroeg-vroeg die volgende oggend is die eekies uit die nessie en vat die pad na oom Vee. Eet so tussendeur vruggies en neute, maar daar is nie tyd om by Fyfie in te loer nie. Sy's seker in elk geval nog nie eers op nie.

"Môre, môre – jammer om Oom so vroeg wakker te maak!" roep die eekies opgeruimd uit terwyl hulle by oom Vee se boom opskarrel. Dis nog vroeg, die dag is nog besig om te breek – selfs die son sukkel nog om uit die bed te kom!

"Môre, eekies," sê oom Vee. Dis duidelik dat hy al lankal wakker is. "Wat praat julle alles man," sê hy "ek is laaankal op! Het vanoggend al goeie besigheid gedoen ook. Het 'n hele R200-nootjie in die beursie, en dit vir 'n nuttelose ou selfoon."

"Aggenee!" roep Elkie uit en hou sy gesig in sy pootjies vas. Hy is só teleurgesteld. Hulle het juis vroeg gekom sodat hulle voor Pèpè by oom Vee kon wees – maar is steeds te laat!

Dan ruk Elkie homself reg en vra: "Oom Vee, hoe lank terug was hy hier? "Skaars 'n minuut of twee."

"Weet Oom waarheen hy op pad is?"

"Seker maar Jakkalsdorp?"

"Sien Oom later, ons het ander dringende besigheid!" sê die eekies haastig en vat die pad met 'n spoed. Oom Vee roep agterna: "Wees versigtig hoor, jakkalse is lief om eekies te eet! En onthou, jakkalse is vinniger as eekies!" "Maar nie so rats nie!" roep Ebie terug oor haar skouer, sonder om haar spoed te breek.

Eekhorinkies het 'n hoogs ontwikkelde reuksintuig. Hulle neem net 'n oomblik om die reuk van die jakkals op te tel en sy spoor te vat.

Pèpè kan nie volspoed draf nie, want hy dra ongemaklik aan die lomp ou selfoon. Binne enkele minute het die eekies hom ingehaal. Hulle hou 'n veilige afstand agter hom. Hulle weet eintlik nie hoe of wat hulle moet doen nie – hulle hoop maar 'n geleentheid sal opduik om die selfoon in die hande te kry.

Elke nou en dan probeer Pèpè om 'n insek te vang of 'n hasie te jaag, maar die selfoon pla te veel. Hy kry nie iets gevang nie. Ebie merk dit op en dink Jakkalsdorp is nog 'n hele entjie weg, hy gaan seker een of ander tyd iets te ete wil kry.

Toe dit lyk asof Pèpè effens stadiger beweeg, sê Ebie: “Boetie, ek kan ook planne maak – en ek het 'n plan!”

# HOOFSTUK 16

## Die Jaagtog.

“Boetie, ek gaan voor Pèpè uithardloop en sorg dat hy my raaksien. Ek sal maak asof ek effens mank is. Dan sal hy dink hy kan my maklik vang. Maar hy sal gou-gou agterkom hy kan dit nie doen sonder om eers die foon neer te sit nie. Wanneer hy dít doen, sal ek hom lank genoeg besig hou vir jou om te 'jy weet mos wat'! En moenie bekommerd wees nie, ek sal 'n veilige afstand hou, ek is mos nie régtig mank nie! Pèpè is wel vinniger as ek, maar ek is baie ratser as hy. Het jy al mooi gekyk hoe ek kan sigsag?”

“Sigsag?” vra Elkie, “wat se nuwe woord is dit nou al weer? Nog een van jou self-opgemaakte woorde wanneer jy opstelle skryf?”

“Nee man, sigsag is mos om blitsig kruis en dwars van rigting te verander. Die Engelse sê ‘zigzag’!” lag Ebie. “Kry jou weer by die dik kremetartboom!” sê sy en woerts, weg is sy!

“Néé, Sussie, dis te gevaarlik! Neee, kom terug!” roep Elkie. Maar Ebie trek al dóér.

Dit neem nie lank vir Pèpè om Ebie raak te sien nie. Dis 'n lekker happie, dink hy – uiteindelik iets om te eet! Hy herken nogal vir Ebie en wonder waarom sy nou so effens mankerig hol. Hy weet dat 'n jakkals vinniger is as 'n eekhorinkie, so dit sal selfs nóg makliker wees, dink hy.

Pèpè hou vir Ebie in die oog en trek met mening weg. Elkie is bekommerd, en hy hou die jaagtog angstig dop. Sy hart gaan amper elke keer staan as Pèpè so aan Ebie se hakskene wil vat-vat. Dit lyk vir hom al asof Ebie haar met Pèpè se spoed misgis. Sy swenk elke keer kwalik betyds wanneer hy na haar agterpoot gryp. *O jinne*, dink Elkie, *dis net 'n kwessie van tyd dan hét hy haar!*

Na 'n paar probeerslae stop Pèpè eers. Sy asem jaag. Ebie stop ook en maak asof sy uitasem is. Pèpè moet dink sy is besig om moeg te raak, want sy wil nie hê hy moet te gou moed opgee nie. Sy hoop dit sal Elkie genoeg tyd gee om te doen wat gedoen moet word!

Pèpè bedink 'n plan. Hy sit die selfoon versigtig neer, half onder 'n bossie, en mooi toegedraai binne-in sy groen kêppie. “Foontjie”, sê hy vir die selfoon, “jy's 'n klomp geld werd, ek kom jou nou-nou weer haal! Wag vir my, jy gaan nêrens nie, hoor! Ek gaan net eers gou daardie parmantige eekhorinkie vang vir 'n smaaklike etetjie!”

Ebie is net so 'n paar meter voor hom en Pèpè trek skielik weer weg, vasberade om hierdie keer die sappige happie te vang. Dit gaan so aan vir 'n hele rukkie. Elke keer as Pèpè naby kom, verander Ebie skielik van rigting op die laaste nippertjie. Einde ten

laaste gooi Pèpè tou op. Honger of te nie besluit hy om eerder weer die selfoon te kry en dan sy duisend rand by oom Jak-jak te gaan haal.

Die eekies ontmoet weer by die dik kremetartboom. “Sussie, ek het jou gesê dis gevaarlik! Daardie jakkals het jou 'n paar keer byna-byna gevang!” raas Elkie.

“Issie!” sê Ebie.

“Is! Ek het dit met my eie oë gesien – dit was hittete!”

“Issie, dit was nie eers amper nie! Ek moes hom mos besig hou! Het jy die foon gekry?”

“Hier’s hy!” antwoord Elkie triomfantelik.

'n Rukkie later skarrel die eekies op in oom Vee se boom, 'n bietjie moeër en stadiger as gewoonlik, maar baie opgeruimd. “Oom Vee, ons is terug!” kondig hulle aan.

Elkie gaan sit gemaklik agteroor in 'n mik. Die foon steek so half onder sy blad uit. Hy sê niks nie maar sit aspris so dat oom Vee die selfoon so half-en-half kan sien.

Oom Vee frons. “Dis mos diefstal!” sê hy. “Nee, oom Vee, ons mag nie steel nie, maar ons moet dit net leen vir 'n ondersoekie,” sê Elkie. “Ons sal dit later teruggee!” Dan voeg Elkie by: “En ek was gaaf met hom... ek het darem sy groen kêppie vir hom gelos!”

“Wat ook al,” sê oom Vee ongeërg, “maar wat gaan 'n ou foon help wat seker nie eers meer werk nie? En hierso, neem die tweehonderd rand. Ek wil dit nie hê nie – gebruik dit soos julle goeddink, of spaar dit miskien vir 'n mooi nuwe skaakstel.”

“Baie dankie, Oom!” Die eekies het nog nooit so baie geld gesien nie!

Daardie aand in hul nessie, net voor slaaptyd, lê die eekies lomerig met hul kennetjies op hul voorpootjies. Hulle gesels saggies oor die gebeure van die afgelope tyd.

Elkie sê hy is bekommerd of die foon nog gelaai kan word. Hy onthou van een laai in die kas, in pa en ma se nessie, waar daar 'n klomp ou selfoonlaaiers lê. Hy gaan krap rond en toets hulle een vir een. Eindelik kry hy 'n selfoonlaaier wat lyk asof dit sal werk. Hy koppel die foon aan die batterylaaier. 'n Groen liggie flikker; dit lyk of die foon begin laai.

Elkie besluit om te gaan slaap, hy sal môreoggend verder kyk. Hy stel veral belang in watse oproepe gemaak en ontvang was.

## HOOFSTUK 17
## Elkie ondersoek die Selfoon. Openingbeginsels (vervolg).

Die volgende oggend is Elkie gretig om die foon te ondersoek. Gelukkig vra die foon nie vir 'n wagwoord of kode nie! Hy gaan na die lêer van oproepe op die foon. Daar is net een oproep ooit op rekord in die selfoon – 'n gemiste oproep van 'n onbekende nommer. Elkie merk die datum en besluit hy wil meer uitvind oor daardie gemiste nommer en skryf dit neer. Hy stel sy eie foon om die oproep op te neem.

Elkie skakel die nommer en hou sy asem op – wie gaan dit wees, want dit kan dalk 'n goeie leidraad wees! Die foon lui net 'n kort rukkie voordat iemand antwoord. “Goeiemôre, dis mevrou Jakkals wat praat.”

Elkie is verstom. Hy maak of dit 'n verkeerde nommer is en lui af. Hy besef hier gaan iets aan! Híérvan gaan hy werk maak.

Maar die eekies moet eers gaan vir hul volgende les. Oom Vee wag en hulle moenie weer laat wees nie.

Oom Vee spring dadelik weg. Hy verduidelik verder oor openingsbeginsels. Hierdie keer oor 'senterbeheer'. Dis nog 'n woord wat die eekies nog nooit gehoor het nie.

“Senterbeheer is om beheer te hê oor die middel van die bord,” sê oom Vee. Hy illustreer geduldig voorbeelde daarvan op die bord. Hy plaas 'n perd in die een hoekie van die bord en vra. “Na hoeveel blokkies kan hy beweeg?” Die eekies bestudeer die bord. “Twee” antwoord hulle. Oom Vee plaas dieselfde perd in die middel van die bord. “Na hoeveel blokkies kan die perd nou beweeg?” Die eekies kyk weer. “Agt!” sê hulle verbaas. “Vier keer meer!”

“So, eekies, jou stukke dek meer blokkies en het dus meer slaankrag en natuurlik ook meer verdedigingskrag wanneer hulle in die middel van die bord is. Daar kan soms uitsonderings wees, maar normaalweg ontwikkel jy jou stukke na die middel van die bord, na die senter,” sê oom Vee.

Oom Vee steek sy wysvinger in die lug en sê:

**“Goeie raad nommer 5:**

**TWEEDE OPENINGBEGINSEL: SPEEL VIR SENTERBEHEER.”**

Oom Vee noem dat daar ook maniere is hoe om nié te ontwikkel nie soos byvoorbeeld om met net een stuk op sy eie op loop te gaan, sonder ondersteuning van ander stukke. Hy sê: “Jou stukke moet saamwerk! Geen stuk wat alleen veg gaan oorleef nie!”

Die skoolvakansie is verby en die eekies gaan opgewonde terug skool toe. Gewoonlik is hulle nie juis te gretig om terug skool toe te gaan nie, maar hierdie keer is dit anders. Hulle wil met Juffrou praat om skaak by die skool te begin.

Die tweede periode van die eerste dag terug op skool gee juffrou Anna Eekhoring 'n wiskundeles.

Juffrou Anna is 'n gewilde juffrou. Sy is baie lief vir die kinders en die kinders voel dit aan. Sy doen regtig haar bes sodat die kinders hul skoolwerk moet geniet, al bly dit maar 'n opdraande stryd! Wanneer juffrou Anna voor die klas staan om 'n les te gee, en oor haar brilletjie met die ronde ogies loer, dan lyk sy baie streng. Tog weet die kinders sy het 'n hart van goud.

Juffrou Anna begin die les en waarsku ernstig: “Kinders, die standaard van wiskunde sal van nou af drasties moet verbeter anders gaan julle almal wiskunde soos vlieë dop.” Ja-nee, dink Elkie, dit maak sin – almal weet mos g’n vlieg staan 'n kans om wiskunde deur te kom nie!

“Ek het juis gister in die koerant gelees van 'n ander skool waar dit só sleg gaan met die wiskunde dat die skool besluit het om op te hou met wiskunde as skoolvak. Moed opgegee, net omdat die kinders só swak in wiskunde doen. Maar dis nie wat óns wil doen nie, nè?”

Toe Juffrou praat van 'n skool wat opgehou het om wiskunde te gee, sit Gapie skielik regop. “Watter skool is dit Juffrou? Het Juffrou vir my hulle kontaknommer asseblief?” vra Gapie hoopvol. Die ander kinders lag en sien wat Gapie se plan is. Party stem sommer saam ook!

Gapie is 'n skamerige eekieseun, praat nie veel nie, maar kom tog dikwels uit met pittige sêgoed. Hy is tengerig gebou en dra 'n bril wat heeltemal te groot is vir sy skraal gesig. En te losserig pas. Om te keer dat die bril nie afval nie, druk Gapie gedurig die bril

terug met die palm van sy regterpootjie, want hy gebruik sy linkerpootjie om te skryf.

Wanneer Gapie vooroor leun by sy lessenaar om te lees of te skryf, moet hy heeltyd die bril in posisie hou. Gapie sukkel ook maar met die wiskunde, maar juffrou Anna ken kinders en sy weet Gapie het net 'n selfvertroue probleem. Daar's niks fout met Gapie se kop nie!

Juffrou Anna sê: "Dit sal mos baie beter wees as ons iets kan doen om ons punte in wiskunde te verbeter as om op te hou met die vak, of hoe, eekies?" Gapie stem nie saam nie, hy glo daardie ander skool se idee is die beste, die skool wat wiskunde gaan kanselleer.

Elkie steek sy pootjie op, want hy dink hier is nou sy kans. Hy sê: "Juffrou, ek weet van 'n speletjie wat ons almal kan help om beter te vaar in wiskunde én wetenskap."

"'n Speletjie wat help met wiskunde en wetenskap?" vra juffrou Anna verbaas. Sy en die klas is nou die ene ore.

# HOOFSTUK 18

## Die Klaskamerbespreking. Spesiale skuiwe.

Gapie se vlammetjie is aangesteek en hy het vandag meer te sê as gewoonlik. "Ek glo nie daardie storie nie, Juffrou. Ek het al baie Slangetjies en Leertjies en Monopoly gespeel, maar dit het my net mooi niks met wiskunde gehelp nie. In elk geval nie so dat jy dit sal agterkom nie. Wat wiskunde aanbetref, is ek en die vlieë steeds kop-aan-kop!" voeg hy droogweg by.

Maar Juffrou antwoord: "Kom ons hoor wat Elkie te sê het!"

Elkie begin om te vertel van die spel skaak. Hy noem goeie redes waarom kinders skaak moet speel, en redes waarom skole skaak moet aanbied. Hy voeg by: “Daar is selfs redes waarom grootmense skaak moet speel!”

“Sonder om lang stories te maak, Elkie, kan jy vir ons die belangrikste van daardie redes gee?” vra Juffrou.

“Met graagte, Juffrou,” sê Elkie en val weg: “Beste van alles, Juffrou, is natuurlik dat skaak 'n lekker speletjie is. Dis die nommer een rede! Maar verder, vir kinders is dit 'n belangrike voordeel dat, volgens talle wetenskaplike studies, dit hulle help om probleme makliker uit te werk en op te los. Dis dinge wat kinders kan help om beter te vaar in vakke soos wiskunde en wetenskap.”

Elkie gaan voort en sê dat skaak ook selfvertroue en dissipline by kinders bevorder.

“En wat van grootmense?” vra juffrou Anna. Elkie is bly oor die vraag en hoop heimlik juffrou Anna wil self leer om die spel te speel! Elkie sê: “As ouer mense, en ouer eekies ook natuurlik, gereeld skaak speel kan dit hulle help om nie so vergeetagtig te word nie – want dit hou hul breine besig.”

Juffrou Anna sê: “Baie dankie vir die kort opsomming, Elkie ... maar waar kom jy aan al hierdie slim goeters?”

“By 'n goeie vriend gehoor, Juffrou! Maar die voordele van skaak is ook algemeen beskikbaar op die internet!” voeg hy by.

Juffrou Anna stap diep ingedagte en al fronsende op en af tussen die skoolbanke. Die kinders wag in spanning – wat gaan Juffrou sê? Dan sê sy: “Goed, ek sal die saak met ons skoolhoof, meneer Akkerhoven, bespreek. Hy sal moet sê.”

Later die middag, na skool, daag die eekies by oom Vee op. Hulle vertel opgewonde dat Juffrou belowe het om met meneer Akkerhoven te praat om met skaak in die skool te begin. Oom Vee

glimlag en knik tevrede. Hy sê: “Nou sal julle éérs vinnig moet leer om goed te kan speel, eekies!”

“Kom ons gesels oor die enigste twee spesiale skuiwe in skaak wat julle nog nie ken nie.  Daar is drie spesiale skuiwe in skaak en julle weet nou al van die eerste een, naamlik rokering. Die ander twee is ‘en passant’ en ‘promovering’.”

Oom Vee vertel eers en verduidelik dan op die bord alles in verband met ‘en passant’. Dis 'n spesiale pionskuif. Dan, oor promovering, vra hy: “Weet julle wat ‘promovering’ beteken?” “Nee, sorrie, Oom!”

“Ai, nou moet ek julle nog Afrikaans ook leer? Promovering beteken om bevorder te word om 'n hoër posisie te kry. Soos wanneer 'n onderwyser bevorder word na skoolhoof.”

“O,” sê Ebie, “ek moet sê ‘promovering’ klink vir my na 'n anglisisme, Oom … hoekom gebruik ons dan nie liewer net die woord 'bevordering' nie?” Oom Vee weet nie juis mooi hoe om dit te verduidelik nie en sê net half verleë: “Dis maar hoe die skaakspelers praat, Ebie. Dis hoekom!”

Elkie het nog nooit van 'n ‘anglisisme’ gehoor het nie, maar wil ook nie sy onkunde uitbasuin nie. Hy sê maar niks nie – hou hom uit die gesprek. Vanaand, wanneer niemand kyk nie, kan hy gaan opkyk wat ‘anglisisme’ beteken.

Oom Vee sê: “Maar nou ja, wat ek eintlik wou sê is: as 'n pion die anderkant van die bord veilig kan bereik, mag hy promoveer na enige ander stuk. Net nie 'n koning nie. So 'n pion promoveer gewoonlik na 'n koningin, want sy is die sterkste stuk. Maar dis nie 'n moet nie. Dikwels maak daardie een pion wat promoveer die verskil tussen wen en verloor.”

“So as hy wil, kan hy 'n perd word?” vra die eekies.

“Hy mag as hy regtig wil, maar dit gebeur selde!” sê oom Vee.

“En as hy 'n pion wil bly?” Oom Vee sê: “Vra vir enige pion of hy 'n pion wil bly – hulle het álmal ambisie. Almal wil promoveer, so die antwoord is 'nee'!”

“Kan hy een van die opponent se stukke word, oom Vee?” vra Elkie moedswillig.

# HOOFSTUK 19

## Eekies se besoek aan Jak-jak se huis.

“Dit sou 'n belediging wees vir enige pion!” sê oom Vee gemaak-kwaai. “Om al die gevare te trotseer en dit te maak tot aan die anderkant van die bord … en dan vir die vyand te begin veg? Nee, géén pion is só 'n verraaier nie! Goed dan, dis genoeg vir vandag, eekies!”

“Alles op die webwerf?” vra die eekies, want dan kan 'n ou mos later op jou eie tyd weer gaan kyk, dink hulle. Hulle wil veral weer kyk na 'en passant'.

“Ja, maar ek gaan nie sê nie,” antwoord oom Vee en sluit die les dadelik af.

Daardie aand, in hul nessie, probeer Elkie iets uitwerk. As die selfoon oom Vee s’n was, waarom sou mevrou Jakkals hom dan wou bel? Hoe sou sy selfs dan sy nommer geken het? Ja-nee, dit lyk vir seker vir hom asof die jakkalse iets met die saak te doen gehad het. *Hoe kan ek meer uitvind?* wonder Elkie.

Elkie maak 'n plan. Hy vra Ebie om te help. Vir 'n paar dae na skool hou hulle Jak-jak en sy vrou se blyplek dop. Hulle sien daar is twee ingange. Die jakkalse gaan elke nou en dan uit, maar nooit vir lank nie en gebruik áltyd die voordeurgat.

Op die derde dag neem die jakkalse 'n paar sakke saam toe hulle uitgaan. Die eekies vermoed hulle gaan langer weg wees as gewoonlik, gaan miskien inkopies doen. Dalk kan hulle 'n paar uur weg wees – dis die kans waarvoor Elkie gewag het.

“Sussie, ek gaan gou in Jak-jak se huis rondkyk. As hulle te gou terug is moet jy net 'n harde eekie-skree gee. Dan kan ek deur die agterste uitgang ontsnap sonder dat die jakkalse eers weet ek was daar,” sê Elkie.

Elkie gaan by die jakkalse se huis in en begin soek. Hy neem foto’s sover hy gaan. Hy krap rond in die laaie en soek in die rakkies. Hy is veral op die uitkyk na ou papiere of dokumente. Hy pak alles weer netjies terug net soos hy dit gekry het. Die jakkalse moenie van die besoek weet nie.

Elkie sien 'n trofee op die een kas en lees die inskripsie daarop: ‘Jak-jak Jakkals, Land van Diere Skaakkampioen – 2018’. Hy neem 'n foto van die trofee.

Elkie kry eers nie wat hy soek nie, maar dán sien hy oplaas 'n stapeltjie dokumente wat so half onder 'n houtboks weggepak is. Dit lyk na 'n hopie ou papiere – dis dalk net waar hy moet soek. Hy haal dit uit en begin om deur die dokumente te blaai.

Elkie kom af op 'n aansoekvorm vir 'n selfoon. Hy kyk vlugtig na die besonderhede op die vorm. Hy neem vinnig 'n paar foto’s. Sy hartjie bons woes!

Dan hoor hy onverwags jakkalsstemme by die agterste ingang. O jinne, Jak-jak en sy vrou is terug!

Jak-jak sê: “Wat ruik so snaaks, Vroulief? Ek dink hier is iemand in ons jakkalsgat? Is hier dalk iemand wat my trofee wil steel? Vroulief, gaan keer gou by die voorste ingang en maak seker dat niemand met my trofee probeer ontsnap nie! Ek kyk gou rond om uit te vind wat so ruik.”

Elkie wonder waarom Ebie hom nie gewaarsku het nie? Hy besef die jakkalse het nie by dieselfde gat ingekom waar hulle uitgegaan het nie, so miskien het Ebie hulle nie gesien nie, en weet steeds nie dat die jakkalse al terug is nie.

Elkie besef hy is in diep moeilikheid. Aan die een kant versper Jak-jak die uitgang na die agterdeur en by die voordeur is sy vrou. Daar is geen kans om ongemerk te ontsnap nie! *Wat moet ek doen?* dink hy paniekerig.

Elkie is te verskrik om te kan beweeg. Hy staan doodstil en hoor hoe Jak-jak al met die gang af al hoe nader kom. Hy dink: *miskien moet ek gou wegkruip en wanneer die jakkalse dalk 'n middagslapie neem, probeer om ongesiens uit te glip? Nee, dit sal ook nie help nie*, besluit hy, *teen daardie tyd het hulle my beslis al uitgeruik.*

Jak-jak kom steeds nader en is nou skaars 'n paar meter van Elkie af. Elkie weet nie wat om te doen nie. Dis asof die tyd stilstaan. Dit voel soos 'n ewigheid.

Dan is daar 'n klop aan die deur by die voorste ingang.

# HOOFSTUK 20

## Die Sensusopname. Die handskrifontleder.

Mevrou Jakkals is juis daar en maak die voordeur oop. Sy groet die besoeker en roep dan in die gang af: “Jak-jak, hier is 'n jong dame van die sensuskantoor. Hulle doen 'n volkstelling van al die jakkalse. Sy sê hulle begin met die jakkalse wat die meeste in aansien is. Sy sê sy sal jou nogal graag persoonlik wil ontmoet. Sy verstaan jy is 'n voormalige Land van Diere Skaakkampioen.”

Jak-jak is baie in sy noppies en glimlag by homself. Hy roep terug: “Ek kom nóú, sê sy moet net 'n oomblikkie wag!” Jak-jak stap na die naaste spieël, kam sy kuif en gaan haal sy breërandhoed – 'n jakkals weet mos nooit of die sensusdame dalk 'n foto wil neem nie.

Jak-jak kom tot vlak voor Elkie. Al snuiwende dink hy die reuk is nou darem baie sterk! Hy huiwer eers 'n rukkie. Maar hy is meer ingenome met die bewonderaar wat by die voordeur wag en hom graag wil ontmoet. Hy besluit dis seker die sensusopnemer wat hy ruik. *Sy gaan sekerlik vir my handtekening ook vra*, dink hy terwyl hy afdraai in die gangetjie na die voordeur.

*Die sensusdame lyk vir my nogal jonk*, dink mevrou Jakkals, so al asof sy nog op skool kan wees. 'n Grootoog, donkeroog eekhorinkiemeisie, met pragtige bolwangetjies. Blink en sagte haredos. Te oulik! Mevrou Jakkals vra vir die jong dametjie: “En waar is jou voorstellingsbrief en die papiere wat ingevul moet word? Ons laat nie sommer enigiemand in ons huis toe nie, veral nie as ons nie seker is wie hulle is nie, hoor?”

Die jong dame glimlag innemend en antwoord: “Mevrou, deesdae werk ons mos papierloos en alles word met die selfoon opgeneem. Later by die kantoor word alles digitaal afgelaai en op rekord geplaas. Ons help maar vir bietjie sakgeld, Mevrou.”

“O,” sê mevrou Jakkals, heel tevrede met die verduideliking. Sy is nogal beïndruk met die kind wat bereid is om werkies te doen vir ekstra sakgeld.

Dis net die kans wat Elkie nodig het. Hy neem die aansoekvorm, wat hy steeds in sy pootjie het, saam en is blitsig by die agterdeur uit. Ebie is nêrens te siene nie … seker reeds huis toe, dink hy. Hy vat self die lang pad huis toe en sak uiteindelik en uitasem op sy bedjie by die huis neer. Maar Ebie is nie daar nie!

Waar is Ebie? wonder hy. Hy is bekommerd en besluit om al die pad terug te gaan om te kyk wat van haar geword het. Hy hoop net sy is veilig ...

Net toe glip Ebie in. “Waar was jy, Sussie? Ek was só bekommerd!” vra Elkie angstig, maar tog verlig.

“Uhm … Boetie, ek het maar besluit om gou 'n sensusopname onder die jakkalse te doen …!”

“Wat! Was dit dan jy...?” begin Elkie.

“Ek het lekker met oom Jak-jak en tannie Jakkalina oor alledaagse ditjies en datjies gesels. Uitgevra oor oom Jak-jak se trofeë. Ek het sommer ook gevra vir 'n selfie met oom Jak-jak terwyl hy my sy handtekening gee.” Sy tik behendig met haar vingertjie op haar selfoon se raakskerm en draai die foon na Elkie. “Kyk maar, dit kan dalk help met ons ondersoek, of hoe?” vra sy.

*Woah! Sy het vinnig gedink en my lewe gered!* dink Elkie. Hy is ook baie beïndruk met die handtekening wat sy gekry het en dat dit nogal op 'n selfie vasgelê is. Dit kan sowaar baie goed te pas kom! *Is die skaak al klaar besig om hierdie sussie van my briljant te maak?* lag Elkie by homself.

“Hoe het jy daaraan gedink om met daardie plan vorendag te kom, Sussie?” vra Elkie bewonderend. “Lewenservaring is nie al wat tel nie, Boetie. 'n Tikkie briljantheid so nou en dan kan mos nie kwaad doen nie – kan net help!”

Elkie is opgewonde oor sy vonds in Jak-jak se huis. Terug by hul nessie neem hy sy tyd en bestudeer die aansoekvorm wat hy saamgebring het. Hy besluit om die aansoekvorm en die handtekening wat Jak-jak aan die ‘sensusdametjie’ gegee het na 'n handskrifontleder op die dorp te neem.

“Kan Oom asseblief hierdie handskrifte met mekaar vergelyk en ook kyk of die handtekening op die aansoekvorm 'n verkleurmannetjie s’n kan wees?”

“Ja, goed, jong man, maar dis duur, nè. Dit gaan tweehonderd rand kos. Het jy soveel geld?”

“Geen probleem, Oom.”

“Ek sal jou laat weet wanneer die verslag gereed is,” belowe die handskrifontleder.

Elkie het gehoop om die tweehonderd rand wat hulle by oom Vee gekry het, te hou vir 'n marmerskaakstel, maar die geld is nou nodiger vir 'n belangiker saak. Dan het hy darem ook nog omtrent honderd en tagtig rand in sy spaarrekening, maar hy wil verkieslik nie daaraan raak nie.

Die eekies besluit om vir eers niks van hulle ondersoek aan oom Vee te sê nie.

Die skoolhoof se besluit oor skaak in die skool was goeie en slegte nuus. Meneer Akkerhoven se antwoord aan juffrou Anna was: “Baie dankie vir die voorstel, Juffrou Anna, dis 'n puik idee! Ons gaan begin met skaak in die skool, want dit is in belang van ons kinders.” Toe voeg hy by: “En Juffrou Anna, jy is sommer die skaakonderwyser ook. Jy kan volgende Maandag ná skool begin!”

Juffrou Anna kyk angstig rond in die klas en sê: “Ek weet nie genoeg van skaak nie, kinders! Wat gaan ek doen?”

# HOOFSTUK 21
## Skaak in die skool. Afruilings.

”Ons sal help, Juffrou” sê Elkie. “Ek en Ebie het laas vakansie baie geleer oor skaak.” Hy rep steeds nie 'n woord oor die oom nie. Hy mag mos nie.

“Dankie Elkie, en wie gaan my help om orde in die skaakklaskamer te handhaaf?” vra juffrou Anna terwyl sy rondkyk in die klas.

Die kinders belowe soos een man om saam te werk om orde in die skaakklasse te hê. En Doemie steek sy pootjie op en sê: “Ek gaan ook help, Juffrou, want dissipline en orde is mos my sterkpunt!” glimlag hy ondeund.

Doemie is daarvoor bekend dat as hy jou kwaai aangluur, dan werk jy saam! Almal praat al van die 'die gluur', maar weet ook dis nie veel meer as lighartige goedigheid nie!

Doemie is 'n sterk en fris voorryman en onderkaptein van die eersterugbyspan. Elkie dink hy weet waar die ‘dissipline en orde is mos my sterkpunt’ vandaan kom. Hy vermoed dit het iets te doen met wat daar binne in die deurmekaar losskrums aangaan; daar waar die skeidsregter nie kan sien nie!

Intussen het die skoolhoof, meneer Akkerhoven, 'n aankondiging oor die interkom gemaak. Hy het gesê dat die skool onder leiding van juffrou Anna die volgende week met skaaklesse gaan begin. Almal is welkom, maar die lesse is vrywillig – niemand sal gedwing word om dit by te woon nie.

Meneer Akkerhoven het ook 'n omsendbrief aan al die ouers gestuur om hulle daaroor in te lig. Hy het hulle aangemoedig om skaakstelle aan te skaf om by hul huise te speel. Hy het ook

gereël om skaakstelle vir die skool aan te koop wat vir juffrou Anna se lesse gebruik gaan word.

Daar heers gróót opwinding, want die lesse begin reeds die volgende week!

Met die eekies se volgende les by oom Vee, sê hy: “Vandag kyk ons na nóg 'n belangrike aspek van skaak, en dit is afruiling.”

“Afruiling?” vra die eekies nuuskierig.

“Afruiling in skaak is wanneer spelers mekaar se stukke vang – ‘jy vang een van mý stukke en ek vang een van jóú stukke’,” verduidelik oom Vee. “Goeie afruilings is belangrik, want dit help jou om eindelik die oorhand oor jou opponent te kry. Dis 'n groot deel van skaak. Jy kan 'n goeie afruiling maak, of 'n gelykop afruiling of 'n swak afruiling. Wat dink jy is 'n goeie afruiling, Elkie?”

“Dis seker wanneer jy 'n beter of sterker stuk van jou opponent kry as die stuk wat hy van jou kry!” sê Elkie.

“Ja, en wat is 'n swak afruiling, Ebie?” “Dis wanneer jou opponent 'n goeie afruiling maak – ha-ha!” lag Ebie.

Oom Vee steek sy wysvinger in die lug en sê:

**“Goeie raad nommer 6:**

**DIS BELANGRIK OM GOEIE AFRUILINGS TE MAAK – DIT KAN JOU HELP OM LATER DIE OORHAND TE KRY.”**

“Maar, eekies,” waarsku Oom Vee, “soms kan jy bereid wees om selfs 'n swak afruiling te maak as dit jou gaan help om 'n dodelike aanval op jou opponent se koning te maak. Ons noem dit 'n ‘offer’ (die Engelse sê ‘sacrifice’, of sommer ‘sac’ vir kort). Dan het jy wel minder of swakker stukke as jou opponent, maar sy koning is in die moeilikheid of sy posisie verswak.”

Maar onthou om altyd dubbel seker te maak dis die moeite werd, sodat jy nie 'n offer maak sonder dat daar voldoende verbetering in jou posisie is nie. En onthou ook dat jou opponent ook so iets in die oog mag hê om jou onkant te vang!”

Na die les sê Elkie: “Oom Vee, ek wil net noem dat Oom mos self gesê het dis 'n goeie ding as ons skaak in die skole kan hê, nè?”

“Ja,” antwoord oom Vee, “natuurlik!”

“Wel, ons skoolhoof het nou die wonderlike nuus aangekondig dat skaakklasse volgende week by die skool gaan begin!”

“Uitstekend,” roep oom Vee uit.

“Maar oom Vee, ons skaakjuffrou is bekommerd. Sy weet nie genoeg van skaak om die kinders te kan leer nie. Ons kan haar probeer help, maar dink Oom nie die webwerf sou haar baie kon gehelp het nie?”

“Ja, Elkie, dit sou beslis die ideale oplossing gewees het,” sê oom Vee, maar dan groet hy kortaf en ferm. “Sien julle môre, eekies!”

Terwyl die eekies by die boom afskarrel, dink oom Vee na oor wat Elkie gesê het. Hy verstaan die juffrou se probleem maar al te goed en voel nogal jammer vir haar. Dit pla hom so bietjie dat dit eintlik sý voorstel was dat skaak in die skool moes begin, en nou sit die juffrou met die probleem.

Op pad terug, bel die handskrifontleder vir Elkie en sê dat die verslag gereed is. Die eekies gaan kry eers gou die tweehonderdrand, wat Pèpè vir die ou foon betaal, by die boomhuis. Hulle haas hul na die handskrifontleder. Die man sê: “Ek hoop dit help, dit sal tweehonderd rand wees, dankie.”

Elkie oorhandig die tweehonderde rand. Die man neem die noot en hou dit teen die lig. “Hierdie noot is nie reg nie, dis 'n vervalste

noot – ek kan dit ongelukkig nie aanvaar en vir jou die verslag gee nie” sê hy.

Elkie is verskriklik teleurgesteld want die verslag is belangrik vir sy ondersoek. En nou lyk hy nog na 'n bedrieër ook, en dít omdat Pèpè met 'n vervalste noot betaal het.

“Ek sal Oom weer kom sien,” is al wat Elkie kan sê. Die eekies keer onverrigter sake en baie teleurgesteld terug na hul boomhuisie.

Later daardie middag by die skool kry juffrou Anna 'n boodskap oor die interkom. Die sekretaresse van die hoof se kantoor sê: “Juffrou Anna, hier is 'n oproep vir jou in meneer Akkerhoven se kantoor. Die beller wil graag met die onderwyser praat wat met die skaaklesse gaan begin! Kan jy die oproep kom neem, asseblief? Die man het so 'n krakerige stem, klink so al vir my asof hy 'n ouerige verkleurmannetjie kan wees.”

## HOOFSTUK 22
## Juffrou Anna kry hulp. Skaakklasse by die skool.

Juffrou Anna stap gou kantoor toe en die sekretaresse fluister vir haar voor sy die foon oorhandig: “Hy wil nie sê wie hy is nie... !”

Juffrou Anna neem die foon en die stem aan die anderkant sê: “Juffrou Anna, jy ken my nie, maar ek het gehoor van die taak wat jy het om die skoolkinders af te rig in skaak. Ek kan jou help as jy belowe om vir niemand te sê waar jy jou inligting vandaan kry nie.” Dan sê hy: “Ek weet van 'n webwerf wat jy baie behulpsaam mag vind.”

Juffrou Anna belowe om nie uit te praat nie en die man lees vir haar die adres van 'n webwerf. Sy skryf dit versigtig neer. Om seker te maak sy het die adres reg neergeskryf begin sy om die adres te herhaal, maar dan hoor sy die beller aan die anderkant het reeds afgelui. En sy het nie eers kans gekry om dankie te sê nie!

By die huis bespreek Elkie en Ebie hul dilemma oor die verslag wat die man nie wou gee nie. Elkie sê: “Sussie, selfs as ek al my spaargeld uithaal dan het ek maar honderd en tagtig rand. Dis nog nie genoeg nie.”

“Boetie, ek kan help, want ek kan die twintig rand waarmee ek vir my daardie stelletjie oorbelle wou koop, afstaan. Ek doen dit met graagte as dit oom Vee kan help,” sê Ebie.

Elkie weet hoe graag Ebie die oorbelle wil hê, en sy kan dit juis nou kry want dit is op 'n 'spesiale aanbod'. Sy sal seker nie weer daardie geleentheid kry nie, dink hy. “Dankie, Sus,” sê Elkie. Hy byt op sy lip en kyk anderkant toe.

Daardie aand na ete neem juffrou Anna haar skootrekenaar en gaan sit gemaklik op die rusbank. Sy tik die webwerf se adres in en begin kyk na wat daar is. Juffrou Anna is verstom, sy kan haar oë nie glo nie!

Daar is álles wat sy nodig het. Volledig aflaaibare skaak videolesse in Afrikaans! Dis ideaal vir enige een, van jonk tot oud, wat wil leer om skaak te speel. Dis geskik om in skaakklasse by die skool te gebruik of vir ouers om by die huis saam met hul kleuters deur te werk! Ouer kinders kan dit gemaklik self deurwerk.

Juffrou Anna lag by haarself – *Elkie en Ebie gaan nie 'n idee hê waar ek aan my skaakkennis kom nie!* En sy hoef hulle mos nie te vertel nie! Om die waarheid te sê, sy mág hulle nie eers vertel nie!

Juffrou Anna begin dadelik tyd maak om die lesse self deur te gaan. Dis net 'n paar dae, toe is juffrou Anna slaggereed om met die skaakklasse te begin.

Een van die interessante punte op die webwerf is dat 'n onderwyser of ouer nie noodwendig self 'n uithalerspeler hoef te wees om leiding te gee nie. Die lesse doen dit! Dis nie soos met wiskunde of biologie waar die onderwyser kundiger hoef te wees as die kinders nie.

Die eerste skaakklas by die skool begin. Dis maar raserig, want die opwinding onder die aspirant-skaakspelers is hoog. Juffrou Anna herinner hulle almal aan hul belofte om ordelik te wees. En saam te werk. Doemie staan nou en dan op en gluur in die rondte. En dit help sowaar – wel, ten minste vir 'n rukkie!

Juffrou Anna se plan is om elke klas te begin deur 'n les van die webwerf voor te speel – so gaan sy sommer ook saam met die kinders leer. Daarna miskien 'n kort bespreking van die les, en genoeg tyd vir speel. Dis belangrik dat hulle so gou moontlik begin speel – dit is die lekkerste deel en die beste manier om die eekie-kinders se belangstelling aan te wakker – en te behou.

Tydens die eerste klas begin juffrou Anna met die eerste videoles wat sy van die webwerf gekry het. Sy speel dit op 'n groot skerm wat aan haar skootrekenaar gekoppel is. Elkie en Ebie is verbaas; waar kom juffrou Anna aan hierdie les? Wie het dit gedoen, wonder hulle? Want 'n hart van goud alleen is nie genoeg om hierdie goedjies sommer self op te maak nie! Het sy die video's self gemaak? – nee, natuurlik nie, besef hulle, dis nie eers háár stem nie!

Juffrou Anna merk teleurgesteld op dat Gapie nie na die les gekom het nie, maar sy sou niks daaroor sê nie – Meneer Akkerhoven het mos gesê dit is elkeen se eie keuse, niemand word gedwing nie.

Juffrou Anna gesels gemaklik oor die pak van die bord. Elkie en Ebie is verstom en kyk vraend na mekaar. Hulle kyk met nuwe bewondering na hul juffrou!

Ebie bied aan om haar rympie te sing oor hoe die bord gepak word. Elkie sing nie weer saam nie, want netnou stel iemand weer voor hy moet maar liewer eendag 'n ingenieur of rekenmeester word. En dit wil hy nie weer hoor nie!

# HOOFSTUK 23

## Lesse by die skool (vervolg). Uitspeelwedstryde.

Gedurende die lesse besef Elkie dat juffrou Anna die lesse waarskynlik van 'n webwerf af kry. *Waar anders?* dink hy. *Miskien kan ek en Ebie darem na hierdie webwerf gaan as oom Vee dan nie sy webadres wil gee nie*, dink hy verder. Elkie is opgewonde en na die les vra hy: “Kan Juffrou gou vir ons die webadres gee vir die lesse, asseblief?”

“Jammer Elkie, kan nie,” sê juffrou Anna kort en ferm, en verander sommer die onderwerp. Sy het mos vir oom Vee belowe om niks te sê nie. Wat gaan aan? wonder Elkie – nou is Juffrou ook nog ontwykend!

Tussendeur die klas dink juffrou Anna elke nou en dan hoe bly sy is vir die onverwagte oproep en welkome hulp wat sy gekry het – en dit nogal van 'n wildvreemde verkleurmannetjie-omie. Sy sou hom graag wou ontmoet en bedank, maar hy het nie eers sy naam gegee nie, net die webadres.

Aan die einde van die les sê juffrou Anna: “Kinders, goed, ons is klaar vir die dag, pak vir ons die borde en stukke netjies weg. En

na elke les, onthou om altyd te sorg dat die stukke almal daar is voor julle wegpak, nè! Tel hulle, want as 'n stuk êrens verlore onder 'n bank of stoel lê, moet jy nie dink hy gaan vanaand, wanneer alles stil en donker is, self sy pad terugkry na die sakkie nie!”

Voor die tweede les merk Juffrou iemand op wat nog buite die half-oop deur staan. Sy stap soontoe en loer agter die deur. Dis Gapie. Gapie se bril wil-wil afval toe hy skamerig af kyk. Hy keer net betyds en stoot die bril terug met die palm van sy regterpootjie. Hy stamel effens en vra: “Juffrou, mag ek ook inkom asseblief?”

“Natuurlik, Gapie!” sê Juffrou vriendelik, “kom in!” Sy is effens bewoë, want sy het maar 'n sagte plekkie vir Gapie. Sy kyk anderkant toe om dit nie te wys nie. Sy merk op hoe hy probeer om ongesiens 'n plekkie heel agter in die klaskamer te kry.

Later die middag gaan die eekies terug na die handskrifontleder. Elkie oorhandig die tien R20-note – dit sluit Ebie se bydrae in. “Oom, hier is die geld. Hierdie keer is dit reg, jammer oor daardie verkeerde noot,” sê Elkie. Die man hou die note een vir een teen die lig op en sê: “Ja, dit lyk goed, dankie. Hier is die verslag.”

Elkie blaai gou na die laaste bladsy om die bevinding te sien. Hy kyk en kyk weer, en sy hartjie bons amper by sy keel uit. Dís nou vir jou 'n ding, dink hy! Hy lees ook vir Ebie die bevinding en hulle is albei baie opgewonde. Hulle geldsake lyk nou wel beroerd, maar dis oor en oor die moeite werd, dink hulle terwyl hulle vrolik huiswaarts keer.

Die weeklikse klasse by die skool vorder goed. Tussendeur moedig juffrou Anna die kinders aan om dikwels by die huis te speel. En om familie en vriende te kry om ook te speel. “Leer vir Pa en Ma om te speel, en oefen dikwels teen mekaar. Julle het gehoor dis goed vir húlle koppe ook! En moenie heeltyd teen hulle wen nie, hoor! Verloor maar so nou en dan, al is dit aspris. Veral

teen julle pa’s, want hulle is partykeer maar fyngevoelig daaroor om so aanhoudend deur die kinders geskaakmat te word!”

Na een van die lesse vra juffrou Anna vir die kinders hoe dit by die huis gaan met skaak. Oor die algemeen is die eekie-kinders baie opgewonde en daar is baie reaksie. Een sê: “Juffrou, ek is net jammer ek het nie die raad gevolg om so nou en dan aspris teen Pa te verloor nie. Want ons soek nou nog na party van die stukke wat dóér deur die lug getrek het toe ek Pa vir die derde keer na mekaar geskaakmat het!”

Na 'n paar weke stap juffrou Anna tydens 'n skaakles tussen die borde deur en loer belangstellend na Gapie se spel. Dit lyk of hy dit al hoe meer geniet en uit sy dop begin kruip. En hy speel al hoe beter ook. Sy is verheug en glo dit gaan hom met sy skoolwerk ook help.

Aan die einde van een van haar lesse maak juffrou Anna 'n aankondiging: “Met die volgende klas gaan ons uitspeelwedstryde begin vir plekke in die Eekiespanne om teen skole in naburige dorpe te speel.”

Sanlie vra: “Juffrou, ek wil nie stres om 'n span te haal nie, kan ek nie asseblief maar net vir die pret speel nie?” “Natúúrlik, Sanlie, speel jy maar net om die spelle te geniet!”

Maar 'n paar ander, soos Gertjie en selfs Gapie, maak dit duidelik hulle het 'n ogie op 'n plek in 'n span. “Verkieslik die eerstespan!” sê Gertjie vasberade.

Daar is nou groot opwinding; wie gaan die spanne haal?

# HOOFSTUK 24

## Skaakmatpatrone. Spanaankondiging. Taktieke.

Tydens nog 'n les in Grootbos, begin oom Vee: “Eekies, teen die einde van skaakspelle is daar dikwels dieselfde soort posisies wat gereeld voorkom. Byvoorbeeld, wanneer 'n speler met net 'n koning en 'n koningin eindig teen sy opponent wat net 'n koning het. Of miskien 'n koning en twee kastele teen slegs 'n koning.

Vir elkeen van daardie gevalle is daar standaardmetodes of patrone wat gevolg kan word om die alleen-koning gou-gou te skaakmat. Ons noem daardie patrone ‘skaakmatpatrone’. Om jou skaakmatpatrone te ken is handig omdat jy dit oor en oor kan gebruik om 'n goeie posisie om te skakel in 'n ‘wen’!”

Ebie, wat net weet van patrone wat haar ouma gebruik om rokke te maak of truie te brei, is die ene ore. “Skaakmatpatrone? – dit klink nou interessant!” sê sy.

“Kom ek wys vir julle 'n paar van die patrone wat die meeste in skaak voorkom en wat julle by die huis kan gaan oefen,” sê oom Vee en demonstreer verskillende kombinasies totdat die eekies goed verstaan. Dan steek hy sy wysvinger in die lug en sê:

**“Goeie raad nommer 7:**

**OEFEN JOU SKAAKMATPATRONE!”**

Oom Vee sluit die les af: “Volgende les gaan wees oor ‘taktieke in skaak’.”

Terug by die skool, na 'n paar weke van uitspeelrondes, en kwaai kompetisie vir punte om die spanne te haal, word die spanne aangewys. En ook 'n kaptein vir elke span. Juffrou Anna sê die kaptein hoef nie die beste speler te wees nie, maar word aangewys as gevolg van sy of haar leiereienskappe. Sy sê 'n leier moet altyd 'n goeie voorbeeld wees, iemand wat die belange van

die span op die hart dra. “Dis nie om baasspelerig te wees nie!” verduidelik juffrou Anna.

Juffrou Anna kondig die spanne aan volgens die uitslae in die uitspeelrondes.

Elkie is Bord 1 van die eerstespan en ook kaptein. Die res van die eerstespan is Gertjie op Bord 2, Soekie op Bord 3 en Ebie op Bord 4. Doemie het vyfde geëindig en is Bord 1 van die tweedespan. Hy word ook aangewys as kaptein van die tweedespan.

Gapie, wat negende geëindig het, haal ongelukkig net-net nie die tweedespan nie. Juffrou Anna is teleurgesteld daaroor; tog besef sy dit moet maar so wees. Dit sal nie reg wees om hom in die span te sit ten koste van 'n ander speler wat beter gevaar het en óók net so graag in die span wil wees nie.

Hoewel Gapie baie teleurgesteld is, kry dit hom nie onder nie. Hy belowe om net harder te probeer om die span te haal. Hy toon al hoe meer tekens van 'n vegter wat nie sommer opgee nie.

In nog 'n les skop oom Vee af met: “Vandag praat ons oor die belangrikste taktieke in skaak.”

“'Taktieke’ is slim skuiwe wat jy kan maak of strikke wat jy kan stel om van jou opponent se stukke te vang of om goeie afruilings af te dwing. En natuurlik moet jy altyd probeer verhoed dat jou opponent nie taktieke op jóú kan gebruik nie.”

Oom Vee demonstreer voorbeelde van verskillende taktieke soos vurke, penne, ontmaskerskaak, ensovoorts. Dan voeg hy by: “Dikwels word 'n spel gewen deur kombinasies van taktieke. Dis nou waar briljantheid inkom!” Hy steek sy vinger in die lug en sê:

**“Goeie raad nommer 8:**

**KYK UIT VIR TAKTIEKE, EN VERAL KOMBINASIE VAN TAKTIEKE**

**• VURKE • PENNE • ONTMASKERSKAAK.”**

Na afhandeling van die uitspeelwedstryde en aanwysing van die spanne is die eekies gereed om ander skolespanne in die Land van Diere in vriendskaplike wedstryde aan te pak.

---

# HOOFSTUK 25

## Eekies teen die Jakkalse. Pat. Fases van 'n Skaakspel.

Die eekies se eerste vriendskaplike wedstryd is teen die jakkalse. Juffrou Anna en die bestuurder van die Jakkalsspan, ene Jak-jak Jakkals, groet mekaar vriendelik. Hy stel homself eerstens voor as die Land van Diere se Skaakkampioen van 2018 en daarna as bestuurder van die Jakkalsspan.

Jak-jak sê sy span is nie op volle sterkte nie, want een van sy beste spelers, genaamd Pèpè, is ongesteld en kan nie vandag speel nie.

Die kapteins en lede van die spanne groet mekaar beleefd. Toe Elkie die jakkalsspelers ontmoet dink hy hulle lyk darem na 'n gawe klomp ouens, baie vriendelik en aangenaam. Maar hy het gehoor dis hoe jakkalse is. *Ons sal maar moet sien*, dink hy versigtig.

Die eekies het sleg verloor teen die jakkalse. Net Soekie kon in haar spel gelykop speel. Dit was wel net 'n vriendskaplike

wedstryd, maar Elkie is bekommerd. As dit so aangaan, watse kans het hulle om te kwalifiseer vir die kampioenskaptoernooi later in die jaar? wonder hy.

Die aand na haar wedstryd teen die jakkalse kla Ebie by Elkie. Sy sê: “Toe ek sy koning vasgekeer het aan die een kant van die bord, het hy skielik sommer nóg 'n koning op die anderkant van die bord. En toe sê hy net ewe 'o, askies man’, en haal min gepla die een koning, die een wat in die moeilikheid was, van die bord af! En die ander een, wat veilig staan, hou hy op die bord om verder te speel! Nou wil ek weet: wat moet ek doen as my opponent kroek?”

“Jy moet dit dadelik onder my, as kaptein, se aandag bring en dan rapporteer ons dit aan die toesighouer in beheer – terwyl die bewyse nog daar is,” sê Elkie.

“Kan ek nie 'n opponent wat kroek sommer net daar en dan uitsorteer met daardie ‘ouchi-gari’-judogooi wat jy my geleer het nie?” vra Ebie.

“Nee, Sussie, jy kan nie 'n opponent wat kroek met daardie ‘ouchi-gari’ judogooi uitsorteer nie. En óók nie met enige ander judogooi nie,” sê Elkie vermanend, ingeval dit is wat sy in gedagte het. Hy voeg by: “Geweld is nie die manier om verskille op te los nie.”

Ebie sê: “Ha! Maar volgende keer sal hulle nie wegkom met hul jakkalsstreke nie. Hou my dop!”

Dan voeg sy by: “En as geweld dan so verkeerd is, hoekom ‘ouchi gari’ jy mý dan gereeld?”

“Ek het jou al gesê, Juffrou Eekhoring, dis net om jou paraatheid op te skerp!”

“Ag, dis nou 'n nuwe rekord vir 'n jok!” snip Ebie.

Met die volgende les vertel oom Vee die eekies alles van ‘pat’ (die Engelse noem dit ‘stalemate’) en hoekom dit 'n gelykop is en nie 'n wen nie. Aan die einde van die les sê die eekies, “en is die pat-storie is ook op die webwerf, oom Vee?”

Oom Vee maak of hy nie gehoor het nie en sê: “Net nog iets oor ‘pat' – ‘pat’ gebeur dikwels wanneer een speler heeltemal die oorhand het, maar dan nie versigtig is om 'pat' te vermy nie. Dan speel hy net gelykop terwyl hy eintlik moes gewen het.”

Oom Vee se wysvinger is al weer in die lug en hy sê:

**“Goeie raad nommer 9:**

**OPPAS VIR ‘PAT’ – VERAL IN 'N SPEL**

**WAAR JY DIE OORHAND HET.”**

Met die eekies se volgende les, begin oom Vee: “Ek gaan julle vandag vertel van die fases van 'n skaakspel.” Hy verduidelik hoedat, na die openingspel, die middelspel en daarna die endspel volg – en wat belangrik is vir elke fase!

Een voorbeeld wat oom Vee noem is dat dit in die endspel belangrik is dat die koning baie meer aktief moet wees.

Die eekies raak al hoe meer opgewonde oor die spel ‘skaak’! Hulle wil nog vra of die detail op die webwerf is, maar oom Vee se wysvinger is reeds in die lug en hy sê:

**“Goeie raad nommer 10:**

**IN DIE EINDSPEL, MOET DIE KONING AKTIEF**

**WEES EN GAAN HELP.”**

Elkie is ingedagte. Soveel van die dingetjies wat juffrou in haar lesse in die skool vertel, is selfs woordeliks net soos wat oom Vee hulle ook leer. Is dit toevallig? Elkie begin wonder...

# HOOFSTUK 26

## Oorgee? Goeie sportmanskap. Notasiestelsel.

Aan die begin van nog 'n les begin oom Vee: “Eekies, wat doen 'n speler as hy gedurende 'n spel voel sy posisie is hopeloos en hy kan maar net sowel oorgee?”

“Oom, hy kantel sy koning en laat hom op sy sy lê. Dan steek hy sy poot uit en sê: ‘Ek gee oor, geluk’. En dis nog beter as hy vriendelik kan glimlag,” rammel die vriendelike Ebie af.

“Jaaa, maar dis nie 'n vereiste nie, nè!” voeg Elkie vinnig by, “want dis nie so maklik om vriendelik te wees as jy verloor het nie, nè!”

“Ja, maar probeer darem jou bes!” lag oom Vee.

Oom Vee sê: “Eekies, ons praat nou van oorgee, maar jy gee nie sommer oor nie, hoor! Dikwels as jy baie ver agter is en jou hoop om te oorleef is maar skraal, is jou opponent oorgerus en speel hy nie versigtig genoeg nie. Hy kan jou byvoorbeeld in pat sit en dan is dit natuurlik gelykop terwyl hy eintlik moes gewen het. Of hy maak nie seker dat jy hom nie heeltemal onverwags, en teen die verloop van die spel, op die agterlyn kan skaakmat nie. Of hy kan, wie weet, nog enige ander dom ding aanvang.”

“So, jy speel aan en gee hom eers kans om 'n fout te maak, hopelik 'n grote! En oppas, natuurlik, dat jy nie in dieselfde strik trap wanneer jý die een is wat ver voorloop nie, hoor!”

Oom Vee se wysvinger is al weer in die lug! Hy sê:

**“Goeie raad nommer 11:**

**MOET NOOIT TE GOU OORGEE NIE. GEE JOU**

**OPPONENT EERS KANS OM SELF**

**IETS DOMS TE DOEN.”**

Dilwels vra die eekies sommer net algemene vrae oor skaak. Soos: “Oom Vee, vertel ons waar pas goeie sportmanskap in by skaak?” Oom Vee sê: “Soos in alle sportsoorte is dit goeie sportmanskap om binne die reëls en die gees van die spel te speel. En om jou opponent met respek te behandel. Dis nie om gunsies en gawes uit te deel nie, of om aspris te verloor sodat hy nie sleg moet voel nie.”

Dan voeg oom Vee versigtig by: “Behalwe as jy teen jou pa speel, nè, dan is dit 'n teken van goeie sportmanskap om nie altyd net jou beste spel te lewer nie, verloor maar so nou en dan – dit kan ook sommer baie help om die vrede in die huis te bewaar!” Het oom Vee geknipoog toe hy dit gesê het, of het hulle hul verbeel? wonder die eekies.

“Oom Vee, vertel ons hoe sommige spelers al hul skuiwe in 'n boekie opskrywe.”

Oom Vee verduidelik: “Hulle gebruik 'n notasiestelsel. Dis 'n eenvoudige manier om skuiwe op te skryf sodat jy later weer na die spel kan gaan kyk om dit te ontleed.

“Jy leer baie deur weer oor jou spelle te gaan. Om te noteer is nie noodsaaklik vir nou nie, want nie alle spelle hoef opgeskryf te word nie. Maar kom ek wys julle in elk geval hoe dit werk.”

Oom Vee trek 'n potlood en papier nader en verduidelik hoe om die skuiwe neer te skrywe. Dan mompel hy iets van 'n webwerf, maar verander die onderwerp en sê: “Sommige grootmeesters speel gereeld vertoonwedstryde teen tien of twintig of meer spelers tegelyk. En hulle wen gewoonlik álmal. Dit word 'n ‘simultaan’ genoem. En partykeer is hulle selfs geblinddoek. Wonder julle hoe dít werk?”

Die twee eekies sit vinnig regop en is omtrent verwonderd. Hoe kan iemand geblinddoek skaak speel, sonder om na die bord en stukke te kyk. “Is dit miskien towerkunsies of iets?” vra hulle.

Oom Vee lag: “Grootmeesters se skaakbreine is net eenvoudig ongelooflik ontwikkel … dis net dat hulle die prentjie van die bord en die stukke in hul kop ‘sien’, selfs as hul oë toe is! Dis moeilik vir gewone ouens om te verstaan hoe hulle dit regkry, maar daar is niks skelm daaromtrent nie!”

Die eekies is skepties. “Oom Vee, jy is mos 'n skaakgrootmeester, selfs 'n Skaaktowenaar,” sê die eekies. “Kan jý al hierdie dinge doen? Kan jy geblinddoek speel?” Die eekies knipoog vir mekaar... daar het ons hom nou, dink hulle!

# HOOFSTUK 27

## Blinddoekskaak. Eekies teen die Skilpaaie.

Oom Vee kyk rond, wys met sy vinger en sê: “Ebie, bring daardie rooi lappie wat daar anderkant lê. Elkie, pak solank die bord reg terwyl Ebie my blinddoek.”

Nadat Ebie hom geblinddoek het, loop oom Vee voel-voel na 'n takkie hoër op. Hy maak homself gemaklik. Hulle begin speel.

Die eekies maak hul eerste skuif op die bord. Deur die notasiestelsel te gebruik sê hulle hardop vir oom Vee wat daardie skuif is – want hy kan mos nie self sien nie. Dan sê oom Vee vir hulle wat sy volgende skuif is. Die eekies maak oom Vee se skuif op die bord namens hom. Dan is dit weer hulle beurt. So gaan dit 'n rukkie aan. Maar sommer gou-gou is die eekies kniediep in die moeilikheid.

Elkie dink gou aan 'n plan. Hy is nie eintlik 'n skelm ou nie, maar hy reken hulle sal iets moet doen om uit die moeilikheid te kom.

Hul selfrespek kan darem nie toelaat dat hulle verloor teen 'n ou wat geblinddoek is nie, skaakgrootmeester of te nie!

Elkie wonder of oom Vee 'n effense ‘foutjie’ sal agterkom. Hy knipoog vir Ebie en fluister in haar oor: “Een ou ligte kroekie sal seker nie te ernstig wees nie, of hoe?” “Néé, ons speel nie skelm nie,” fluister Ebie streng terug.

“Ag, miskien kom oom Vee nie eers agter nie,” antwoord Elkie gedemp. Hy gaan hom nie laat afsien van sy plan om uit die moeilikheid te kom nie. Hy skuif sy koningin sommer bo-oor 'n pion en vang een van oom Vee se biskoppe wat aan die anderkant van die pion staan! Dis 'n onwettige skuif wat hy natuurlik nie mag doen nie! Hy kondig nogtans die skuif aan vir oom Vee: “Koningin op d1 neem biskop op d5!”

Dit neem net 'n oomblik vir oom Vee om kwaaibaadjie aan te trek. Hy sê: “Eekies! Hoe speel julle dan nou soos die jakkalse? Vat daardie skuif terug en sit my biskop terug op sy plek! Die koningin mag mos nie bo-oor die pion op d4 beweeg nie!”

Ebie rol haar oë en fluister vir Elkie: “Sien jy, boetie, ek het jou mos gesê! Maar, o jinne,” vervolg sy “hy ken darem sy storie, né – lyk my hy is regtig 'n Skaakgrootmeester, of selfs 'n Skaaktowenaar!”

Die eekies is verstom. Hulle het nou met hul eie oë gesien hoe iemand geblinddoek skaak speel – en jou sommer uitvang ook as jy 'n fout maak of selfs kroek!

Elkie maak asof dit per ongeluk was en plaas oom Vee se biskop terug. Hy is nogal spyt dat hy dit gedoen het. Hy belowe homself om nooit weer soos 'n jakkals te speel nie.

Soos hulle verder speel is Elkie baie versigtig dat hulle nie weer ‘per ongeluk’ 'n fout maak nie. Maar dis in elk geval nie lank nie of die eekies word geskaakmat!

'n Paar dae later ontvang juffrou Anna 'n oproep van die skaakonderwyseres van die Skilpadskool. Mevrou Vatjoutyd sê sy hoor die eekies het begin om skaak te speel. Sy nooi hulle uit vir 'n vriendskaplike wedstryd.

Juffrou Anna aanvaar die uitnodiging met graagte en is veral bly toe sy hoor hulle gaan met skaakhorlosies speel. Die eekiespelers het nog nie met skaakhorlosies te doene gekry nie en dit sal baie help met die oog op toekomstige toernooie waar daar wel met horlosies gespeel word.

Mevrou Vatjoutyd verduidelik hoe die horlosies werk en sê dat as 'n speler 'n skuif gemaak het moet hy onthou om die horlosie aan sy kant se knoppie te druk. Dit stop die horlosie aan sy kant, en die tyd op die ander speler se horlosie begin loop. As 'n speler se tyd op is, dan verloor hy. “Meeste spelle eindig darem met 'n skaakmat voordat een van die spelers se tyd op is,” sê mevrou Vatjoutyd.

In die wedstryd vergeet Elkie toe juis na een van sy skuiwe om sy klok se knoppie te druk. Skillem Skilpad, sy opponent, dink toe darem ekstra lank – daar’s geen haas nie, want hy dink mos nou op Elkie se tyd! En dit lyk nie of Elkie dit betyds gaan agterkom nie.

Elkie het toe nie sy fout agtergekom nie en hy verloor op die uiteinde sy spel op tyd.

Die wedstryd teen die skilpaaie eindig gelykop. “Les geleer, kaptein?” het sy spanmaats gevra, en hulle oë groot gerek, baie groter as wat rêrig nodig was. “Dis darem 'n verskriklike dom fout om te maak,” fluister hulle onder mekaar, maar so dat Elkie dit ook moet hoor!

“Hy's mos lief om ons te vermaan, dis nou sy beurt,” het hulle lekker agteraf, maar goedig, daaroor gelag.

Die besoek aan die skilpaaie was baie leersaam. Die skilpaaie is 'n goeie span en juffrou Anna skep moed vir die Eekiespan met die oog op kwalifisering vir die kampioenskapstoernooi. En die oefening met die skaakhorlosies was ook waardevol.

## HOOFSTUK 28

## Raak-en-skuifreël. Kwalifiserende wedstryde.

Dikwels, met die eekies se besoekies by oom Vee, het o

om Vee nie 'n formele les gegee nie, maar sommer net teen hulle gespeel. Tussendeur die spelle het hy dan hulle skuiwe bepreek en raad gegee. Die eekies het baie geleer deur daardie spelle en dit besonder geniet en interessant gevind!

Oom Vee het sommer ook oor algemene skaakdingetjies gesels. Byvoorbeeld: “Onthou julle die eerste les waarin ek julle gesê het om jul voorpote agter julle rug te hou? Die reël waarvan ek julle nou gaan vertel, is nog 'n rede waarom julle dit moet doen. Luister mooi ...

“In skaak is daar 'n reël genaamd ‘raak en skuif’ (touch move in Engels). As dit jou beurt is om te skuif en jy vat aan een van jou stukke, dan móét jy daardie stuk skuif. Of as jy aan een van jou opponent se stukke geraak het, byvoorbeeld met die voorneme om die stuk te wen, kan jy ook nie meer van plan verander nie – jy moet hom vang.”

“Oom Vee, partykeer staan die stukke mos bietjie skeef op die blokkies. So as jy aan 'n stuk raak net om hom reg te skuif, móét jy daardie stuk skuif – dit klink nie reg vir my nie?” sê-vra Ebie en haar eekie-neusie krinkel in 'n frons. “As dit net is om hom reg te

skuif, en mits jy vooraf sê ‘ek verstel’, dan mag jy wel die stuk mooi reg op sy blokkie plaas. Die reëls laat dit toe.”

In die daaropvolgende weke het die eekies teen ander naburige spanne gespeel. Hulle het ook begin deelneem aan kwalifiserende wedstryde vir die kampioenskapstoernooi vir laerskole, wat later in die jaar plaasvind.

Na oorwinnings oor die Likkewane en Muisvoëls en 'n gelykopuitslag teen die Vlakvarke moes hulle in hul laaste wedstryd net ten minste gelykop gespeel teen die Papegaaie om te kwalifiseer. Dus, na 'n oortuigende 4 – 0 oorwinning teen die Papegaaie was hulle koppe deur.

“Groot toenooi, hier kom ons!” het die Eekiespan opgewonde uitgeroep na daardie wedstryd terwyl hulle mekaar opgewonde 'n hoogvier gee. Dit sou 'n hoogvyf kon wees, maar eekhorinkies se voorpote het net vier dierevingers, oftewel toontjies!

Die papegaaie se probleem in daardie wedstryd was juis dat Elkie geweet het van die papegaaie se swakpunt, naamlik dat hulle die standaard openinge ken maar sonder om die beginsels van openingspel te verstaan. Hy het dus sy spanmaats aangemoedig om met onverwagte (maar nie onverskillige!) openingskuiwe vorendag te kom. Dit het die papegaaie heeltemal ontsenu en hulle het nie geweet hoe om die situasies te hanteer nie.

Tydens die klasoefeninge het die spelers mekaar oor en weer uitgedaag om hul posisies in die spanne te probeer verbeter, om op 'n hoër bord te speel. Toe die jongste ranglys aan Juffrou voorgelê word, merk sy daar is 'n nuweling in die tweede span. Na 'n hele paar gunstige uitslae, haal Gapie vir die eerste keer 'n span – en wel op Bord 3 vir die tweede span.

Terug in die klaskamer was dit weer tyd vir die toetsreekse. Toe die uitslae van die wiskundepunte uitgelees word, is daar 'n groot verrassing! Gapie het nie soos gewoonlik soos 'n vlieg gedop nie

– hy is los deur met vlieënde vaandels! Wel, dis ten minste hoe hy sy punt van 43% beskryf het!

Toe Gapie sy punt hoor sê hy: “Juffrou, hoeveel is 'n onderskeiding?” Juffrou Anna lag net en sê: “Nog 'n hele paar ekstra persentasietjies, Gapie, maar hou jy net so aan … die rigting is reg!” Dan voeg sy by: “Die klas se gemiddelde wiskundepunt lyk reeds beter en ek vermoed die skaaklesse het iets daarmee te doen!” Juffrou Anna lyk baie tevrede en is duidelik ingenome met die vordering.

Gapie kondig toe ook sommer aan: “Wiskunde is my beste vak!” Maar 'n paar klasmaats lag onderlangs en mompel: “Dit sê nie veel van jou ander vakke nie, nè!” Gapie hoor dit en lag self saam. Selfs Juffrou Anna glimlag en sê: “Ja, dis goed wanneer iemand vir jouself ook kan lag, nè!”

Die eekies besoek oom Vee nog gereeld en hy gaan voort om interessante dingetjies in verband met skaak te noem. Een so 'n keer vra hy: “Tussen hoeveel spelers is 'n skaakspel?”

“Dis mos twee spelers,” antwoord die eekies, so half-verbaas dat die Skaaktowenaar darem so 'n simpel vraag kan vra! “Ja, en onthou dit!” sê oom Vee nadruklik. “Moenie inmeng met twee ander spelers se spel nie – dit is gewoonlik nie welkom nie. Skaak is 'n spel tussen twee spelers,” waarsku oom Vee.

Hy hou sy wysvinger in die lug en sê:

**“Goeie raad nommer 12:**

**MOENIE INMENG IN ANDER SPELERS SE SPEL NIE!”**

Tydens nog 'n les gesels oom Vee rustig. Hy sê: “Eekies, in skaak, wanneer jy jou opponent se koning in skaakmat sit, is die spel dadelik oor. Jy haal nie sy koning van die bord af soos jy normaalweg met 'n ander stuk sou doen nie. En jy hardloop nie in

die gange af terwyl jy sy koning bokant jou kop swaai en skree: ‘Begrafnistyd, sy koning is oorlede!’ nie.”

Een middag, aan die einde van 'n les by die skool, maak juffrou Anna weer 'n opwindende aankondiging: “Eekies, ons het baie goed gevorder met die lesse. Ons is nou gereed om ons eerste ope-dag skaaktoernooi by die skool te kan hou.”

“Jippiee!” jil die eekies, “dít gaan gróót pret wees!”

## HOOFSTUK 29
## Die Opedagtoernooi.

Die Saterdagoggend breek aan en groot opwinding heers, nie net onder die spelers nie, maar ook onder die familie en vriende.

Daar was niemand onder al die eekhorinkie pa’s en ma’s wat ervaring gehad het om ‘n skaaktoernooidirekteur te wees nie, so juffrou Anna het 'n spesiale versoek aan ene mevrou Kameela Kameelperd van Kameelperddorp gerig om dit te kom doen.

Mevrou Kameela Kameelperd is 'n grootkop in skaakgeledere. Haar lang bene en nek maak dat sy tydens toernooie bo-oor almal kan sien en sy weet presies wat op die borde aangaan – sy mis niks nie! Sy is ook die voorsitter van die Land van Diere se Skaakvereniging (LDSV) en is nie bietjie bewus van haar status nie. En sy vat g’n nonsies van g’n dier nie!

In die Land van Diere se skaakkringe is almal versigtig om nie in mevrou Kameelperd se slegte boekies te kom nie. Dit is welbekend hoe sy, wanneer sy ontevrede is oor iets, eers haar oë met die lang ooghare so knip-knip, en dan so effens skuins draai

om haar hoek reg te kry. Dis sodat sy gou 'n blitsskoppie kan uitdeel wanneer sy meen dit kan help om 'n probleempie op te los!

Mevrou Kameelperd aanvaar juffrou Anna se uitnodiging met graagte. Sy is gretig om behulpsaam te wees met die ontwikkeling en uitbreiding van skaak in Eekiesdorp.

Die oggend van die toernooi is daar 'n goeie opkoms en daar was net-net genoeg stelle. Maar met een van die stelle is daar ongelukkig 'n wit pion en 'n swart kasteel kort, soos dit soms gebeur wanneer skaakstelle nie ordentlik na 'n spel weggepak word nie.

Mevrou Kameelperd maak 'n plan en sê: “Kry vir ons twee koeldrankproppies!” Hulle soek gou-gou rond en kry twee koeldrankproppies – een 'n witte en die ander een 'n rooie. “Die wit proppie is nou 'n wit pion en die rooi proppie 'n swart kasteel,” verklaar mevrou Kameelperd.

Een van die ouers vind fout met die reëling en sê: “Ek kan my wel indink dat 'n wit proppie 'n wit pion kan wees, maar hoe op aarde kan 'n rooi koeldrankproppie nou 'n swart kasteel wees?” Mevrou Kameelperd skud net haar kop en sê: “Almal moet asseblief hul verbeelding beter gebruik, ons kan nie nou anders nie.” Sy sug en mompel binnensmonds: “Kinders kan jy nog kortvat, maar met skaakouers moet jy baie geduld hê!”

Uiteindelik begin die spelle. Daar is heelwat voorvalle waaraan mevrou Kameelperd moet aandag gee. Sommige spelers raak so opgewonde en is só gretig om 'n stuk van die opponent te vang dat hulle per ongeluk die bord omstamp. In ander gevalle is dit nie so seker dat dit per ongeluk was nie.

Party ouers leef hulle so in die tweestryd tussen hulle bloedjies in dat hulle hul skoon verbeel húlle is deel van die wedstryd. Amper asof dit familie teen familie is.

Na een van die rondes klou een spelertjie tranerig aan sy ma se rok. Die arme eekiekind snik: “Ek was besig om heeltemal te wen toe 'blunder' ek my koningin.”

“Nee, o jinne!” sê sy pa “ons kan nie ons tale so mieks, ek bedoel meng, nie! “Watse ge-‘blunder’ is dit, my kind? Sê liewer jy het 'n flatertjie met jou koningin gemaak, of so iets!”

“Nee, Pa, 'n flatertjie is as jy 'n pion verloor, maar om jou koningin te verloor is 'n flater met 'n hoofletter ‘F’!”

In die laaste ronde speel Soekie teen Gertjie. Om die titel te wen het Soekie net 'n gelykop nodig, terwyl Gertjie sal moet wen as hy die wenner van die eerste ope-toernooi wil wees.

In die middelspel is Soekie reeds ver af in materiaal, dit wil sê, sy het heelwat minder stukke as Gertjie. Sy staan ook heeltemal verlore toe hulle die eindspel ingaan. Sy oorweeg dit om oor te gee, maar onthou die raad wat in een van die klasse gegee is: “Moenie te gou oorgee nie, gee jou opponent eers kans om self 'n dom fout te maak, hopelik 'n grote!”

Soekie skuif ongeërg 'n stuk waar Gertjie dit sommer net kan vat. En sy kyk kamstig ewe belangstellend na wat gebeur op die bord langsaan. Gertjie dink dit wys sy het reeds aanvaar sy gaan verloor en sy stel nie eers meer belang in haar eie spel nie. Hy is ver voor en konsentreer nie juis nie. Soekie merk dit op en stel, steeds gemaak-ongeërg, vir hom 'n strik.

# HOOFSTUK 30

# Die Opedagtoernooi (vervolg). Eekies weer by die Boom.

Toe dit vir Gertjie lyk of Soekie haar koningin ook sommer net verniet weggee, gryp hy haar koningin gulsig. Maar die posisie op die bord is toe so dat Soekie, wat nie in 'skaak' is nie, ook nie enige wettige skuif kan maak sonder om in 'skaak' in te beweeg nie. Dit beteken dit is pat – en dit was 'n baie dom ding wat Gertjie gedoen het!

Soekie kyk op, steek haar voorpootjie uit en sê: "Pat, gelykop. Dankie vir die spel, Gertjie! En die titel!" voeg sy glimlaggend by.

Gertjie kan dit nie glo nie, hy was dan so ver voor! Elkie lag en swaai sy vingertjie vermanend voor sy neus. Hy sê: "Eekies, wanneer jy ver agter is, werk dit nie altyd om jou opponent eers 'n kans te gee om 'n dom fout te maak nie. Maar soms kan dit, en hierdie keer het dit! Probeer dit maar altyd eers voor jy sommer net oorgee! "Les geleer, Gertman!" sê hy terwyl hy Gertjie troos met 'n simpatieke klop op die rug en byvoeg: "En geluk, jy't in elk geval beter gevaar as ek, hoor!"

Na afloop van die toernooi sê mevrou Kameelperd: "Juffrou Anna, baie geluk met die vordering van skaak in Eekiesdorp. Julle het 'n goeie opkoms gehad. Ek vertrou dat daar nog vele meer sulke toernooie in Eekiesdorp sal wees."

Juffrou Anna antwoord: "Baie dankie Mevrou, ons sou dit nie kon doen sonder u hulp nie. U het die toernooi op 'n baie bekwame wyse hanteer. Dis duidelik dat u weet wat u doen!"

"Ag, ons hoef nie so formeel te wees nie, noem my sommer Kameela," sê mevrou Kameelperd.

“Kameela? O, dieselfde as Kameela, koningin van England?” vra juffrou Anna bewonderend. “Ja, nes jy daar sê ... die Afrikaanse weergawe,” antwoord Kameela gemaak-nederig, maar binne-in blom sy van trots!

Van toe af is juffrou Anna en mevrou Kameelperd besties en noem hulle mekaar op hul voorname – niks meer ge-‘u’ nie, dis net *jy* en *jou* en *Anna* en *Kameela*!

Die groot toernooi, die Land van Diere se kampioenskap vir skoleskaak, begin oor drie dae. Toe hulle die oggend opstaan sê Elkie: “Sussie, ek het 'n skitterende plan! Kom ons gaan maak 'n draai by die veldwagters.”

“Wáát?! Vir wat? Is hulle nie renosterstropers nie? Dit kan mos gevaarlik wees,” waarsku Ebie.

“Ag wat, hulle hoef ons mos nie te sien nie. En ons was lanklaas daar. Ons kyk net of hulle nog daar by dieselfde boom kom sit en skaak speel.”

“So, jy wil nie teen hulle speel nie, nè?” vra Ebie verlig. “Nee, dis te gevaarlik; ons wil ook nie hê een van daardie veldwagters se blink stokke moet vir ons loer nie!”

“Goed so,” stem Ebie opgewonde in, “kom ons gaan!”

Daar aangekom, staan die houtstompe steeds op dieselfde plek, maar daar is geen skaakstel nie. “Die veldwagters neem seker elke keer die waardevolle marmerstel saam,” sê Elkie, effens teleurgesteld. “Hulle kan natuurlik nie die hiënas vertrou nie!

“Ons sal moet wag en sien of Piet en Jan nog kom speel,” sê Elkie.

Nie ver van die houtstompe nie sien Ebie 'n draadhokkie wat nie laas daar was nie. Nuuskierig soos sy is, besluit sy om ondersoek in te stel terwyl hulle vir die veldwagters wag.

Ebie besef nie dis 'n strik vir jakkalse of hase of eekhorinkies nie. Binne-in die hokkie is 'n bakkie met iets wat soos grondboontjiebotter lyk én ruik. Nogal 'n gunstelinglekkerny vir die eekies!

Ebie kom niksvermoedend nader en besluit om 'n lekseltjie te proe – lyk darem al te lekker! Sy strek haar voorpootjie uit na die bakkie. Elkie is te laat om haar te keer en alles gebeur so vinnig … in 'n oogwink val die deurtjie van die strik en Ebie is binne-in vasgekeer.

Die eekies probeer desperaat om 'n uitgang te kry, of te maak, maar niks help nie. Elkie raak paniekerig en Ebie begin te huil.

Intussen daag die veldwagters op. Voor hulle gaan sit, kyk Jan eers in die rigting van die strik wat hulle gestel het. Hy roep opgewonde uit: “Piet, ons het een! Dis 'n eekhoring!”

“Man, vandag is ons gelukkige dag! Vanoggend het ons die renosterhorings vir 'n groot wins verkoop, en nou het ons ook 'n lekker jong eekhoring gevang. Sal haar net eers so 'n bietjie vetvoer vir 'n paar dae, vir 'n ekstra smaaklike eekhoringpotjie!”

Die eekies hoor die gesprek. Elkie is verslae en verward. Hy weet nie wát om te doen nie. Hy besef hy moet helder dink. *Moet ek bly of moet ek gaan hulp soek? Maar wat help dit as ek bly?* dink hy. *Daar is niks wat ek hier kan doen nie.*

Elkie, wat vinnig weggekruip het buite sig van die veldwagters, wil graag by Ebie verby hol om vir haar sê hy gaan hulp soek. Dan weet sy ten minste hoekom hy weg is. Maar as hy dit doen, kan die renosterstropers hom dalk sien en ook vang of skiet. En as hulle hóm kry, dan kan hy ook nie vir Ebie help nie.

Elkie besluit hy moet maar liewer gou maak – ongelukkig sonder om vir Ebie te sê – en by Eekiesdorp se polisiestasie uitkom. Die kans is skraal dat hulle iets kan doen, maar dis die enigste hoop.

Na 'n ruk wonder Ebie waar Elkie is. Sy lê opgekrul in die hoekie van die draadhokkie en snik saggies. Sy is alleen en vasgekeer. Sy kan nie glo wat gebeur het nie. Sy is ook verbaas en baie teleurgesteld dat haar boetie haar sommer net so aan haarself oorgelaat het.

# HOOFSTUK 31
## Elkie soek hulp. Die Soekspan.

Elkie hol so vinnig soos nog nooit tevore nie, terug deur Grootbos na Eekiesdorp se polisiestasie. Hy vertel tranerig en stamelend wat gebeur het.

Die polisieman is baie besorg en probeer om Elkie te kalmeer. Hy sê: “Die Eekiepolisie is nie opgewasse teen gewapende renosterstropers nie. Ons sal Renosterdorp se polisie dringend kontak. Hulle kry soms hulp van Mensedorp se polisie wat natuurlik ook gewere het. Hulle is beter toegerus om sulke probleme te hanteer. Gaan solank huis toe, ons sal julle op die hoogte hou,” sê die polisieman.

Elkie is baie ontsteld terwyl hy die vreeslike ding wat gebeur het aan Pa en Ma verduidelik. Hulle is natuurlik verskriklik geskok en Pa dink, ‘ek het julle mos gewaarsku’, maar hy besef dit is nie nou die tyd om so iets te sê nie.

Intussen het Piet en Jan hulle spel klaar gemaak en opgepak. Hulle vat die pad na hul kamp 'n paar kilometer verder, diep weggesteek in Grootbos. Jan dra die draadhokkie saam, met Ebie nog binne-in vasgekeer.

By hulle kampplek aangekom, smyt Jan die draadhokkie onversigtig op die grond neer. Ebie val sleg binne-in die hokkie. Sy voel 'n skietpyn en gee 'n uitroep terwyl sy haar skouer gryp. Jan lag, en gaan sak tevrede terug in sy kampstoel.

Die helper wat deur die dag die kamp oppas, is klaar besig om die ketel op die vuur te sit vir koffie.

Die Eekiedorppolisie skakel die volgende dag vir Pa-eekie. Die polisieman lig hom in dat hulle met Renosterdorp se spesiale taakmag vir renosterstropery kontak gemaak het. Díe het belowe om so gou moontlik te kyk of hulle die stropers kan opspoor. Hy sê: “As hulle die stropers opspoor hoop ons dit is nog betyds om Ebie te red.”

Op die derde dag nadat Ebie gevang is, teen die middag se kant, lê Ebie in die hokkie aan die een kant van die kamp. Sy is ongemaklik en haar skouer is steeds baie seer. Al is sy in die nood en in lewensgevaar, dink sy tog vir 'n oomblik aan die skaaktoernooi wat môre gaan begin.

Ebie wonder hoe dit gaan met Elkie en die span. En wie hulle in haar plek gaan kry? Doemie, wat Bord 1 van die tweede span is, sal seker opskuif in haar plek, dink sy. Maar dan onthou sy hy is by 'n rugbytoernooi. So hopelik sal die tweedespan se Bord 2 of 3 darem beskikbaar wees.

Piet stap by die draadhokkie verby en maak vermakerig 'n aanmerking: “Jan, ek dink die eekhorinkie moet môre pot toe gaan. Sy gaan nie vetter word nie, want lyk my sy is op 'n eetstaking – het nog nie weer geraak aan die eetgoedjies in die bakkie nie.” Ebie hoor elke woord. Sy besef haar tyd is vinnig besig om uit te loop.

Piet stap aan en is skaars 'n entjie weg toe hy 'n vreeslike gerammel in die hokkie hoor. Hy kyk terug oor sy skouer en roep dan uit: “Of nee, toemaar Jan, ons kan nog 'n bietjie wag – lyk my

sy verstaan Afrikaans want ek sien sy is nou skielik érnstig besig met die eetgoedjies!” lag hy.

'n Rukkie later is die stropers se braaivleisvuur goed aan die gang. Hulle is sorgeloos en opgeruimd – teug rustig aan 'n heerlike koppie koffie. Dis net Piet, Jan, die helper en 'n gesellige vuurtjie.

Piet haal sy kitaar uit. Die stropers is lief om aan die einde van die dag lustig musiek te maak met vrolike saamsingliedjies. Hulle het goeie rede om hul suksesvolle jagtogte te vier. En daar is geen rede tot kommer nie, want niemand weet van hulle, of kan hulle hier diep in die bos, in die middel van nêrens nie, hoor nie. Of so glo hulle!

Mensedorp se polisie het 'n hele soekspan op die been gebring. Maar Grootbos is groot en dit kan dae, selfs weke, neem om die bos te fynkam. Volgens hul ervaring is die kanse skraal dat Ebie ooit lewend gevind sal word.

Teen laatmiddag op die derde dag, terwyl die soekspan oppak vir die dag, staan een van die spanlede en neem 'n slukkie water. Dan spits hy sy ore. Verbeel hy hom, of hoor hy vaagweg mense-musiek – êrens ver, diep in die bos? Hy luister weer, en gaan roep dan die spanleier om ook te kom luister.

Die spanleier luister fyn en knik sy kop opgewonde. Hy sê: “Dit lyk my ons is nog nie klaar vir die dag nie. Kom ons gaan kyk!”

In die renosterstropers se kamp is dit sterk skemer. Die stropers hou steeds jolyt. Ebie lê mistroostig in haar hokkie. Sy is uitermate teneergedruk oor die treurige vooruitsigte. Nog 'n lang donker nag wat voorlê.

Ebie wonder of Elkie en Ma en Pa darem aan haar dink. Sy staar doelloos voor haar na die digte bos om die kamp.

Ebie is sy eers nie seker of sy 'n beweging agter een van die bossies, net buite die kamp, gesien het nie. Maar toe sien sy nog beweging 'n paar treë verder. En toe nog een. Die hele kamp is omring deur mensepolisie! Sy ervaar 'n opwelling van opgewondenheid – het hulp opgedaag?

## HOOFSTUK 32
## “Skuif bietjie op, Boetie”

Daar is ook twee renosters van Renosterdorp saam met die mensepolisie. As deel van hul uniform dra hulle pette met polisiekentekens.

Die polisiesersant gee 'n teken – en in 'n oogwenk storm die polisie die kamp van alle kante tegelyk binne. Die stropers word hééltemal onverhoeds betrap. Piet smyt sy kitaar neer en wil na sy geweer gryp wat reg langs hom lê. Maar die polisie is eerste en sny die stropers onmiddellik af van hul gewere.

Twee polisiemanne pen Piet teen die grond vas. Die twee renosterpolisiemanne is reeds besig om met hul swaar pote op die geweerlope te stamp. Daardie geweerlope is nou so krom hulle kan om 'n draai skiet – maar vir jag sal hulle nooit weer gebruik kan word nie!

Die polisie boei die stropers. Een polisieman vra vir Jan: “Waar is die eekoringmeisie – as sy iets oorgekom het is dit klaarpraat met julle. Prááát!” skreeu hy op Jan. Jan beduie verskrik met sy kop in die rigting van die draadhokkie. Terwyl die polisieman na die draadhokkie stap sê hy woedend vir Jan: “Dis in élk geval klaarpraat met julle!”

Die polisieman begin om die draadhokkie se deurtjie oop te wikkel om Ebie los te laat. Hy sê vir haar: “Jong dame, gelukkig het jou boetie dadelik kom hulp soek. Ek ken renosterstropers en as hy dit nie gedoen het nie, sou dit te laat gewees het. Jy sou dit nie oorleef het nie, en ons sou hulle ook nóóit gevang het nie.

Ebie besef nou waarom haar boetie haar alleen agtergelaat het – en sy vergewe hom sommer net daar en dan!

Daardie aand, die aand voor die groot skaaktoernooi, gaan Elkie bed toe. Hy rol heeltyd onrustig rond en sy hart is swaar en baie stukkend. *Dis al die derde dag sedert my sussie gevang is … waar is sy, wat het die renosterstropers met haar gemaak, lewe sy nog?* dink hy hartseer – oor en oor.

Môre begin die groot toernooi, dink hy. En Ebie is nie daar om haar plek op Bord 4 te vul nie. Hulle kan wel 'n reserwe kry om vir haar in te staan, maar dis in elk geval nie waaroor hy hom bekommer nie. Selfs die kampioenskaptitel tel niks as iets sleg met sy sussie sou gebeur het nie.

Hy wou vandag bitter graag teruggaan en help om Ebie te soek, maar Pa het hom uitdruklik verbied. “Ons wil nie nóg 'n kind verloor nie,” het hy gesê. “Ons los dit vir die polisie. Dis al wat ons kan doen.” Elkie kyk op die horlosie en sien dis reeds na middernag. Uiteindelik sluimer hy in.

Skielik, uit die bloute, kry Elkie 'n skerp stekie van 'n vingernaeltjie in sy ribbes. Hy sit verskrik regop en vryf sy oë. “Wie … uh, wat is …?” roep hy benoud uit.  Dan sê 'n dun bekende stemmetjie: “Skuif bietjie op, Boetie, maak plek vir jou sus!” Elkie kan sy oë en ore nie glo nie. “Ebie...? Sussie – jippieee!”

Die eekies gesels opgewonde! Pa en Ma, wat nog siek is van bekommernis, hoor die verbreking van die stilte in die middel van die nag in die nes langsaan. Hulle skarrel haastig oor na die kinders se nes. Hulle is só verheug om Ebie te sien – trane van

blydskap vloei sommer vrylik langs hulle wange af. “Ons dogter is terug en sy is veilig!” Ma en Pa gaan baie gelukkig en tevrede terug na hul eie nessie toe.

Elkie en Ebie gesels verder tot diep in die nag. Ebie vertel alles wat gebeur het en hoe haar skouer beseer is. “En,” sê sy “die renosterstropers het my eenkant in die hok gehou en 'n paar keer gespot ek kan soveel grondboontjiebotter kry as wat ek wil hê! 'Daar's nog baie van daardie lekker goed,' het hulle 'n paar keer genoem.”

Sy vertel hoe sy eers geweier het om te eet, want sy wou haarself nie net nóg smaakliker vir hulle maak nie. Maar sy verduidelik ook ewe gedweë hoe dit gebeur het dat sy toe maar weer begin eet het!

Ebie vertel verder: “Toe die polisieman die deurtjie van die valstrik oopkry, het ek net haastig gesê: “Dankie, Oom, koebaai, Oom,” en blitsig om hom gesigsag … seer skouer of te nie. Reguit huis toe! En hier is ek!”

Elkie en Ebie kry net 'n paar ure se slaap in toe Pa hulle wakker maak en sê: “Toe! Toe! Toe! Opstaan, eekies, die skaakborde wag!”

Die groot dag het aangebreek.

Reeds vroeg die oggend begin die spelers, familie en vriende aankom by die groot skoolsaal in Olifantdorp. Die groetery van al die diere is hartlik – meeste het mekaar laas by die vorige jaar se toernooi gesien.

Al die vyandighede teenoor mekaar in die veld is vergete. Dis 'n reël van die toernooi: almal moet teenoor mekaar optree soos jintelmannetjies en damewyfies! Mevrou Kameelperd, die toernooidirekteur, herinner hulle gereeld daaraan: “Nikse ge-mekaaropvretery hier by die toernooi nie, nè!”

Die aankoms van die Miskruierbestuurder en sy span is nogal 'n hele affêre.

## HOOFSTUK 33
## Die Groot Toenooi. SkaBRUUULLL!

Toe die miskruiers nog ver is kyk mevrou Kameelperd die storie uit. Die miskruiers kom nader deur agterstevoor te loop terwyl hulle met hul agterpootjies bolletjies of iets rol. Mevrou Kameelperd hou haar voorpoot in die lug en stop hulle net daar. “Wat se goeters is daardie wat julle so rol?”

Mevrou Kameelperd tel een van die bolletjies op en bekyk en beruik dit. Dan smyt sy dit vieserig weg en sê: “A nee a! Sies man! Julle is nie nou by die huis nie! Julle kan nie met daai nare goed hier aankom nie! Gaan gooi die goed sommer nou weg, daar dóér anderkant!” beveel mevrou Kameelperd.

Maar die miskruiers word nie só maklik omgerol nie! Die bestuurder begin beleefd: “Mevrou Kameelperd, dis waarin ons ons eiers lê – dis lieflike geurige vars beesmis! Dis hoe miskruiers maak. Jy kan ons nie belet om …”

Maar mevrou Kameelperd knip hom net daar kort: “Nee kyk, het julle hiernatoe gekom om eiers te lê of om skaak te speel? Hoe dink julle gaan dit lyk as almal begin eiers lê, huh? Nee, nee, ons duld nie daai dinge hier nie!”

“Nee, Mevrou, dis nie nodig om te oordryf nie! Almal gaan nie nou skielik begin eiers lê nie. Die leeus lê nie eiers nie en die olifante lê nie eiers en … uhm … met respek, Mevrou, ek het ook nog nooit 'n kameelperdeiertjie gesien nie!”

Mevrou Kameelperd is vieserig vir die parmantige miskruier, maar besef hy het 'n punt beet. Toe sê sy maar wat mense – en selfs diere ook – gewoonlik sê wanneer hulle nie 'n goeie antwoord het nie: “Jy moenie vir jou slim hou nie, hoor!”

Mevrou Kameelperd het gesien dat die miskruiers die bolletjies met hul agterpote rol. Maar sy is nie seker watter pote hulle gebruik om die skaakstukke te skuif nie, en sy sê toe maar: “En gaan was eers jul pote vóórdat julle aan die skaakstukke vat, né – veral die agterpote waarmee julle daardie nare goed gerol het, hoor!”

Gertjie se ouers bel juffrou Anna skaars 'n uur voor die eerste spelle moet begin: “Ai, Juffrou Anna, ons is vreeslik jammer maar Gertjie is plat in die bed met griep. Hy sal ongelukkig nie in die toernooi kan speel nie.”

Groot drama! Juffrou Anna begin angstig om rond te bel.

Doemie speel in 'n rugbytoernooi en is nie beskikbaar nie. Die enigste speler van die tweedespan wat juffrou Anna op so 'n kort kennisgewing in die hande kan kry is niemand anders nie as die Bord 3. Gapie. Hy moet maar op Bord 4 vir die eerstespan kom speel en Ebie kan opskuif na Bord 3.

Dis 'n groot geskarrel – gaan hulle Gapie betyds by die toenooi kry? As hy nie by sy bord sit wanneer die eerste spelle moet begin nie, sal hy gediskwalifiseer word volgens die toernooireëls.

Toe mevrou Kameelperd haar regmaak om haar openingtoespraak te begin loop die spanning hoog, want die eekiespan het net drie spanlede wat by hul borde sit.

Maar net toe kom iemand soos 'n mal haas ingehol, reg voor mevrou Kameelperd verby, stamp haar amper uit die pad, en gaan plak hom neer in die leë sitplek by die eekiespan se Bord 4. Dis Gapie! Mevrou Kameelperd kyk hom verbaas agterna, maar knik darem instemmend toe sy sien hy neem die leë sitplek in.

Gapie se spanmaats glimlag uitermate verlig terwyl Gapie onmiddellik sy sit kry en kalm en rustig rondkyk – totaal onbewus van die aandag wat hy trek. *Maar vir wat kyk almal my so aan?* wonder hy.

Net voor mevrou Kameelperd almal welkom heet en aankondig dat die spelle kan begin, kyk Elkie rond en bewonder die ruim skoolsaal met die hoë dak. Die vensterbanke is hoog, daar ver bo.

Elkie glimlag nogal by homself toe hy onthou dat oom Vee gesê het verkleurmannetjies daarvan hou om skaaktoernooie uit die vensterbanke dop te hou. “Julle moet op die uitkyk wees vir verkleurmannetjies in die vensterbanke” het oom Vee gesê.

Elkie verwag nie regtig om iets te sien nie en sy oë beweeg aan. Maar dan dink hy: *Uhm … maar wag, wat het ek dan nou net gesien? Was daar nie tog 'n beweging in die vensterbank nie?* Hy draai sy oë terug na die vensterbank en daar is sowaar 'n verkleurmannetjie – een wat wuif en nogal reguit vir hom kyk! En, kan jy glo, stadig vir hom knipoog!

Elkie kyk weer, hy kyk mooi – sowaar as waar, dis die Skaaktowenaar! Hy trek gou Ebie se aandag en beduie met sy oë na die vensterbank daarbo. Ebie se oë vernou en dan sien sy óók die oom. Die twee eekies glimlag vir mekaar en wuif opgewonde vir oom Vee.

In hul harte is daar warmte en vreugde om hom te sien. As dit nie vir Die Skaaktowenaar was nie, sou hulle nie nou hier gewees het nie. Ebie leun oor in Elkie se rigting en fluister 'n rympie: “Nou moet ons kophou, nè – die leermeester gaan ons dophou, nè!”

Die toernooidirekteur sê spelle kan begin. Daar is 'n doodse stilte in die saal met net 'n gereelde geklik soos die skaakhorlosies se knoppies gedruk word. En so nou en dan sê iemand: “skaak” om aan te dui dat hy sy opponent in skaak gesit het.

Maar daar is 'n groot probleem wanneer die leeuspelers 'skaak' sê, want hulle kan nie regtig ‘skaak’ sê nie. In plaas van om 'n kort ‘skaak’ te sê, soort van brul hulle 'n lange uit – ‘Ska-BRUUULLL!’, van diep uit die binneste!

Om die waarheid te sê, die eerste keer toe 'n leeu sy opponent in ‘skaak’ sit met 'n 'ska-bruuulll!' uit volle bors, toe val 'n lid van die Rooibokspan by die tafel langsaan heeltemal flou – bo van sy stoel af, plat op die grond, pote in die lug! Uit soos 'n kers!

Die meerkat noodhulpspan is op bystand vir die toernooi, juis vir sulke gevalle. Hulle kom haastig nader om bystand te verleen.

## HOOFSTUK 34

## Noodhulp! Eekies teen die Luiperds.

Die noodhulpspan vir die toernooi is opgeleide meerkatjies met noodhulpkissies vol pleisters en salfies en selfs instrumente vir noodoperasies. Hulle staan onder leiding van Mevrou Kattie Meerkat, 'n afgetrede matrone van Meerkatdorp se Dierekliniek.

Die span is gou byderhand en gretig om eerstehulp toe te pas. Een van die jong onervare leerling meerkatjies – sy naam is Kitsie – hoor iemand sê die bokkie het 'n 'breinfloute'. Kitsie is skoon uitasem van opgewondenheid oor die gebeurtenis, want dis die eerste mediese noodgeval in sy kort loopbaan waarby hy direk betrokke is!

Terwyl Kitsie 'n groot skerp mes en 'n lang tang uit die noodhulpkissie haal, kondig hy aan: ”Mevrou Kattie, ek berei die pasiënt solank voor vir 'n breinoperasie! Ons moet dadelik daardie floute uit sy brein uit-opereer!”

Mevrou Kattie Meerkat is baie ervare. Sy vroetel en haal 'n botteltjie vlugsout uit haar kissie terwyl sy sê: “Nee Kitsie, 'n breinfloute is nie iets wat uitge-opereer hoef te word nie. Die pasiënt moet net wakker gemaak word met hierdie doepa!”

Mevrou Kattie maak die botteltjie oop en waai dit op en af voor die bokkie se neus. “Bokkie, bokkie!” roep sy en tik die bokkie liggies op die wange. Toe die bokkie begin om by te kom, kyk hy vervaard rond en sê sluk-sluk en stotterend: “Waar’s daai … uh … ongeskikte leeu wat my in sy maag wil sit?”

Die toernooidirekteur rig toe 'n algemene versoek dat almal versigtiger moes wees oor hoe hulle ‘skaak’ sê. Veral die leeus, ja, maar ook die olifante wat geneig is om té hard uit te trompetter – ‘ska-pêtterrrr’! En die hiënas wat klink of hulle lag wanneer hulle skaak sê: ‘ska-ha-ha-ha’. Kompleet asof hulle opponent nou net 'n goeie grap vertel het!

In die eerste ronde kom die eekies te staan teen die Luiperdspan. Soos gebruiklik groet die twee spanne mekaar beleefd. Maar toe die kaptein en Bord 1 van die Luiperdspan, ene Loekie, sy poot uitsteek om Elkie te groet, verstar hy effens. Hy bekyk Elkie op en af en vra dan: “Het ons mekaar nie al voorheen ontmoet nie?”

Loekie krap sy kop effens en sê toe: “Ooo jaaa, jy en jou suster – is dit sy daar op julle Bord 3? – is julle nie die eekhorings wat die veldwagters dopgehou het terwyl hulle skaak onder die boom gespeel het nie?”

“O, kan wees,” sê Elkie opgeruimd. Hy onthou natuurlik die skaakspelery onder die boom baie goed, maar nie eintlik van die luiperd nie, want eekhorinkies vlug gereeld – sommer daagliks – vir groter diere wat hulle probeer vang. Dan sê Elkie maar net: “Bly om jou weer te ontmoet!”

Maar Loekie die luiperd het nog 'n appeltjie te skil oor wat daardie dag gebeur het. Hy staan op en begin haastig omstap na Elkie

aan die anderkant van die lang tafel – en dis duidelik nie om vir Elkie 'n liefdesdrukkie te gaan gee nie!

Loekie trek sy oë effens op 'n skrefie en sê: “Néé, nie só bly nie – want dit was mos julle wat my daardie dag met die vet akkers gegooi het!”

Elkie staan ook op en antwoord vinnig: “Néé! Nooit! Ek doen nie sulke dinge nie!” Maar hy kyk ook vinnig rond vir ontsnaproetes, hy moet gereed wees om homself op kort kennisgewing van die toneel te kan verwyder.

“Ja, jy het!” sê Loekie, terwyl hy die draai aan die bopunt van die tafel vat en nog haastiger maak.

“Néé, ek het nie!” sê Elkie benoud.

“Ja, jy het!” sê Loekie.

“Ek belówe ek het nie,” sê Elkie.

Mevrou Kameelperd, wat die gestryery gehoor het en net betyds opdaag om 'n onaangename voorval te verhoed, vra ongeduldig en kwaai: “Wat’s julle storie?” terwyl sy haar oë knip-knip. Sy weet nog nie mooi hoe om te draai nie, want sy weet nog nie waar optrede nodig gaan wees nie.

“Hierdie eekhoring het my met akkers gegooi!” kla Loekie.

“Wanneer? Vandag?” vra mevrou Kameelperd kwaai. “Nee, Mevrou. Dis al 'n paar maande gelede daar in Grootbos,” sê Loekie. “Nou ja, vir wat pla dit jou nou? Julle weet mos as julle hier is, is al die dinge van die veld vergete.”

Aangesien mevrou Kameelperd by die saak betrokke is, besluit Loekie om die sakie maar te laat oorstaan. “Ja, oukei … maar as hy dit wéér doen...”

“Ek belowe ek sal nie!” sê Elkie vinnig en verlig.

Maar dan, skielik, onthou Elkie die hele storie, wat eintlik begin het met die luiperd wat die eekies aangeval het. Hy roep verontwaardig uit: “Mevrou, ek onthou nou eers: dis eintlik hy! Dis hy wat my en my sussie gejaag het om ons op te vreet!”

“Wanneer? Vandag?” vra mevrou Kameelperd en staan nog nader. “Nee, Mevrou, dit was dieselfde tyd toe ons die akkers per ongeluk op sy kop laat val het!”

”Tjk!” sê mevrou Kameelperd, “nou los julle jul nonsies, nè! Gee mekaar die poot. Wat verby is, is verby – die toernooi moet aangaan.” So gesê, so gedaan. Almal gaan sit weer by hul skaakborde.

Die spelle gaan voort en daar is geen verdere voorvalle tussen die twee spanne nie.

Na 'n taai wedstryd sit Elkie vir Loekie in skaakmat. Loekie mompel onderlangs iets van ‘geluk’ terwyl hy sy poot maar traerig uitsteek. “Dankie,” sê Elkie beleefd. Maar by homself dink hy: *Elkie Eekhoring, jy moet liewer nie weer eendag in die veld vir Loekie Luiperd raakloop nie, want jy kan maar weet, daardie episode sal ook sommer Elkie Eekhoring se slotepisode wees!*

Die Eekiespan wen teen die luiperds en dring deur na die volgende ronde.

---

## HOOFSTUK 35
## Jakkalse teen die Hasies. Eekies teen die Jakkalse.

In 'n ander wedstryd in die eerste ronde speel die jakkalse teen die hasies.

Die hasies verloor sleg, en dien 'n amptelike klag by die toernooidirekteur in. Die Hasies se Bord 3 sê toe hy een keer opkyk, toe trek die jakkals op die bord langsaan vir hom aaklige gesigte.

“Dit gaan my nog vir baie jare nagmerries gee, Mevrou!” kla die hasie. “Alles net om my te verskrik en my aandag af te trek van die spel. En ook, toe ek weer op my bord kyk, toe lyk dit vir my asof my stukke op die bord skielik en onverklaarbaar minder geword het.” Mevrou Kameelperd stel ondersoek in terwyl sy haar oë so knip-knip.

Arme hasie wat al gehoor het van mevrou Kameelperd se dinge, dink sy maak reg om hom te skop. Hy weet hy is onskuldig maar wil nie kanse vat nie. Hy skiet soos 'n pyl uit 'n boog verskrik onder die tafel in. Want hy weet ook, en almal weet, as 'n kameelperd 'n hasie klits, selfs 'n ligte enetjie, gaan dit tragiese gevolge hê!

Mevrou Kameelperd roep die hasie om onder die tafel uit te kom. Maar hy weier. “Ek bly nét hier,” sê hy beslis. Eers toe mevrou Kameelperd hom die versekering gee dat sy nie vir hóm in gedagte gehad het nie, maar eerder die jakkals – want dis mos hý wat gekroek het – het die hasie versigtig onder die tafel uitgeloer.

Hasie kom stadig hop-hop onder die tafel uit. Maar sy oë is groot, en hy hou daardie lang bene van mevrou Kameelperd heeltyd in die oog, net vir ingeval haar selfbeheersing haar in die steek laat.

Mevrou Kameelperd oorweeg die hasie se klagte terwyl sy die eindposisie op die bord bestudeer. “Ja-nee,” sê sy, “dinge lyk glad nie reg nie.” Sy vra die Jakkalse se Bord 3, wat toevallig niemand anders is as Pèpè nie: “Hoe het jy dan meer stukke op die bord as waarmee jy begin het?” Pèpè skud sy kop en lyk verbaas.

“Neee, jinne, ék weet nie!” sê hy. “Miskien … ja, ek weet nie, miskien het my maat op Bord 2 per ongeluk ekstra stukke op my

bord neergesit sonder dat ek gesien het. Jaaa, dis natuurlik wat gebeur het."

"O, sommer 'n hele paar ongelukke, nè – drie kastele en nege pionne!" roep mevrou Kameelperd uit. "Hoe is dit moontlik?" Jakkals skud sy kop heftig. Hierdie een kan hy nie verduidelik nie. "Nee, dit verstaan ek nou glad nie. Hier gaan iets snaaks aan," sê hy verbaas.

"Ja, hier gaan inderdaad iets snaaks aan!" sê mevrou Kameelperd en sy stel dadelik 'n ondersoekkommitee aan om vóór die volgende ronde aan haar verslag te doen.

Die ondersoekkomitee het gou na al die sekuriteitsopnames gekyk en verslag gedoen. Al die hasie se klagtes is bevestig. Mevrou Kameelperd beslis dat Pèpè 'n ernstige waarskuwing moet kry en sy ken die wedstrydpunt aan die hasies toe.

In die middag is dit die eekies se beurt om teen die jakkalse te staan te kom. Die Eekies onthou hoe sleg hulle in die vriendskaplike wedstryd teen die Jakkalse gevaar het. Hulle het ook gehoor van die oggend se gebeure tussen die Jakkalse en die Hasies, so hierdie keer is die Eekies op hul hoede.

Met Pèpè, wat op Bord 3 vir die Jakkalse speel, en Ebie op dieselfde bord vir die Eekies, neem die twee spanne hul plekke in. Beide Elkie en Ebie herken Pèpè natuurlik, en hy vir hulle – maar behalwe vir 'n onderlangse geloerdery na mekaar, maak hulle asof hulle mekaar van geen kant af ken nie.

Toe Ebie aangestap kom om haar plek in te neem merk Pèpè op dat sy wonderbaarlik herstel het van die mankloop waaraan sy gely het. Hy wonder darem of sy, en seker haar boetie ook, nie iets te doene gehad het met die selfoon wat destyds so skielik verdwyn het – en hy toe sy duisend rand kwyt was nie. Maar hy het natuurlik geen bewyse nie.

Gedurende die spel het Ebie vir Pèpè baie goed dopgehou en notas gemaak van sy streke. Eerstens het hy op skuif 5 gerokeer. Dit was goed so, maar toe hy drie skuiwe later in die moeilikheid is, toe skuif hy doodluiters sy koning en kasteel terug na hul oorspronklike plekke – 'n skuif wat natuurlik glad nie bestaan nie.

Toe Ebie sê: "Aikôna, wat maak jy nou?" antwoord hy, sonder om te blik of te bloos: "Die nuwe reëls wat onlangs uitgekom het maak voorsiening vir 'terugrokering'. Reël 15 sê jy kan dit doen, net solank jy dit binne drie skuiwe doen nadat jy die eerste keer gerokeer het."

Pèpè vat natuurlik wilde kanse, maar kom dikwels daarmee weg want sy opponente is gewoonlik te skaam om dit te bevraagteken, ingeval dit later sou blyk dat hulle nie hulle reëls ken nie! Maar dit werk nie met Ebie nie; sy kén haar reëls. Daarvoor het die Skaaktowenaar van Grootbos gesorg!

Ebie maak 'n nota van Pèpè se optrede. Sy gaan nog nie na die toernooidirekteur om te kla nie, want sy vermoed die jakkals is nog nie klaar met sy skelmstreke nie. En hoe meer getuienis, dink sy, hoe beter.

By skuif 13 maak sy 'n merkie in haar notasieboekie. Pèpè is al wéér doenig!

## HOOFSTUK 36
## Pèpè in die moeilikheid. Eekies teen die Olifante.

Terwyl Pèpè se duim en wysvingertjie een van Ebie se stukke vang, haal hy terselfdertyd met sy pinkie agter in die palm van sy

pootjie sommer nog 'n stuk van die bord af. Ja-nee, sommige van die Jakkalse se skuiwe lewer meer as een van die opponente se stukke op! G’n wonder hulle vaar so goed in die toernooie nie! Ebie sou dit nooit gesien het as sy nie spesiaal daarvoor op die uitkyk was nie.

Toe dit vir Pèpè duidelik word dat hy nogtans gaan verloor, bied hy Ebie 'n gelykop aan. “Nee dankie,” sê Ebie beleefd. Pèpè sê: “Jy moet dit aanvaar, jy het nie ‘n keuse nie … reël 27 van die nuwe reëlboek ...”

“Twak!” sê Ebie “en hou nou op met jou nonsies. Daar is g’n nuwe reëlboek nie!”

Pèpè besef hy gaan nie wegkom met sy streke nie en speel gedweë verder. Ebie het hom dan ook geklop, en na die spel het sy en haar kaptein 'n klagte by die toernooidirekteur ingedien.

“Hoekom het jy nie gedurende die spel kom kla nie?” vra mevrou Kameelperd. “Omdat hy so vrot speel en ek in elk geval sou wen!” sê Ebie selfversekerd. “Volgende keer moet julle my eerder dadelik kom sê, hoor!” sê mevrou Kameelperd streng.

Weer word daar ondersoek ingestel na die jakkalsstreke! Ebie se klagtes is almal geldig. Hierdie keer is Pèpè uit die toernooi geskors.

Die Jakkalsspan se bestuurder, Jak-jak Jakkals, is baie ongelukkig daaroor en het onmiddellik teen die straf geappelleer. Hy sê: “A nee a, die straf is darem te erg vir sulke 'onbenullige oortredinkies’!”

Mevrou Kameelperd sê egter dis 'n baie ernstige oortreding om skelm te speel en die appél word van die hand gewys. Pèpè moes maar oppak – sy toernooi was verby.

Na die wedstryd gesels Elkie met juffrou Anna. “Juffrou Anna, daar is 'n belangrike saak wat nou nie eintlik met hierdie toernooi te

doen het nie, maar waarmee ek Juffrou se hulp nodig het, asseblief."

"Wat is dit, Elkie? Waarmee kan ek help?"

Elkie vertel vir juffrou Anna kortliks wat destyds by die toernooi gebeur het toe Jak-jak teen oom Vee gespeel het. Hy vertel van die selfoon wat by oom Vee ontdek is.

Hy sê daar is nou nuwe getuienis wat oom Vee se onskuld kan bewys. Elkie sê: "Juffrou is mos 'n goeie vriendin van mevrou Kameelperd. Is dit dalk moontlik dat Juffrou met mevrou Kameelperd kan praat en vra of hulle nie 'n herverhoor kan hou nie? Asseblief, Juffrou!" vra Elkie mooi.

"Ek weet darem nie," sê juffrou Anna "ek wil mevrou Kameelperd nie onnodig pla nie, Elkie."

Elkie se moed sak in sy skoene; hoe gaan hy juffrou Anna ompraat om die saak met mevrou Kaneelperd op te neem? Hy sal iets drasties moet doen.

"Asseblief Juffrou, ek glo hy is onskuldig!" pleit Elkie. "En," voeg hy by, "soveel van die dinge in Juffrou se lesse herinner my aan wat hy ook aan my en Ebie in ons geheime lesse geleer het. Hy is 'n waardige ou verkleurmannetjie!"

Dis die eerste keer dat Elkie prontuit praat van hul geheime lesse, want hulle het mos belowe om nie uit te praat nie. Maar Elkie doen dit nou, dit kan nie anders nie – hy is desperaat om oom Vee te help.

Juffrou Anna is verstom en stamel: " 'n Ou verkleurmannetjie, sê jy?" Sy voel 'n koue rilling langs haar ruggraat af. Kan dit dalk wees, is dit miskien … ? wonder sy.

Dan sê juffrou Anna: “Ek kan nie vir mevrou Kameelperd vra sonder om goeie redes te gee nie, Elkie. Wat kan ek vir haar sê … wie het nuwe getuienis en wat is daardie nuwe getuienis?”

“Juffrou, ek het skriftelike bewyse dat daardie selfoon nooit deur die oom aangekoop is nie. Ek het dit by my en sal dit saambring.”

“Goed, ek sal mooi met my vriendin Kameela praat en hoor of sy die versoek sal toestaan.”

Later laat juffrou Anna vir Elkie roep. “Kry jou reg, jong man. Mevrou Kameelperd het gesê ons gaan 'n herverhoor sommer hier by die toernooi inpas, ná môremiddag se spelle!”

Elkie spring in die lug van blydskap. “Baie dankie, Juffrou – báie dankie!” roep hy uitbundig en hardloop om gou vir Ebie te gaan vertel.

Daardie aand spandeer al die skaakspelers hulle tyd om voor te berei vir die volgende dag se spelle. Behalwe Elkie, hy berei hom voor vir die herverhoor. Hy kry sy getuienis en aanbieding agtermekaar; en werk 'n paar keer deur sy notas. Die skaaktitel is wel belangrik, maar dis nie belangriker as oom Vee se saak nie.

Na die derde ronde is daar vier spanne wat steeds onoorwonne is. Dit is laasjaar se wenners, die Leeus, asook die Olifante, die Eekies en die Miskruiers.

Die volgende ronde breek aan. Die Eekies kom te staan teen die Olifantspan. Die Olifante is formidabele opponente, want olifante is baie slim diere.

Dit word vertel dat die Olifantspan se Bord 1, Gollie, se oupagrootjie by geleentheid gelyktydig twintig spelle geblinddoek gespeel het, almal teen sterk opponente. En hy het ál twintig gewen! Dis nie ongewoon onder grootmeesters nie.

So, die Eekies sal moet uithaal en wys teen die Olifante! Beide spanne het hul eerste drie wedstryde gewen en nog 'n oorwinning sou hulle 'n stappie nader aan die titel bring.

Op Bord 2 is Soekie gelukkig. Sy wen maklik nadat haar opponent in die opening 'n fout maak en, as gevolg van die ‘raak-en-skuif’-reël, sy koningin verloor. En uiteindelik die spel ook.

Elkie, op die bord langsaan, wat gesien het toe dit gebeur, dink weer aan oom Vee se 'Goeie raad no. 1: Kyk eers goed en dink klaar voordat jy aan 'n stuk vat om jou skuif te maak.'

Gapie, op Bord 4, speel nou teen 'n eerstespanspeler van 'n topspan.

## HOOFSTUK 37

## Gapie teen die Olifant. Die Herverhoor begin.

Gapie is vasberade om goed te doen. Hy speel versigtig en hou by goeie openingbeginsels. Rokeer vroeg al. Sy koning staan veilig en sy stukke is goed ontwikkel toe hy die middelspel ingaan. Met goeie taktiese middelspel en vernuftige eindspel slaag hy eindelik ook daarin om 'n pion deur te wurm tot op die laaste ry – en te promoveer na 'n koningin!

Dis Gapie se heel beste spel ooit, en hy wen! En dít nogal teen 'n Olifant! Hy is vanselfsprekend in die wolke, en juffrou Anna en die res van die span natuurlik ook.

Na Gapie se spel word hy geluk gewens deur dokter Arend, 'n skaakentoesias en 'n welbekende oogkundige in die Land van Diere. Hulle bespreek Gapie se goeie spel. Toe, na 'n

gemoedelike geselsie ook, nooi dokter Arend vir Gapie en sy ma om gou saam met hom 'n draai by sy spreekkamer te maak.

'n Rukkie later is hulle terug by die toenooi en alhoewel dit nie duidelik is waaroor die besoek aan die spreekkamer was nie, lyk Gapie selfs nog meer in sy skik as wat hy was na sy klinkende oorwinning oor die Olifant!

Ebie het nog las van haar seer skouer. En as gevolg van die nare ondervinding met die renosterstropers, het sy ook nie voor die toernooi al die rus ingekry wat sy moes nie.

In die middelspel raak Ebie moeg en begin om foute te maak. Sy is nie versigtig genoeg om haar koning se veiligheid te verseker nie. In die eindspel kry haar opponent die oorhand en Ebie verloor haar spel.

Die punte is darem nog 2-1 in die Eekies se guns. As Elkie op Bord 1 kan wen, of ten minste gelykop speel, is die Eekies deur na die finaal.

Elkie se spel verloop redelik gelykop. Maar laat in die middelspel, oooeeff! … maak Gollie 'n verrassende skuif. Hy maak 'n onverwagte offer. Dit is wel nie 'n goeie afruiling nie, maar dit gee Gollie 'n sterk aanval op Elkie se koning.

Dit lyk of Gollie se offer gaan werk en dinge lyk glad nie goed vir Elkie nie. Hy is onder groot druk.

Elkie se spanmaats is bekommerd terwyl hulle die spel van 'n afstand af dophou. Daar is sovéél op die spel. Elkie se tyd op die klok begin ook min raak, maar hy hou nogtans kop en raak nie paniekerig nie. Hy het al geleer om nie oorhaastig skuiwe te maak nie en om sy tyd oordeelkundig te gebruik wanneer die posisie dit vereis.

Elkie is later selfs 'n volle stuk af. Gollie het beslis die oorhand en hy maak sy skuiwe selfversekerd. As hy sy tyd goed gebruik, behoort hy te wen.

Nadat Elkie die ergste aanslag afgeweer het, slaag hy tog daarin om 'n hele paar gelykopafruilings af te dwing. Hy het later net 'n koning oor en Gollie, wat steeds 'n stuk op is, het net 'n koning en 'n perd oor. Maar dit is nie genoeg materiaal vir Gollie om 'n skaakmat af te dwing nie en dit beteken die spel eindig gelykop.

Die Eekiespan wen die wedstryd teen die Olifante en is steeds onoorwonne na die vierde ronde. Die Eekies gaan deur na die finaal.

Die ander onoorwonne span is die Leeus, die vorige jaar se wenners, nadat hulle die Miskruiers geklop het. Die Eekies en die Leeus gaan mekaar pak in die finaal. Die wenners sal die kampioene vir 2024 wees.

Elkie het gesien dat Ebie teen die einde van haar spel teen die Olifante moeg begin raak. Hy sê sy moet dadelik gaan eet en in die bed spring tot môreoggend. “Jy moet gaan uitrus sodat jy jou beste briljante self kan wees vir môre se wedstryd,” is die Eekiekaptein se opdrag aan sy Bord 3.

Na die spelle vir die dag, begin die herverhoor.

Soos gewoonlik is mevrou Kameelperd die voorsitter. Die saal is volgepak met belangstellendes. Mevrou Kameelperd gee 'n kort opsomming van die vorige verhoor wat tot oom Vee se skorsing gelei het.

Mevrou Kameelperd verduidelik hoekom oom Vee geskors was en ook waarom hy verbied is om ooit weer by enige skaakaktiwiteite, insluitend skaaktoernooie of skaakafrigting, betrokke te wees. Die titel van Skaakkampioen van die Land van Diere is toe aan meneer Jak-jak Jakkals toegeken.

“Ja, en dit was reg so! Hierdie herverhoor is net 'n mors van tyd!” laat Jak-jak Jakkals van hom hoor. “Die getuienis was klinkklaar, die verkleurmannetjie het gekroek!” Jak-jak se stem is ferm, hy is op sy stukke en seker van sy saak.

Jak-jak is duidelik nie bekommerd oor wat in die herverhoor gaan uitkom nie, net effens geïrriteerd met hierdie onnodige tydmorsery. Hy weet natuurlik nog nie van Elkie se besoek aan sy huis nie.

Mevrou Kameelperd roep Jak-jak tot orde en gaan voort: “Hierdie herverhoor vind plaas in oom Vee se afwesigheid. Dit is nie seker waar hy is, en selfs of hy nog lewe nie, maar die verhoor is nodig ter wille van oom Vee, en selfs die hele verkleurmannetjiefamilie, se reputasie. Nuwe getuienis het nou na vore gekom en is sodanig dat die komitee besluit het om 'n herverhoor toe te staan.”

Mevrou Kameelperd kondig aan: “Ons eerste en enigste getuie is Elkie Eekhoring.”

## HOOFSTUK 38
## Herverhoor (vervolg).

“Aag, wat weet 'n eekhoring van skaak …” begin Jak-jak. “Meneer Jakkals, dis jou finále waarskuwing,” sê mevrou Kameelperd kwaai.

Elkie maak sy papiere en notas bymekaar en stap na vore. Hy het vroeër 'n skyfie-aanbieding op sy skootrekenaar gelaai en hy begin daarmee. Hy wys op die groot skerm foto’s van sy besoek aan Jak-jak se huis. Ook van die trofee – hy zoem in op die inskripsie op die trofee. Niemand twyfel nou dat die foto's in Jak-jak se huis geneem is nie.

Daar is 'n doodse stilte in die vertrek. Selfs Jak-jak hou sy asem op en begin nou effens bekommerd lyk, want hy het nie hiervan geweet nie. Hy weet nie waarop Elkie afstuur nie. Hy sis onderlangs: “Hierdie getuienis is onwettig bekom, uit my eie huis gesteel en sonder 'n toestemmingsbrief!”

Maar niemand steur hulle aan hom nie.

Elkie wys 'n foto van die aansoekvorm wat onder Jak-jak se rak gekry is. Hy wys die ID-nommer wat op die vorm ingevul is; dit is Jak-jak s’n. Maar die handtekening lyk asof dit oom Vee s’n is.

“Meneer Jak-jak, het jy miskien oom Vee se handtekening probeer namaak, maar 'per ongeluk' jou eie ID-nommer ingeskryf?” vra Elkie skerp.

Jak-jak is briesend. “Dis nie waar nie! Dis alles leuens!” sê hy, en sy stemmetjie raak al hoe meer benoud.

Elkie gaan voort: “Mevrou die Voorsitter, hier is die foon wat in oom Vee se besit gevind is tydens daardie spel.” Hy hou die foon in die lug vir almal om te sien.

“Die nommer stem ooreen met die nommer wat op die vorm ingevul is nadat die aansoek goedgekeur is. En dis dieselfde vorm wat in meneer Jak-jak se woning gevind is,” sê hy en hou ook die aansoekvorm, wat hy saamgebring het, in die lug.

“Daar is net een oproep ooit op hierdie foon ontvang. Volgens die tyd en datum op die foon, is hierdie oproep gemaak die oggend net voor die wedstryd tussen oom Vee en meneer Jak-jak. Ek speel graag vir u 'n opname van toe ek daardie nommer teruggebel het.”

Elkie druk die knoppie om die opname terug te begin speel: Trrrt-trrt, trrt-trrt. Die spanning in die vertrek loop hoog. Wie gaan die oproep beantwoord?

“Goeiemôre, dis mevrou Jakkals wat praat.” Almal snak na hul asems. Hulle praat onder mekaar. “So, was die Jakkalse tóg betrokke? Mevrou Jakkals het mos geen rede gehad om oom Vee te bel nie – hulle het niks met mekaar te doen gehad nie?”

“Leuens, leuens!” gil Jak-jak, nou duidelik paniekerig.

Dan sê Elkie: “Mevrou die Voorsitter, ek wil terugkom na die handtekening. Ek handig graag 'n handtekening in wat meneer Jak-jak gegee het tydens die besoek van 'n bewonderaar aan sy huis. Hier is die handtekening, en hier is sommer ook 'n foto van hom en die bewonderaar terwyl hy die handtekening maak.

“Hierdie handtekening, asook die aansoekvorm wat kamstig deur oom Vee geteken is, is aan 'n onafhanklike handskrifdeskundige voorgelê vir ontleding. Mevrou die Voorsitter, laat my asseblief toe om 'n verslag van die handskrifontleder aan die komitee voor te lê.”

“Versoek toegestaan,” sê mevrou Kameelperd. Elkie oorhandig die verslag aan mevrou Kameelperd. Sy lees die bevinding aan die einde van die verslag hardop sodat almal kan hoor: “Ons wetenskaplike ontleding dui daarop dat dit vir 'n verkleurmannetjie, as gevolg van die vorm van sy voorpootjie, onmoontlik is om so 'n handtekening te maak soos op die aansoekvorm. Die skrif is tipies die skrif van 'n jakkals. Ons bevind ook dat die handtekening wat aan die bewonderaar gegee is, deur dieselfde persoon gedoen is as die persoon wat die aansoekvorm geteken het.”

'n Stilte daal neer oor die gehoor. Elkie wag dat die nuwe getuienis insink. Iemand fluister: “Dis verdoemend, nè?” Elkie sê: “Mevrou die Voorsitter, daar is dus geen twyfel dat die foon deur meneer Jak-jak Jakkals aangekoop is nie. Die enigste redelike afleiding is dat die foon, wat in oom Vee se sak gevind is, deur meneer Jak-jak, of deur iemand namens hom, geplant moes

gewees het. Maar dit maak nie saak nie, die punt is: dit wás nie oom Vee se foon nie.”

Elkie stap oor na Jak-jak en sê: “Meneer Jak-jak, ek besorg graag jou foon, wat ons net geleen vir die ondersoek, terug aan jou. Jy het daarvoor aansoek gedoen, jy het daarvoor betaal en jy is die regmatige eienaar!”

Daarmee het Elkie ook sy belofte aan oom Vee gestand te doen om  die 'gesteelde' foon aan sy eienaar terug te besorg.

“Ons stem saam!” roep 'n paar uit die gehoor en selfs mevrou Kameelperd knik haar kop stadig, instemmend. Elkie het 'n skitterende aanbieding gemaak.

Niemand het oor die uitkoms van die herverhoor getwyfel nie. Jak-jak storm by die deur uit terwyl hy jil: “Leuens, leuens, leuens!”

Maar dit het niks gehelp nie – die Bedrogafdeling van die Eekiepolisie het buite die deur vir Jak-jak gewag om hom na die polisiestasie te vergesel vir verdere ondervraging.

---

## HOOFSTUK 39

## Die Finaal.

Die laaste dag, en die laaste ronde van die toernooi, breek aan – ronde 5. Die Olifante en Miskruiers begin om sake uit te spook vir die derde en vierde plekke. Die Leeus en die Eekies neem sitplekke in teenoor mekaar. Die wenner sal vanjaar se kampioenspan wees.

Die borde is almal gepak en die horlosies gestel. Langs elke speler is sy notasieboekie en potlood netjies neergesit – gereed vir die stryd.

Almal wag net vir die toernooidirekteur om te sê die spelle kan begin. Mevrou Kameelperd versoek die toeskouers om minstens een meter weg van die spelers en borde te staan. “Goed, ons kan begin,” sê sy.

Jy hoor net die vinnige geklik van die horlosieknoppies soos die spelers gou-gou hul eerste openingskuiwe maak. Daarna al hoe stadiger soos die spelers meer tyd begin neem met hul skuiwe.

Na 'n kort rukkie kan die eerste ‘Ska-bruuulll’ al gehoor word soos die Leeuspeler op Bord 2 Soekie se koning in skaak sit.

Dis bietjie gou dat iemand in skaak gesit word. Van die ander spelers en sommige toeskouers rek hul nekke om te kyk wat op aarde op daardie bord aangaan. Dis Louwtjie Leeu wat in 'n baie aanvallende bui is.

Elkie op die bord langsaan merk dit ook op en dink aan wat oom Vee gesê het: “Moenie met net een stuk op sy eie na jou opponent se koning hol nie. Want terwyl jou opponent daardie stuk van jou stert tussen die bene terugjaag, omdat jou stuk nie ondersteunung het nie, ontwikkel hy terselfdertyd sy eie stukke en pionne.”

Dis presies wat daar gebeur. In die middelspel kry Soekie die oorhand. Maar tog, na 'n naelbyt-spannende eindspel slaag Louwtjie nietemin daarin om gelykop te speel. Die Leeus en die Eekies het elk 'n halwe punt in die sakkie in die finaal van die Kampioenskapstoernooi.

Op Bord 4 is Leoni Leeuwyfie na die opening reeds in 'n beter posisie teen Gapie. Gapie was oorhaastig om 'n aanval op sy opponent se koningskant te loods – voordat hy rokeer het. Dit laat sy eie koning onbeskermd en hy is in groot gevaar.

Op die ou end betaal Gapie uiteindelik die prys en word gemat. Die Leeus loop voor met 1½ punte teenoor 'n ½ punt vir die Eekies.

Gapie voel baie sleg omdat hy verloor het. “Juffrou, ek het drooggemaak. Ek was oorhaastig, ek moes eers gerokeer het. Ek het die span in die steek gelaat,” sê hy met 'n bewerige stemmetjie.

Juffrou Anna sit haar arm om sy skouer en sê: “Gapie, weet jy, as jy nie in ronde 4 teen die Olifante gewen het nie, het ons nie eers die finaal gehaal nie. Jy het wonderlik goed gedoen en jou beste probeer. Kom ons hou nou net duimvas vir Elkie en Ebie se spelle!”

Juffrou se woorde laat Gapie sommer baie beter voel. Hy loop toe ook nie bietjie breëbors rond nie en vertel vir almal wat wil hoor: “Jufffrou sê dis my toedoen dat die Eekies in die finaal is!”

Die uitslag van die finaal hang nou af van Elkie en Ebie se spelle. Om seker te maak om die toernooi te wen móét beide Elkie en Ebie hul spelle wen.

Die spel op Bord 3 verloop redelik gelykop tot in die middelspel. Ebie het goed gerus nadat haar kaptein die vorige aand daarop aangedring het dat sy vroeg in die bed moet kom om goed uit te rus. Haar opponent, Leonardo Leeu, is 'n sterk speler en het tot dusver in die toernooi al sy spelle gewen.

Die ander spanne by die toernooi vermoed dat Leonardo Leeu die Leeus se beste speler is. Hy behoort eintlik hulle Bord 1 te wees. Maar die Leeuspan gebruik hom op 'n laer bord om seker te maak van 'n volle punt op daardie bord.

Ebie maak 'n effense flater in die middelspel en verloor 'n pion. Dis nie die einde van die wêreld nie, maar 'n paar skuiwe later verloor sy nóg 'n pion. Die gevaarligte vir die Eekies begin helder flikker op Bord 3.

Intussen, op Bord 1, aan die begin van die middelspel, lyk Elkie se aanvalsgeleenthede effens beter as Leon Leeu s'n. Dis nog redelik vroeg in die spel, maar Leon bied Elkie reeds 'n gelykop aan.

Elkie wys dit van die hand, waarop hy natuurlik geregtig is. Later verduidelik hy: "Ons het die volle punt nodig gehad om seker te maak van die titel – anders was die telling miskien gelykop en sou ons in uitspeel blitsspelle betrokke wees waar enigiets kan gebeur. Maar dis ook nie my styl om so vroeg in die spel 'n gelykop te aanvaar nie – veral nie as ek voel my posisie is effens beter nie."

Alhoewel hy geen rede daarvoor het nie, is Leon openlik ontevrede dat Elkie sy aanbod vir 'n gelykopspel van die hand wys. Hy maak sy verdere skuiwe deur sy stukke met oordrewe pootbewegings op te tel en hard neer te plak. Dis nogal steurend en sommige toeskouers vind dit duidelik onaanvaarbaar.

So uit die hoogte merk mevrou Kameelperd Leon Leeu se aggressiewe bewegings en lyftaal met misnoeë op. Dis nie 'n goeie advertensie vir skaak nie. Sy besluit om nader te staan.

# HOOFSTUK 40
## Die Finaal (vervolg).

Leon Leeu merk dat mevrou Kameelperd nader kom en is effens senuweeagtiig toe dit lyk asof sy haar oë so knip-knip. En verbeel hy hom of draai sy so effens skuins ook?

Die skaakverslaggewer van die plaaslike koerant, 'Die Dierenuus', kry sy kamera gereed. In sy gedagtes sien hy al hoe hy 'n foto op

presies die regte oomblik neem. En hoe die foto dan saam met 'n hoofberig in die koerant, onder sy naam, sal verskyn: 'Nuusbreek: Drama by Skaaktoernooi toe Kameelperd vir Leeu katswink skop.'

Maar dit was toe gelukkig nie die geval nie en 'n openbare insident is darem vermy. Leon sit dadelik meer regop in sy stoel en maak sy volgende skuiwe met die grasie van 'n ballerina.

Mevrou Kameelperd kyk met goedkeuring en staan weer effens terug – sy is heel tevrede met die ommeswaai in Leon Leeu se houding.

Maar Leon se grootste teenstaander is nie Elkie nie. Dit is hyself. Met sulke manewales ontstig jy net jouself en verbreek jy jou eie konsentrasie. Toe Elkie 'n paar skuiwe later een van Leon se Kastele wen, nadat Leon nie goed gekonsentreer het nie, kantel Leon sy koning. Hy steek sy poot uit. “Geluk!” brul hy onderlangs terwyl hy steeds mevrou Kameelperd versigtig uit die hoek van sy oog dophou.

Die telling is 1½ punte elk vir die Leeus en die Eekies. Die toeskouers gee applous en wens Elkie geluk.

Ebie loer van Bord 3 af en sy sien die gekoek om Elkie se bord – dit lyk of hy gewen het! Sy is verheug! Dan, skielik, besef sy die druk is nou op háár – die uitslag van die hele toernooi hang af van haar spel teen Leonardo Leeu! En met die posisie op die bord soos dit tans is, is Leonardo beslis die gunsteling om die spel te wen.

Met haar kop tussen haar voorpote, leun sy vooroor en fokus opnuut op haar spel. Dis nou tyd vir groot konsentreer – tyd vir briljante spel!

Leonardo is 'n baie aanvallende speler en hy behaal dikwels sukses daarmee. Maar dit is soms tog 'n nadeel van aanvallende spel dat die aanvaller van sy stukke onbeskermd laat, juis om aggresief aan te val.

Ebie neem haar tyd en besluit op 'n strategie. As sy daarin kan slaag om afruilings af te dwing, al is dit gelykopafruilings, is daardie onbeskermde stukke van Leonardo 'n potensiële swakpunt in sy posisie. Dit maak hom kwesbaar en kan 'n probleem vir hom wees – naamlik te veel onbeskermde stukke wat gelyktydig aangeval kan word.

Op al die ander borde is die spelle verby, so die toeskouers het begin om rondom Bord 3 saam te drom; almal wil die hoogtepunt en afloop van die toernooi dophou.

Alhoewel die onbeskermde stukke 'n swakheid in Leonardo se posisie is, is hy twee pionne op – wat gewoonlik genoeg is om 'n wen te kry. Ebie konsentreer soos nog nooit tevore nie.

Ebie gebruik haar tyd en probeer om haar skuiwe verder as gewoonlik vooruit te beplan.  Maar dit is vermoeiend en put haar uit – sy is nie gewoond om so ver vooruit – en so hard – te dink nie. Toe besluit sy op 'n plan wat sy glo kan werk. Sy hoop net sy maak nie 'n fout nie.

As Ebie 'n fout maak met haar plan gaan sy haar spel verloor – en is die titeldrome vir haar span ook daarmee heen. Maar as dit werk … wel, die spanning en opwinding is amper te veel vir haar! Ebie begin weer moeg voel.

Gisteraand se vroeg bed toe het baie gehelp, maar die spanning om hard te dink begin nou sy tol eis. Ebie hoop sy kyk nie iets mis nie. Sy fokus opnuut. Dan besluit sy haar plan kán deurgevoer word. Sy maak haar skuif en vurk Leonardo se koningin en kasteel.

Leonardo Leeu is 'n bietjie geïrriteerd met die vurk, maar hy kan wel sy koningin wegskuif en terselfdertyd Ebie se koning skaak. Wanneer sy dan haar koning uit skaak moet skuif, kan hy sy kasteel ook red.

Toe Leonardo sy koningin en kasteel al twee gered het, lag hy saggies onderlangs en dink by homself: sy't gedink sy gaan 'n stuk wen! Nie só maklik nie, jong dame, jy speel nou teen Leonardo Leeu – wat eintlik Bord 1 vir die Leeus behoort te wees!

Ebie kyk eers weer deeglik om doodseker te maak, en toe plaas sy haar koningin waar Leonardo haar sommer net met sy kasteel kan vat. Weer lag Leonardo by homself. Sy is nou regtig besig om heeltemal uitmekaar te val, grinnik hy in sy binneste. Hy neem gulsig haar koningin.

Ebie is nou 'n koningin en twee pionne af. Maar Leonardo moes meer agterdogtig gewees het oor Ebie se vrygewigheid! En eerder sy tyd geneem het en beter gekyk het …

---

# HOOFSTUK 41

## Die Kampioene! Prysuitdeling.

Ebie tel haar enigste oorblywende kasteel op en begin hom stadig na Leonardo se agterlyn beweeg. Leonardo kyk met afgryse toe hy besef wat kom. Maar te laat besef hy sy fout…

Ebie plaas haar kasteel op Leonardo se agterlyn. SKAAKMAT!

Leonardo lyk verdwaas. Hy kyk eers weer na die posisie op die bord terwyl hy die laaste paar skuiwe in sy kop rondmaal – hy kan dit nog nie regtig glo nie.

Leonardo troos homself dat as hy nie haar koningin gevat het nie, en eerder gekeer het vir die agterlynmat, dan sou hy in elk geval sy eie koningin, en die spel, verloor het. Hy steek sy poot stadig uit na Ebie. “Geluk, Ebie, dit was briljant,” sê hy.

Terwyl hy wegstap mompel hy vir sy spanmaats. “Sy’s regtig goed hoor, speel soos 'n verkleurmannetjie!”

Met die oog op die prys vir die briljantste kombinasie van skuiwe, het die beoordelaars die spel met belangstelling dopgehou.

Dit was Ebie se beste spel ooit! En die Eekies is die nuwe kampioene!

Die Eekiespan vorm 'n kring en wens mekaar geluk. Hulle herinner mekaar: 'n paar maande gelede het ons nie eers geweet van skaak nie, en vandag is ons die Land van Diere se skoleskaakkampioenspan!

“En ons wiskundepunte is ook op pad noord, sommige s’n meer as ander!” lag Gapie, met sy nuutgevonde selfvertroue; en dis duidelik dat homself inreken by laasgenoemde kategorie!

Gapie sien Ebie se vraende uitdrukking en voeg by; “dis mos hoe die Engelse praat mejuffrou Ebie... noord is op pad boontoe, man – opper en opper!”

Mevrou Kameelperd gaan staan voor in die saal en maak gereed vir die prysuitdeling en haar afsluitingstoespraak.

Voor haar neem al die spanne, families en gaste hul plekke in. Selfs oom Vee is bo in die vensterbank. Hierdie keer, anders as aan die begin van die toenooi, is Gapie die eerste van al die spelers om sy plek in te neem.

Gapie sit met 'n glimlag so breed soos 'n bus en 'n waardige uitdrukking op sy gesig terwyl hy stadig sy oë oor die toeskouers laat gaan. En wanneer hy 'n bekende sien, behou hy oogkontak vir net 'n oomblikkie langer en knik sy kop stadig in erkentlikheid.

Gapie se spanmaats dink almal daar lyk net iets anders aan Gapie, maar hulle kan nie mooi uitmaak wat dit is nie.

Eintlik weet niemand dat oom Vee ook daar is nie, behalwe Elkie, Ebie en mevrou Kameelperd – want ná die verhoor is sy ingelig dat oom Vee in die geheim die spelle uit die vensterbank dophou.

Oom Vee kyk oor die saal en is verstom om so baie van sy verkleurmannetjiefamilie daar te sien. Selfs Fyfie, sy susterskind wat so kwaad was vir hom! Wat maak hulle hier? *Die verkleurmannetjies het mos opgehou om na die toernooie te kom, na my kamstige skande*, dink hy angstig. *Hulle moet my net nie hier sien nie, hulle sal my iets aandoen!*

Oom Vee weet nog nie van die herverhoor nie en natuurlik nie van die afloop daarvan nie. En wat hy ook nie weet nie, is dat mevrou Kameelperd, na die verhoor, 'n paar persoonlike oproepe na gesiene lede van die verkleurmannetjiefamilie gemaak het.

Mevrou Kameelperd het onder andere die burgemeester van Verkleurmannetjiedorp en ander vername lede van die dorpsraad gebel. Sy het hulle uitgenooi na die prysuitdeling ‘waar 'n groot verrassing op die verkleurmannetjies wag’, het sy gesê. “Al die verkleurmannetjies, kom asseblief!” het sy mooi gevra.

En dis juis wat die verkleurmannetjies gedoen het.

Mevrou Kameelperd begin met haar toespraak. Sy doen 'n paar bedankings en begin dan met die prysoorhandigings.

Die derde prys gaan aan die Miskruierspan en die tweede prys aan die Leeus. Hulle ontvang onderskeidelik hulle brons en silwer medaljes onder luide toejuiging.

“In die eerste plek, na 'n verstommende vertoning, is die nuwe kampioene ... die Eekiespan!” sê mevrou Kameelperd opgewonde.

Juffrou Anna, Elkie, Soekie, Ebie en Gapie – die instaan eerstespanspeler – kom onder luide toejuiging vorentoe.

“Dis die eerste keer dat 'n nuwelingspan die titel wen – baie geluk, en wel gedaan, Eekiespan!” sê mevrou Kameelperd terwyl sy die goue medaljes om hul nekke hang.

Toe Gapie vooroor leun sodat mevrou Kameelperd sy medalje om sy nek kan hang, is dit nie nodig dat hy moet keer dat sy bril nie afval nie. Gapie het 'n splinternuwe stylvolle bril wat net reg pas – te danke aan dokter Arend, wat glad nie gehou het van Gapie se vorige bril nie!

“O, dis hoekom hy anders gelyk het,” sê Ebie vir haar spanmaats terwyl sy goedkeurend glimlag en Gapie se nuwe bril bewonder.

Toe Gapie stadig orent kom met almal se oë op hom, is daar 'n blink in sy oë en 'n traan wat langs sy wang afbiggel. Dis van vreugde op vreugde. Gapie is dolgelukkig!

Terwyl hulle terugkeer na hul sitplekke, kyk Elkie en Ebie skuinsweg op na die vensterbank. Hulle dink albei daaraan dat oom Vee nog geen idee het wat aan’t kom is nie!

## HOOFSTUK 42
## Die Prysuitdeling (vervolg).

Die applous vir die Eekies hou sommer 'n hele rukkie aan, selfs nadat hulle weer hul sitplekke ingeneem het.

“Daar is nog 'n paar sakies wat ons moet afhandel,” sê mevrou Kameelperd. “Die eerste is die aankondiging van die 'Briljantheidsprys'. In haar spel op Bord 3 teen die Leeuspan, het hierdie speler 'n verstommende kombinasie van taktieke uitgevoer. Dit is deur die beoordelaars beoordeel as die

‘briljantste’ opeenvolging van skuiwe in die toernooi. 'n Geforseerde skaakmat in vier skuiwe!

Dames en here, dierewyfies en -mannetjies, die wenner van die Briljantheidsprys is die briljante mejuffrou Ebie Eekhoring!”

Ebie stap opgewonde vorentoe met 'n glimlag so breed soos 'n garagedeur! Sy is grasieus in die ontvangs van haar prys terwyl die gehoor haar luidkeels toejuig met ‘oe-la-la’. Ebie maak haar prys oop ... dis 'n splinternuwe skaakhorlosie!

Elkie is só trots op sy briljante suster! Sy was skaars 'n paar dae terug nog in lewensgevaar, nou wen sy die Briljantheidsprys! Hy is darem verlig dat sy nie vinnig 'n rympie uitdink en voor die uitgesoekte gehoor opsê of, nog erger, sing nie!

Mevrou Kameelperd vervolg: “Die volgende is die toekenning vir die ‘Speler van die toernooi’. Hierdie prys gaan aan die enigste onoorwonne speler van die toernooi – met 4 wenne en 1 gelykop uit sy 5 spelle … Bord 1 en kaptein van die Eekiespan, Elkie Eekhoring!”

Terwyl Elkie weer vorentoe stap en die gehoor uitbundig fluit en hande en pote klap, sê mevrou Kameelperd: “Ek wonder darem wie hierdie Eekies afgerig het? Seker 'n skaakgrootmeester,” grap sy, sonder om te besef dat sy die spyker reg op die kop slaan!

Elkie stap vorentoe. “Baie geluk, Elkie Eekhoring!” sê mevrou Kameelperd en oorhandig sy prys.

Die applous is oorverdowend en Elkie loer weer vinnig in oom Vee se rigting. Hy kan nie help om te lag toe hy sien wat oom Vee aanvang nie …

Oom Vee spring op en af en klap sy pootjies opgewonde. Hy doen net daar in die vensterbank 'n bollemakiesie, glad nie wat jy van 'n waardige ou verkleurmannetjie-omie sou verwag nie!

Met al oom Vee se manewales en die opwinding van die oomblik, maak Elkie nie dadelik sy prys oop nie. Hy hou dit darem styf onder sy arm vas.

Dan sê mevrou Kameelperd: “Dierewyfies en -mannetjies, dit is met spyt aan die een kant, maar tog ook met groot verligting aan die ander kant, dat ek 'n spesiale skaakaankondiging wil maak.”

“Eers die slegte nuus: 'n paar jaar gelede is 'n groot onreg in skaakgeledere begaan. Die Land van Diere se skaakkampioen in daardie stadium is aangekla en skuldig bevind aan ernstige ongerymdhede tydens die kampioenskap in 2018. Maar op 'n spesiale vergadering van die Skaakkomitee, wat gister gehou is, is klinkklare bewys gelewer en is daar bevind dat alle beskuldigings teen hom opgemaak en vals was. En vandag word hierdie onreg reggestel!”

“Hiermee dan word oom Vee Verkleurmannetjie se naam ten volle in ere herstel. Die algehele verbod op hom om betrokke te wees by enige skaakaktiwiteite – insluitend deelname aan toernooie en selfs enige betrokkenheid by die afrigting van skaak – word onmiddellik opgehef!”

Ebie steek Elkie met 'n skerp vingertjie in die ribbes en fluister: “Ek dink nou eers daaraan – dis seker hoekom hy ons nie die webadres kon gee nie … hy was ook verbied om enigsins by afrigting van skaak betrokke te wees!”

“Ja, sowaar, nooit daaraan gedink nie!” fluister Elkie terug. “Net sowel mevrou Kameelperd weet steeds nie van ons geheime lesse nie, nè!”

Mevrou Kameelperd gaan voort: “Die trofee sal op 'n gepaste geleentheid aan hom, die waardige en regmatige kampioen, oorhandig word. Geluk aan die Skaaktowenaar! Gee hom 'n welverdiende applous – daar is hy in die boonste vensterbank!” sê

mevrou Kameelperd en wys met 'n swaai van haar nek in die rigting van oom Vee.”

Die hele gehoor kyk op na die vensterbank daar bo en is verras om die nuus te hoor. Almal in die gehoor is in hul noppies om met hul eie oë 'n regte egte celeb in lewende lywe te sien! “Die Skaakkampioen van die Land van Diere!” roep iemand uit. “Jy bedoel die driemalige Skaakkampioen van die Land van Diere!” roep iemand anders uit.

Elkie roep ook luidkeels uit: “Die Skaaktowenaar van Grootbos!” 'n Dawerende applous breek los.

Oom Vee het nie van dit alles geweet nie, en natúúrlik ook nie geweet wat sou kom nie. Hy verwerk moeilik al die aandag en bewondering. Hy is só verlig, maar ook heeltemal te oorstelp.

Eindelik, op aandrang van die gehoor, kom oom Vee stadig al langs die muur afgestap, statig soos dit 'n trapsuutjie betaam! Die gehoor klap stadig maar geesdriftg hande, sodat elke klap saamval met 'n stap wat oom Vee gee!

Mevrou Kameelperd sluit haar toespraak af: “Ek vertrou dan ook dat die Verkleurmannetjiefamilie sal weet dat hulle met ope arms terug by ons skaakaktiwiteite verwelkom word!”

Die applous vir die verkleurmannetjies is nou oorverdowend en kom van alle kante af. Die Leeus brul, die Olifante trompetter, die Bobbejane blaf, die Hiënas lag, die Luiperde grom, die Verkleurmannetjies tjirp en al die diere maak soos hulle gewoonlik maak! Dis een gróót lawaai!

Oom Vee se familie, wat hy jare laas gesien, het kom nader. Hulle groet en omhels hom hartlik. Fyfie het iets om te sê...

# HOOFSTUK 43

## Terug by die nessie. Die Webadres!

Fyfie vra oom Vee vreeslik om verskoning omdat hulle hom destyds nie geglo het nie.

Elkie sien Fyfie wat met oom Vee gesels en hy stap nader. “Oom Vee,” sê Elkie, “onthou Oom van die loesing wat ek en Ebie by ‘daardie verkleurmannetjiewyfie’ gekry het?”

“Ja, natuurlik, omdat julle nie rokeer het nie!”

“Dit was sý, Oom!” lag Elkie en wys met sy vingertjie gemaak-beskuldigend na Fyfie. Fyfie lag saam en lyk nie bietjie trots dat sy 'n deel het in die sukses van die kampioenspan!

Juffrou Anna stap ook oor na oom Vee. Sy vra: “Oom Vee, een dag by die skool het ek 'n oproep ontvang van iemand wat my 'n webadres gegee het om te help met skaaklesse. En hy het nie eers sy naam gegee nie! Was dit miskien jy?”

Oom Vee is ietwat verbaas met die direkte vraag en laat sak sy kop skamerig terwyl hy instemmend knik. Vir 'n paar oomblikke kan juffrou Anna nie 'n woord uitkry nie, maar dan borrel dit uit: “Baie, baie dankie vir daardie telefoonoproep en webadres, oom Vee! Dit het my uit 'n groot verleentheid gered – en ons op die ou end ook gehelp om die toernooi te wen! En ek is só bly jou naam word in ere herstel!”

Mevrou Kameelperd stap ook oor en sê: “Oom Vee, ek is so bly om jou weer te sien na die onaangename omstandighede 'n paar jaar gelede.” Sy vertel hom alles van die herverhoor en die dramatiese oomblikke toe Elkie die klinkklare bewyse van sy onskuld gelewer het.

Oom Vee is verstom om vir die eerste keer van die eekies se ondersoek te hoor – eintlik het hy geweet hulle was van plan om

die selfoon te ondersoek, maar hy het nooit weer iets verder daarvan gehoor nie. Hy is kan skaars sy ore glo, knik net sy kop half verleë.

Oom Vee is steeds oorweldig met die skielike ommeswaai in gebeure en al die aandag en bewondering wat hy kry. Hy staan nader aan Elkie en Ebie. Hy het 'n groot knop in sy keel. Hy sê niks nie – hy kan nie – en gee hulle elkeen 'n ferm drukkie. Die eekies sê hartlik: “Oom Vee, die dankie is op jou!”

Oom Vee glimlag skewerig en sê: “Ek sou julle graag iets meer wou gee, maar hierdie is al wat ek het – dis vir julle.” Dis al wat oom Vee kan uitkry, terwyl hy 'n klein stukkie gefrommelde papier in Elkie se pootjie druk. “Julle kan vanaand by die huis daarna kyk,” sê hy.

Dan draai oom Vee stadig om en begin wegstap. “Dankie, oom Vee!” roep Elkie agterna. Hy druk die stukkie papier solank in sy notasieboekie.

Te midde van al die opwinding rondom hom raak Elkie se gedagtes vir 'n oomblik stil. Hy kyk oom Vee agterna en dink aan die tyd toe hulle gewens het hulle kon iets vir hom doen. Daar is 'n traan in sy oog en blydskap in sy hart, en hy glimlag tevrede.

Daardie aand, na alles, toe die eekies by die huis aankom, is hulle moeg en tog baie verlig en bly. Pa en Ma, wat natuurlik ook by die toernooi en prysuitdeling was, deel in die vreugde, en gaan baie tevrede inkruip vir die nag.

Na al die baie gewoel en gewerskaf en gebeure die afgelope paar dae is Elkie en Ebie skielik alleen in hul blyplekkie in die boomhuisie. Maar die opwinding is nog nie heeltemal verby nie!

Ebie kyk na die die prys wat Elkie steeds styf onder sy arm vashou, en sê: “Maak bietjie oop dat ons kan sien wat daar aangaan!” Elkie begin om die verpakking af te haal en maak die boks oop.

Die eekies kan hul oë nie glo nie – dis 'n marmerskaakstel! Hulle pak die bord uit en bewonder dit woordeloos.

Ebie sê skielik opgewonde: “Kom ons speel gou 'n spel op ons nuwe bord!” “Óns bord?” vra Elkie gemaak-verontwaardig, maar darem met 'n glimlag. Hy sê: “Die stel is bedoel vir die kampioenspeler, nè!”

“Jy kan nie teen jouself speel nie,” sê Ebie vinnig. “Ja, oukei,” sê Elkie.

Ebie plak haar nuwe skaakhorlosie langs die bord neer. “Óns horlosie,” sê Elkie! “Hmmm,” antwoord Ebie.

Ebie druk die knoppie sodat Elkie se tyd begin loop. “Skuif,” sê sy, “en kyk of jy jou briljante sussie kan klop!”

Moeg of te nie, hulle is gou-gou diep in gedagte. Konsentrasie, konsentrasie! Hulle speel immers met 'n marmerstel!

Elkie wen! Ebie is wel briljant, maar Elkie wys lewenswysheid kan ook nie kwaad doen nie! En hy's darem ook nie verniet die kampioen nie!

“Geluk!” sê Ebie sonder 'n sweempie van afguns. “En wat is op daardie stukkie papier wat oom Vee ons gegee het?” vra sy.

“O gaats,” sê Elkie. “Ek was so opgewonde dat ek amper daarvan ook vergeet het!” “Nie amper nie, jy hét vergeet!” kap Ebie.

Elkie kyk in sy notasieboekie en vou die gefrommelde stukkie papier oop. Hy sien oom Vee se gekrabbelde handskrif. Dis 'n webadres! Die eekies kyk na mekaar; hulle bars uitbundig uit van die lag en gee mekaar opgewonde 'n hoogvier!

Ebie waai die papiertjie vrolik rond in die lug bo haar kop, soos 'n woer-woer, terwyl die eekies saam 'n rondomtalie dans – en tegelykertyd uitroep: “HET HOM! DIE ADRES!

“Dis www.skaakmat.co.za!”

## EPILOOG

Daardie nag, knus in hul nessie, sluimer twee eekies onbesorgd en dolgelukkig in – rustig oppad droomland toe. In 'n ander boom, nie ver daarvandaan, in die Grootbos langsaan, glimlag 'n wyse ou verkleurmannetjie by homself – weltevrede en dankbaar vir sy nuwe maats. Maats wat sy eensame dae kom ophelder het.

Die skaaktoernooi is wel verby, maar vir Oom Vee en Elkie
en Ebie is dit maar net die begin van nuwe lewensskuiwe op die
horison. En die opwindende skaakavonture wat wag in
Die Land van Diere.

Hierdie storie is vertaal in Engels as "The Chess Wizard of Big Bush" en beskikbaar in beide harde en e-formaat op die bogenoemde webwerf (www.skaakmat.co.za) asook op Amazon.com.